

TAAALGENOOT

TAAALGENOOT IS DEUR DIE SA PUBLIKASIEFORUM AS DIE BESTE KORPORATIEWE PUBLIKASIE VIR 2019 AANGEWYS.



ATKV
HERFS 2020

R40 (BTW ingesluit)



9 789500 945486

SEEFront SOLDERS

Met die see amper
rondom jou en die
Kaapse-seelug bokant
jou is ontspanning jou
voorland met Seefront
Solders.



RIVIEROEWER EENHEID

Ons almal hou van 'n
huisie by die see.
Hartenbos spog nou met
spik-splinternuwe
eenhede.



KONFERENSIES

Met 'n verskeidenheid
konferensie-fasiliteite,
top-gehalte diens en
spyseniering uit die
boonste rakke is
ATKV-Hartenbos die
perfekte keuse vir jou
besigheid se volgende
vergadering, spanbou
of konferensie.

KOSWERF

Kom kuier by die
lekkerste kroeg en
restaurant in
Hartenbos en
ervaar egte
Hartenbos-hartlikheid.



T: 044 601 7200

E: hartenbos@atkv.org.za



BELANGRIKE KENNISGEWING!

Om die natuur 'n bietjie 'n blaaskans te gee, sal *Taalgenoot* Winter 2020 (Junie) voortaan ook digitaal op die ATKV se webwerf beskikbaar wees.

Gedurende April 2020 sal jy 'n e-pos en/of SMS ontvang waarop jy moet aandui indien jy verkies om die gedrukte weergawe van *Taalgenoot* te ontvang.

Indien jy nie reageer op die SMS of e-pos nie, sal die ATKV aanvaar dat jy *Taalgenoot* elektronies wil lees.

– ATKV-Kliëntediens

Hou asseblief jou SMS'e en e-posse dop!

INHOUD

7	REDAKTEURSBRIEF Lekker lewe op die Goudstad-afgrond	60	EENSAAMHEID Alleenpad na nêrens
8	STANDPUNT ATKV 90: Kom reis saam	64	KLIPKALENDER Kaapsehoop se geheime
9	MARITA VAN DER VYVER ‘Kindertyd se geluk’ op my GPS	68	PONTE-TORING Toring van ’n toekoms
10	SOPHIA KAPP Singende engel horende doof	76	TRONKREHABILITASIE Agter tralies transformasie
11	RUHAN JANSE VAN VUUREN Soeke na ‘Alternatief A’	80	FEESTE OnseFees 2019
15	TAALGENOOT-GEDIG Winternag	82	JEUGPROJEKTE ’n Toets vir spangees en geldvernuf
16	PEN AFRIKAANS Valda Jansen	85	OORDE Meer wolhaar as skub
18	NALN Die goed en sleg van grond en teer	88	SEKSVOORLIGTING Seks, leuens en selfies – wat kinders moet weet
20	CHARL-PIERRE NAUDÉ Die vreemdheid van toewyding	92	TAKKE Droomwerk word doenwerk
24	AFRICA MELANE Teater vir Africa!	96	BOOK DASH ’n Tsoenami plesier én kennis
26	FLIEKFUNDI Trek die springmielies nader	98	BETER AFRIKAANS Speel-speel ’n taalghoeroe
28	BAREND LA GRANGE Kla is vir verloorders	100	ATKV Die nederige geboorte van ’n kultuurreus
30	PETROLKOPPE Geen ‘judgement’ wanneer jou ‘gusheshe’ sing	104	VVA Speel-speel word wiskunde maklik
34	CAS WEPENER Die weg tot vernuwing	108	ONS KOM VAN VÊR Die woorde van sáám hoort
36	TAALSOSIOLOGIE Woordbewus in ’n tyd van krisis, kitsnuus en klikaas	111	WOORDPRET Blokraai
40	VOORBLAD ’n Waarlik vry man	112	KOOS KOMBUIS Die ondier van trauma
48	VERHUISING NA DIE PLATTELAND Daar’s vredigheid op my stoep	113	MALIXOLE GWATYU ‘Zwelihle’ – pragtige plek
52	GENDER Meer kleure as die reënboog	114	FOURIE ROSSOUW Skerper as rissies
56	TREINE Express na gister		

11



40



68



76




80



96



104





**Ons sien die geheelbeeld,
jy geniet die voordeel.**

**Jou persoonlike behoeftes is ons eerste prioriteit,
sodat versekering die laaste ding is waarom jy jou
hoef te bekommer.**

Vir meer inligting, skakel 0861 774 665, e-pos CCCentral@psg.co.za of besoek www.psg.co.za om 'n adviseur naby jou te vind.

LEKKER LEWE OP DIE GOUDSTAD-AFGROND

"Stadsliggies en stofstrate." Dis 'n lekker tema.

Ek het grootgeword op die platteland. Wel, op 'n myndorpie op die platteland. Toe ek 'n tjokkertjie was, was die platteland fantasties. Sorgloos en vry.

As 'n tiener was dit frustrerend.

Minder meisies om te vry; meer ouens wat jou wil donner oor iemand onsin agter jou rug gepraat het. Maar dan weer, daar was so min om te doen (behalwe vir sokkie en rugby) dat jy die ouens dit seker nie kan verkwalik nie. En hoe kleiner die dam, hoe groter die stryd om die grootste vis te wees. "n Bietjie vreemd" op die platteland maak van jou 'n buitestander, en dalk selfs 'n bedreiging vir die status quo.

Ná skool het my ouers Bloemfontein toe verhuis. Die stad. Of só het ek gedink. Eerder 'n groot dorp, het ek later agtergekom. Ná 'n kort trippie oorsee het ek Johannesburg my tuiste gemaak. Sodom en Gomorra. Soos ek ouer geword het, het ek die platteland se bekoring opnuut ontdek. Soveel so dat ek drie jaar gelede oor Kersfees amper 'n maand in Loxton in die Karoo deurgebring het.

Jy het tyd. Tyd om te lees. Om te stap. Om te slaap. Jy voel veilig. Die stilte was verbysterend, amper so "erg" dat jy ongemaklik voel. Jy kan omtrent jou bloed hoor vloei. Dit was hemels, maar net as 'n vakansie. My hart lê maar tussen die stadsliggies. Tog is daar opofferings wat jy moet maak, en dit kom teen 'n prys.

Agt jaar. Dis hoe lank ek myself al 'n Gautenger kan noem. Baie Bloemfonteiners het my aanvanklik uitgevra na hoe groot die aanpassing is. "Watter aanpassing?" was my reaksie. Dit was eerder "inpassing", want hier het ek tuis gevoel. In Jozi kan jy met 'n Voortrekkerrok aan uitgaan en niemand gaan jou vreemd aankyk nie. In die middelpunt van hierdie "inpasbaarheid" lê



Melville, waar joernaliste hul sorge ná 'n week in Mediapark se spookgebou met hellfires by Hell's Kitchen kan wegdrink.

Of hul hare gaan laat kap by La Scala. Of rustig 'n koffie by De la Creme drink en kort-kort iemand hoor sê: "Kyk, daar is Lochner de Kock." Of Gérard

Rudolf. Of Richard van der Westhuizen. Almal tuis. Almal gemaklik. Almal deel van Melville. Hierdie is immers 'n plek waar jy geselsies kan aanknoop of 'n grappie maak met mense wat jy as kind op televisie gesien het.

Mettertyd, het ek wel agtergekom, is dinge tóg anders. Vriende (nie vriende van vriende nie) en kollegas het al onder huisaanvallers en gewapende rowers deurgeloop. En kapers. Maar vreemd genoeg, of só lyk dit, gaan hulle ná 'n bietjie berading aan of niks gebeur het nie. Of hulle besef: This comes with the territory.

Ek was nog gelukkig tot dusver, maar dit beteken nie ek parkeer naby 'n geldwa by 'n vulstasie nie. Misdad is sinoniem met Mzansi en veral met Jozi, maar sy inwoners stap op dieselfde voetpaadjie as die monster. Soms kry hulle kans om pad te gee; soms val hulle van die krans af. En klim dan net weer terug (as hulle gelukkig is).

Op Oujaarsaand in Melville was twee vroue nie so gelukkig nie. 'n Simpel bliksem met 'n pistool in 'n swart SUV het hul nuwe jaar kom steel. Twee uur later het nog iemand met 'n soortgelyke voos brein van die M3-brug skote geskiet op mense op Mary Fitzgerald-plein. 'n Omstander het vertel die partytjiegangers het eenvoudig aanhou dans.

Is dit nie maar wat ons geleer doen het nie? Om aan te hou dans, al klap die skote. Is daar 'n ander keuse? Hier dan, is Taalgenoot se Herfs-uitgawe, al dansende tussen die stof en die stadsliggies.

JOHAN JACK SMITH

REDAKTEUR Johan Jack Smith
PRODUKSIEREDAKTEUR Martie Swart
UITLEGKUNSTENAAR Marelise Scholtz
HOOF: DIGITALE MEDIA Reza Clifford
TAALVERSORGING Marli Swanepoel, Jacques Liebenberg
INTEKENARE Lillian Meyer 011 919 9112 of LillianM@atkv.org.za of Taalgenoot@atkv.org.za
BEMARKING & ADVERTENSIES
Johan Jack Smith: JohanS@atkv.org.za
Reza Clifford: Rezav@atkv.org.za
DRUKKERS Paarl Media Cape
VERSENDING Prosource Technologies (Pty) Ltd

TAALGENOOT

Vir redaksionele of advertensienavrae
Posbus 4586, Randburg 2125
Tel: 011 919 9000 • Faks: 011 919 0208
Vrybelommer: 0800 00 2209
E-pos: JohanS@atkv.org.za
Webwerf: www.atkv.org.za

ATKV-HOOFKANTOOR

Vir adresveranderings of ledenavrae
Posbus 4586, Randburg 2125
Tel: 011 919 9000 • Faks: 011 919 0205
Vrybelommer: 0800 00 2209
E-pos: atkv@atkv.org.za
Webwerf: www.atkv.org.za

LAPA UITGEWERS

Posbus 123, Pretoria 0001
Tel: 012 401 0700 • Faks: 012 401 0734
E-pos: lapa@lapa.co.za

OORDE

Buffelspoort Die Oordbestuurder, Privaatsak X222, Mooiooi 0325. Tel: 014 572 1000 • Faks: 014 572 1010. E-pos: buffelspoort@atkv.org.za

Drakensville Die Oordbestuurder, Posbus 53, Jagersrust 3354. Tel: 036 438 6287 • Faks: 036 438 6524. E-pos: drakensville@atkv.org.za

Eiland Spa Tel: 015 386 8000 • Faks: 015 386 8032
E-pos: eilandspa@atkv.org.za

Goudini Spa Die Oordbestuurder, Posbus 47, Rawsonville 6845. Tel: 023 349 8100 • Faks: 023 344 3158. E-pos: goudini@atkv.org.za

Hartenbos Die Oordbestuurder, Posbus 3, Hartenbos 6520. Tel: 044 601 7200/19/21 • Faks: 044 695 0770
E-pos: hartenbos@atkv.org.za

Klein-Kariba Die Oordbestuurder, Posbus 150, Warmbad 0480. Tel: 014 736 9800 • Faks: 014 736 3457. E-pos: kariba@atkv.org.za

Natalia Die Oordbestuurder, Posbus 11, Winkelspruit 4145. Tel: 031 916 4545/6 • Faks: 031 916 2212. E-pos: natalia@atkv.org.za

Besprekings vir enige van die ATKV-oorde kan ook weksdae vanaf 08:00 tot 17:00 by die sentrale besprekingsnommer op hoofkantoor 011 919 9076 of 011 919 9058 gemaak word



TG word uitgegee deur die ATKV, Posbus 4586, Randburg 2125. Die menings uitgespreek in TG weerspieël nie noodwendig die amptelike standpunt van die ATKV nie. Geen deel van die inhoud mag sonder die toestemming van die redakteur elders gebruik word nie. Alle medewerkers, fotografe en kunstenaars doen afstand van hul outeursreg sodra 'n bydrae in TG gepubliseer is. TG neem nie aanspreeklikheid vir die taalkorrektheid of voorkure van die taal van adverteerders of advertensies nie. Die menings en standpunte uitgespreek deur lesers, skrywers en kunstenaars in TG is nie noodwendig die standpunt van die ATKV nie.

ATKV 90: KOM REIS SAAM

So spoed 2020 voort en watter groot jaar is dit nie vir die ATKV nie. Om 90 kersies dood te blaas is beslis nie almal beskore nie.

Daarom nooi ons jou om vanjaar saam te reis – en te leer uit gister, te leef vir vandag en te hoop vir môre.

Die reis het begin met ontheemde boere wat 'n weg moes baan in 'n nuwe omgewing. Dit het nie daar gebly nie, want die elektriese lig het nie ontstaan uit die volgehoue verbetering van die kers nie. Die plaas se stof is verruil vir die stofstrate van stasiedorpe. Dorpe het stede geword met straatligte in oorvloed. Spore diep getrap in yster, grond, teaters en oorde. Die ATKV het hierdie reis moontlik gemaak.

Die innerlike reis was eweneens monumentaal: die erkenning van Afrikaans se diverse oorsprong; unieke tongvalle is onherroeplik met die ATKV se DNS vervleg. Die vereniging het in sy wese die vermoë ontwikkel om te kan verander. Die toekoms-moontlikhede is derhalwe onbeperk. Seker van 'n verlede se kennis, wysheid en insig en die toekoms se onbevange kreatiwiteit pak ons die reis aan.

Kliëntediens is een van die lewensare van 'n suksesvolle onderneming. Ons is opgewonde oor die innovasie wat ons platforms betref, want dit sal verseker die ATKV kan steeds in die behoeftes van sy lede voorsien.

Gevestigde projekte se aanbod word jaarliks herbesoek en aangepas, en vanjaar is geen uitsondering nie. Ons verwelkom ook twee nuwe projekte, ATKV-Spanredenaars en -Entrepreneurs.

Vir die ATKV is AbbAsorg meer as net 'n program van sosiaal-maatskaplike verantwoordelikheid, want die toekoms van die kinders van ons land lê ons na aan die hart. Die bemagtiging van AbbAsorg-personeel en die vestiging van 'n trust om die program verder uit te bou, is dus 'n prioriteit.

Mason Cooley het een keer gesê: “Lees gee vir ons 'n



“SEKER VAN 'N VERLEDE SE
KENNIS, WYSHEID EN INSIG
EN DIE TOEKOMS SE
ONBEVANGE KREATIWITEIT
PAK ONS DIE REIS AAN.”

plek om heen te gaan, wanneer ons moet bly waar ons is.”

Daarom het ons besluit dat ons in dié feesjaar veral op lees gaan fokus.

ATKV-takke woeker reeds om projekte aan te pak wat die waarde van lees onderstreep.

En so gepraat van boeke en lees, indien jy die media dopgehou het, sou jy gesien het die

ATKV het LAPA Uitgewers aan Penguin Random House verkoop. Hierdie transaksie is op streng kommersiële beginsels gebou en ontsluit potensiaal vir ATKV én LAPA. Ons wens LAPA alle sukses toe by hulle nuwe tuiste.

Soos met enige reis is daar ook tye wat 'n mens afskeid moet neem. Dr. Danny Titus (foto regs) tree Mei 2020 af. Hy is 'n gewaardeerde kollega en vriend. Sy menswees het vir die ATKV baie beteken. Hy is 'n gerekende skrywer, kommentator en menseregte-kenner en het diep spore getrap in periodes van verandering, in Suid-Afrika en by die ATKV.

Danny se leierskap, integriteit en empatie sal my altyd bybly. Danny, ek hoop van harte dat die aftrede vir jou 'n geseënde tyd sal wees.

Negentig jaar gelede het Sybie van die Spuy en nog 11 ander dapper individue besluit om 'n reis te onderneem.

Ons is dankbaar dat ons die geleentheid het om hierdie reis voort te sit. Die gesegde lui mos “Hoe meer siele, hoe meer vreugde”.

Kom reis dus saam: per trein, per pad, per lug ... met jou hele hart. ♡

SONÉL BRITS
BESTURENDE DIREKTEUR VAN DIE ATKV-MSW



‘KINDERTYD SE GELUK’ OP MY GPS

DEUR MARITA VAN DER VYVER

As jy in ’n plattelandse dorpie grootgeword het, onthou jy dalk ook stofstrate en grondpaaie en bure wat oor jou skinder omdat jy “anders” is. Of, soos Lou Reed in “Small Town” sing, die enigste goeie ding van grootword in ’n dorpie is jy weet jy wil eendag weggaan. Maar wat van die derduisende Afrikaanse kinders wat die laaste paar dekades in die nuwe voorstede van die land grootgeword het? Al ons *boys* (en *girls*) van die *suburbs*.

Ek was in my grootwordjare deel van hierdie verwarde spesie, halfplaasjapie en halfstedeling; nooit seker waar jy nou eintlik hoort nie. My voorstede was weliswaar nie in dieselfde kategorie as dié in Anton Goosen se “Boy van die suburbs” nie, maar nogtans. In die woord “suburb” is daar “sub”, wat beteken dis nie heeltemal so goed nie, soos in sub-standaard. Jy het nie die vryheid van die plaaslewe óf die opwinding van die stadslewe geken nie.

Tog was ek gelukkig genoeg om ’n paar jaar lank ’n soort plattelandse idille te beleef in die heel eerste *suburb* wat ek onthou. In die jare 60, toe my gesin soos wafferse pioniers na die wildernis van Welgemoed getrek het, was dit nie die deftige woonbuurt wat dit vandag is nie. Daar was min huise en baie veld, grondpaaie teen die bult op, damme waar kinders kon kattekwaad aanvang en ’n soort plaasskooltjie met twee klaskamers vir vier klasse, sub A tot st. 2. Aanvanklik het ons nie eens ’n uniform gehad nie. Ons het kaalvoet skoolgegaan en in gewone klere, wat ons heeldag gedra het en wat teen sonsondergang vuil gespeel was.

In die vyf jaar wat ons daar gewoon het, het die idille voor ons oë begin vervaag. Die ouers van die dosyn óf wat kinders in die skooltjie het ’n uniform gekies: ’n maroen baadjie met ’n bleshoendertjie op die sakwapen, ’n pet vir die seuns en ’n klipharde strooihoed vir die meisies; selfs ’n leuse wat ek lankal vergeet het. Die veld het verdwyn om plek te maak vir al hoe groter en duurder huise, die stofstrate is geteer, tuine is aangelê en die gedreun van grasmaasjiene het naweke se klankbaan geword.

’n Halwe eeu nadat ek deel was van die pionierskolonie wat Welgemoed “getem” het, het die voorstad so ontwikkel dat ek niks behalwe die gholfbaan herken nie. Toe ek ’n paar jaar gelede my Franse kinders my grootwordhuis in Van de Graaffstraat wou gaan wys, het ek hopeloos verdwaal. Toe ek onlangs onverwags weer in die omgewing beland, dié keer met GPS in die kar, het ek uiteindelik die huis opgespoor.

Dis altyd ’n waagstuk om ’n huis te soek waar jy as kind gelukkig was. Die kans is groot dit gaan heeltemal anders lyk, veral in ’n voorstad wat onherkenbaar verander het. Dis nou indien jy enigsens nog die huis sal kan sien, want deesdae word die meeste voorstedelike huise agter hoë heinings en elektriese hekke weggesteek. Maar die huis van my kinderjare lyk sowaar nog nes ons dit agtergelaat het.

Daar is inderdaad ’n hoë heining om die tuin, maar toe ek deur ’n gleuf tussen die heining en die hek loer, voel dit of ek in ’n tydmasjien geklim het. Langs die oop voordeur staan ’n kind se driewielfietsie, nes toe ons nog daar gewoon en ek gereeld op my boetie se driewiel teen die grasperkbult afgejaag het. En voor die groot sitkamervenster sien ek weer vir Ma in ’n sonkol sit, besig om deur die Sondagkoerant te blaai en skelm ’n sigaret te rook, want Ouma en Oupa was nie veronderstel om te weet sy rook nie. Maar die wilgerboom voor in die tuin wat vir my die lekkerste klimbom op aarde was, is lankal vervang deur palmbome waarin g’n kind ooit sal kan speel nie. En die hoogte van die palmbome het my laat besef hoe oud ek geword het.

Ek het lank na my gewese slaapkamervenster staan en staar, so deur die hek se gleuf, en gewonder of ek die mense durf vra of ek mag binnekom.

Ek het toe nie. Dit het soos ’n geskenk gevoel dat die buitekant so min verander het en dit was genoeg om voor dankbaar te wees. Ek sal die binnekant eerder onthou soos dit was, lank, lank gelede, toe ek gelukkig was in daardie huis. ♡

SINGENDE ENGEL HORENDE DOOF

DEUR SOPHIA KAPP

Hulle was arm. In die Bos beland, op Karatara, deel van die destydse regering se oplossing vir die “armblankevraagstuk”. Hul ellende was deels te wyte aan omstandighede – kleinboerdery het nie meer ’n bestaan gebied nie, en hulle was ook nie opgelei vir enige ander werk nie – en deels aan hul eie besluit: Dit het hulle nou gehad van wegloup. Om te gaan trou.

Sien, hulle moes nie so arm gewees het nie. Hy was die erfgenaam van ’n vooruitstrewende plaas in die Breederiviervallei, ’n afstammeling van vooraanstaande boere, sy een oupa selfs ’n afgevaardigde na die Kaapse sinode. Belangrike mense.

Afrikaner-adel. Maar sy was die buite-egtelike kleindogter van die bywoner. En 15.

Natuurlik sou dit skeuring veroorsaak. En natuurlik sou hulle loop met net die klere aan hul lyf.

Hulle het probeer, eers op Scherpenheuvel en later op Volmoed in die Klein-Karoo, maar dit het nie gewerk nie, en hulle is op ’n donkiekar aangery na die nedersetting buite Knysna om te gaan hout kap. Hulle het ’n “vraagstuk” geword.

Ek weet nie veel van dié tyd nie. My oupa, hul oudste oorlewende kind, wou nooit daaroor praat nie. Soms sou hy ’n brokkie inligting laat val, soos ’n broodkrummel, waaruit ’n mens kon aflei wat dit hulle gekos het. Uit hierdie skamele, meestal onwillekeurige opmerkings het ek geleer armoede gaan in die eerste plek nie oor die goed wat jy nie het nie, dit gaan oor die menswaardigheid wat jy nie het nie. Dit gaan oor die stryd om mens te bly as daar nie genoeg kos is nie, as kinders voor jou oë doodgaan, as die bure kos het en jy nie.

Daar was uiteindelik versoening met die familie in die Breederiviervallei, maar dit was eintlik al te laat. My oupagrootjie is op 45 oorlede en my oumagrootjie was nie op die erfplasing geregtig nie. Nie sy nie en ook nie haar kinders nie. Buite-egtelik en bywoner is nie iets wat jy

afskud nie, nie eens ná versoening nie. Al wat sy uit die verbintenis oorgehou het, was haar skoonfamilie se serfjyntjie.

Sal die huidige geslag weet wat ’n serfjyntjie is?

Dis ’n ding uit die geskiedenis – so deel van ’n ouer huishouding soos ’n koolstoof en ’n koos onder die katel – die huisorrel waarop daar saans, met boekevat, voorgespeel is en dalk op ’n Saterdagavond saam met ’n viool en ’n konsertina in die voorhuis musiek gemaak is sodat die jongklomp op ’n stoep bestrooi met meel kan dans.

Die *seraphine* is deur ’n Brit met die naam John Green

ontwerp en het bestaan uit ’n reeks metaalpypies waaroor lug geblaas is. In later modelle is blaasbalkies met voetpedale aangedryf. Ek kan raai daar is ’n skakel tussen die reeks metaalpypies en die sewe basuïne van Openbaring waarmee die serafs die wêreld aan die brand gespeel het.

’n Seraf is volgens die *Woordeboek van die Afrikaanse*

taal die engel met die hoogste rang wat in die teenwoordigheid van God lofliedere sing. In Jesaja 6 word daar vertel die profeet is deur ’n seraf tot profesie opgeroep toe dié sy lippe met ’n gloeiende kool aangeraak het. Die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* sê ons het “serafyn” van Nederlands oorgeërf. Die Nederlanders het dit van Latyn (*seraphim*) gekry wat dit weer van Hebreeus (ook *seraphim*) gekry het. In die Hebreeus is dit afgelei van die werkwoord *saraph*, wat “brand” beteken.

Ek het nooit ons familie se serfjyntjie te sien gekry nie. By my oupagrootjie se dood moes my oumagrootjie haar huis opgee en by haar kinders intrek. Geld vir meubels aanry, was daar nie. Dit wat sy kon verkoop hét sy en die res het sy weggegee. Maar kryger wat sy was, het sy ’n byl gevat, die serfjyntjie in duisend stukke gekap en aan die brand gestee tot dat daar van hom net as oorgebly het. Want oor haar dooie liggaam sal ’n familie-engel oor ’n vreemde mens se huis die wag hou. ♡

“DIT GAAN OOR DIE STRYD
OM MENS TE BLY AS DAAR
NIE GENOEG KOS IS NIE, AS
KINDERS VOOR JOU OË
DOODGAAN, AS DIE BURE
KOS HET EN JY NIE.”

SOEKE NA 'ALTERNATIEF A'



HIERDIE PRETORIASE BEELDHOUER LAAT SY
BEELDE MAANDE LANK IN DIE WIND EN WEER
STAAN OM DIE SAMELEWING SE SIENING VAN
'IDEALE SKOONHEID' UIT TE DAAG ...



PORTRAIT A UIT DIE NEW BREED-REEKS. BRONS MET PATINA OP NAMIBIESE MARMER (565 MM X 420 MM X 260 MM).

Rustige, gepoetste beelde wat iets van 'n innerlike skoonheid moet weergee, sal 'n mens kwalik in Ruhan Janse van Vuuren se ateljee teëkom. Dit is nie heelheid, volmaakte afmetings of fyn afwerking wat hom boei nie. Digitale tegnologie waarmee 'n greep op presisie binne bereik is, span hy weliswaar in, maar net tot die punt waar tradisionele beeldhouetgniek moet “oorneem”.

In sy ateljee in Pretoria staan halfgrootte figure in 'n laer-gehalte polipropileen in stille afwagting van sy aandag – sommige sonder ledemate; by ander het stukke daarvan reeds afgebreek. In die tuin staan portrette geboetseer in swart was lomerig in die son. Dié was moet mettertyd begin smelt, sê die kunstenaar. Die beeld moet sy akkuraatheid verloor. Eers dan begin die kunswerk vorm aanneem.

Soms staan 'n wasbeeld maande lank buite, in wind en weer, voordat dit Ruhan se belangstelling genoeg prikkel om dit eindelijk in brons te giet. Die wasbeeld waarvan *Portrait: A* uit die *New Breed*-reeks gegiet is, het 'n jaar lank in die tuin gestaan – gebars en gebreek.

WANT NIKS IS EWIG NIE

“Waarvan ek wegskram is om die ‘ideale’ man of die ‘ideale’ vrou te verbeeld,” sê Ruhan. “Jy weet, iets wat mooi sal lyk vir die tuin.”

In die plek van “ideale skoonheid” se beeltenis soek hy eerder na die alledaagse, die lelike en die kitsch wat deel word van sy beelde. Dit is nie net 'n geval van die oënskynlik duursame wat as 't ware geminag word nie, maar ook die oënskynlik onbenullige, soos 'n deurstop of 'n stel valstande, wat, gegiet in brons, nuwe betekenis verkry.

Hierdie verkenningsstog het vroeg in Ruhan se loopbaan reeds duidelik geblyk uit 'n reeks beelde wat hy *Sam's Toys* (2002) noem; 'n verwerking van die ou polio-kollektebussies van die 1960's. Dié veselglasbeelde is in die 1980's onttrek om positiewer voorstellings van mense met gebreke te bevorder. Ruhan het verskeie weergawes in brons gegiet en afgewerk van pienk tot verdigris ('n groen patina). Anatomie is immers iets wat vir hom ondergeskik is aan visuele geslaagdheid.

“Kyk nou maar na iemand soos Michelangelo se glad afgewerkte marmerbeelde. ‘Ideaal’ is sy beelde nie,” sê hy. “Sy vroue is niks meer nie as mansfigure met borste. As Michelangelo, wat tog in staat was om 'n vrou [anatomies korrek] te teken, kies om dit nie te doen nie, dan moes hy 'n rede hê vir dié ‘foutiewe’ anatomie.”

Dit dui in 'n mate op Ruhan se wrang humorsin, waarvan daar stewige skeute in sy werk te bespeur is. Dikwels is daar ook iets Kafkaëgtig in sy bisarre en onlogiese samestellings. “Dit is 'n hele klomp idees wat ek

in een werk indruk,” sê hy. En die oorspronklike idee verander mettertyd, net soos die voorstudies in die ateljee en tuin staan en verander. “Ek stroop die beeld van sekere elemente en tegelyk voeg ek ander by. Op dié manier vind ek die kern van die werk – wat teen die einde heeltemal anders is as toe ek die beeld bedink het. Ek veronderstel dit is wat die verloop van tyd doen.”

Dit klop dus dat Ruhan aan sy beelde dink as ’n intieme dagboekhouding van die verloop van tyd. Afgesien van (en soms ondanks) die beeltenis wat hy vasvang, hoe vervorm of verwronge ook, is dit eintlik die verloop van tyd waaraan hy gestalte gee; veral die afloop van tyd. Hoe tyd se tande aan alle lewende wesens knaag en hulle verniel.

Want niks is ewig nie, meen hy. ’n Triomfantlike beeld as monument vir ’n staatsman kantel in ’n oogwink en breek in stukke. Daar is geen waarborg vir ewigheidsbetekenis nie. Net só is niks unieks nie. Daarom slyp Ruhan dikwels nie eens die gietnate weg nie (vergelyk *After Degas* uit die reeks *Deus Ex Machina*). As ’n beeld uit ’n gietvorm kom, wil hy nie die “pretensie van oorspronklikheid” valslik benadruk nie. Dis duidelik die kunstenaar torring aan die kwessie van egtheid in ’n mark waar massavervaardiging floreer.

DIE ONVOLTOOIDE EN ONVOLMAAKTE

Ruhan trek die oog eerder na toevallige, of dan vlugtige skoonheid, en hy stel dit teenoor vervorming (willekeurig én onwillekeurig), verval en toeval – ook gemanipuleerde toeval. Die “afvalstukke” op sy werkbank word deel van die voetstuk van ’n beeld (#020216) en elemente uit vorige werke word deel van ’n nuwe beeld (#820328).

Met dié “Fremdkörper”, wat afvalstukke insluit, maar soms ook met verwysings na van sy vroeëre werk, prikkel hy nie net nuuskierigheid en lok die kyker nader nie, maar hy stuit die kyker ook in sy spore en bewerkstellig ’n mate van ongemak. Dikwels balanseer die figure nie net op een voet nie, maar die inherente spanning in die werk word ook verhoog deur, byvoorbeeld, ’n hele boel bagasie wat bo die kop gehou word (#140328 uit die *New Breed*-reeks).


Soos sy voorgangers in die Renaissance wat met hul (androgene) naakfigure nie noodwendig realisme as oogmerk gehad het nie, noop Ruhan die kyker om eweneens van verwagtings van getrouheid aan die werklikheid af te sien. Hy por ’n mens aan om te herbesin oor jou begrip van realisme én skoonheid. Die onvoltooide, die onvolmaakte en die versugting na ’n alternatief seëvier in sy werk. Dit blyk veral duidelik in *Hiraeth*, sy nuutste uitstalling van bronsbeelde.

“Hiraeth” is ’n Walliese woord wat baie moedertaalsprekers aanvoer nie vertaal kan word nie. Dit kom neer op iets soos heimwee of die verlange na ’n tuis-
►

“EK STROOP DIE BEELD VAN SEKERE ELEMENTE, EN TEGELYK VOEG EK ANDER BY. OP DIÉ MANIER VIND EK DIE KERN VAN DIE WERK – WAT TEEN DIE EINDE HEELTEMAL ANDERS IS AS TOE EK DIE BEELD BEDINK HET. EK VERONDERSTEL DIT IS WAT DIE VERLOOP VAN TYD DOEN.”



#140328 UIT DIE *NEW BREED*-REEKS. BRONS MET PATINA OP NAMIBIESE MARMER (520 MM X 120 MM X 170 MM).



RUHAN JANSE VAN VUUREN
BY TWEE WEERGAWES VAN
SAM'S TOYS.

MEER OOR DIE KUNSTENAAR

Ruhan Janse van Vuuren (39) het kuns aan die Tshwane-Universiteit vir Tegnologie studeer en sonder sy dosente Guy du Toit, Jan van der Merwe en Kevin Roberts uit. Sy spesialisvalde was skilder en beeldhou. Ná sy studiejare het hy as assistent by Dionysus Sculpture Works in Pretoria gaan werk waar hy ervaring opgedoen het in materiaal soos brons, staal, aluminium en graniet. Vier jaar later het hy besluit om op beeldhou te fokus. Sy werk is reeds in talle plaaslike en internasionale versamelings opgeneem.


'n plek, 'n era en bes moontlik 'n persoon. Die Duitsers noem dit "Sehnsucht" en dit word in die sielkunde gebruik as aanduiding van gedagtes en gevoelens oor "onvoltooide" lewenskewessies.

Die klassieke borsbeeld, gewoonlik in marmer en gemonteer op 'n voetstuk, is in die kunsgeskiedenis gereken as getroue portret – nie net van voorkoms nie, maar straks ook van identiteit. Ruhan giet so 'n borsbeeld in brons, met 'n rojale patina en gemonteer op 'n voetstuk van wit Namibiese marmer, maar *Portrait A* uit die *New Breed*-reeks laat niks van 'n herkenbare gelaat of vaste identiteit blyk nie. Trouens, dié gesigsdele ontbreek juis.

Stil is sy beelde, dalk, maar rustig nie. Spanning is daar wel, en bowenal die hunkering na iets anders. ♡

DEUR JOHAN MYBURG
FOTO'S: LANEL DE VILLIERS





WINTERNAG

O kil is ons stadsliggies
en banaal.

En blink bo die skyn-
heilige ou Transvaal,
flou soos anderman se genade
flikker straatligte in weerwil van skade.
En op die hoogste laagtepunt van die rand
versprei in politieke brande,
val ons nasate in by doeane
met wuiwende hande.

Hoe treurig, Eugène, hoe astrologies
bid ons nou met 'n Skype-wit lyn,
wink stadsligte soos kat-ogies,
bekend soos diefwering en dooswyn.
Soos plaasmotte tot die lig aangetrokke
raak ons geblaker, afsydig betrokke,
'n kontinentale geflonker en -fladder
in die oog van die adder.

DEUR CHRISTO VAN DER WESTHUIZEN
ILLUSTRASIE: DAVID GRIESSEL

BOEKE WAT SKRYWERS LAAT SKRYF

DEUR VALDA JANSEN



Afrikaans is my eerste liefde en om in Afrikaans te kan lees, was nog nooit onderhandelbaar nie. Dis soos om diep asem te haal wanneer die lewe moeilik raak – maar dit was van die begin af 'n ambivalente, moeilike verhouding; een waarmee ek vandag nog worstel.

Die een by wie ek leer skryf het, is my broer Julian. Hy is 'n jaar ouer as ek en ons is baie na aan mekaar. Ek wou hom altyd na-aap. Altyd sy skoolboeke gelees, veral die voorgeskrewe boeke. En hy was die een wat eerste gedigte geskryf het. Dit was so mooi en ek wou dit ook doen. Ek onthou veral een gedig, geskryf in sy netjiese handskrif, oor 'n eensame ruiter in die woestyn.

Ma Gladys was jare lank 'n gr. 2-onderwyseres. Die beeld van haar by ons lang eetkamertafel – vol skryfboeke en papiere en kleurige leesboeke – besig met lesvoorbereiding en boeke-oortrek is ook in my geheue geëts. Ons het ruim toegang tot leesboeke gehad en daarmee saam al die politiek inkorrekte stories, soos dié van Sneeuwitjie en Kie. Daar was gelukkig ook ensiklopedieë (die outydse internet) op die boekrak. Dit het ons ook verslind. Ek is steeds baie lief vir feëverhale, maar as volwassene lees 'n mens dit mos maar met 'n knippie sout.

Ek moes saans vir my drie jonger broers stories voorlees,

maar dit was nie 'n taak nie, want ek het dit seker meer as hulle geniet. Ons het ook reikhalsend uitgesien na die uitstappies na 'n boekwinkel, waar my pa vir ons *Tina* en *Bollie* gekoop het. Dan het my ma 'n vrouetydskrif gekoop en my pa sy James Hadley Chase by die winkel vir tweedehandse boeke.

Daardie jare was die biblioteek in die dorp ons nog verbode. Ons het eers in my tienerjare een in ons woongebied gekry, die Suiderstrand-biblioteek. Armsvol boeke was my voorland. Ek kon my geluk nie glo nie! Konsalik, Ena Murray, *Trompie*. André P. Brink, Ettie Bierman, *Keurboslaan*, *Maasdorp*.

Op soek na die perfekte boek

Ek het op skool graag skelm gedigte sit en lees. Sommer die voorgeskrewe gedigte en soms 'n digbundel uit die biblioteek. Vincent Oliphant se *Bloed vloei in stilte* was 'n vonds omdat hy dit gewaag het om persoonlike gedigte te skryf te midde van groot politieke en maatskaplike onrus in die land. Daarteenoor staan Hein Willemse se *Angsland*, wat ek op universiteit sou koop. Enkele van sy verse daaruit het skielik weer in my herinnering gekom terwyl ek aan my debuutroman gewerk het en neerslag gekry in die hoofkarakter. In 1981, die jaar waarin albei bundels verskyn het, is Ronelda Kamfer gebore. Haar

EK WAS WAARSKYNLIK OP 'N SOORT SOEKTOG NA DIE PERFEKTE BOEK, DIE EEN WAARBY EK DIE MEESTE AANKLANK SOU VIND. DALK HET DIT ONBEWUSTELIK TE DOEN GEHAD MET MY BEGEERTE OM DIE MOED TE KRY OM MYSELF AS 'N SKRYWER TE SIEN.

debuutbundel, *Noudat slapende honde*, het rimpelings veroorsaak wat vandag nog uitkring. Dit is wonderlik – en dien as groot aanmoediging – om te sien hoedat sy met elke nuwe bundel as skrywer groei.

Op universiteit het ek dit ook geniet om dramas soos *Kanna hy kô hystoe* en *Siener in die suburbs* te lees; dan kon ek dit beter in my verbeelding “sien”. Net só blaaie ek van kleins af reeds graag deur 'n atlas. Afgeleë plekke met onuitspreekbare name hou 'n groot bekoring in.

In my twintigs het ek skoolgehou en alleen gebly. En vreeslik baie boeke gekoop, meestal Afrikaans. Ek was waarskynlik op 'n soort soektog na die perfekte boek, die een waarby ek die meeste aanklank sou vind. Dalk het dit onbewustelik te doen gehad met my begeerte om die moed te kry om myself as 'n skrywer te sien.

As ek aan daardie jare terugdink, kom 'n paar name van skrywers by my op. Ek sien hulle werk op my boekrak en ek onthou die stilte in my ruimte, die woorde in my hande. *Die rugkant van die bruid* deur Rachelle Greeff staan veral uit. Sy is 'n skrywer wat meer erkenning behoort te kry. Ek lees steeds graag haar boeke, soos die wonderlike roman *Al die windrigtings van my wêreld*.

Nog 'n hoogs onderskatte skrywer is Emma Huismans. Haar kortverhaalbundel *Berigte van weerstand* en die novelle met die wonderlike titel *Requiem op ys* het ek baie geniet. Laasgenoemde is veral spesiaal. Ek kon my met die buitelanderskap vereenselwig; dit was 'n raak beskrywing van die politieke situasie in Suid-Afrika en my eie lewe, asook van die begeerte om daarvan weg te kom, maar dit nie heeltemal reg te kry nie. Ek het altyd gehoop vir nog sulke boeke; nie net deur Huismans nie. Daar was by my 'n groot verwagting dat al hoe meer wit skrywers só sou begin skryf.

Tot vandag toe lees ek daardie boeke weer en weer en is altyd bly as 'n nuwe boek verskyn, andersins herlees ek maar net weer my gunsteling. Dit verplaas my na die tyd toe ek soekende was en in die Afrikaanse letterkunde van destyds

nie gekry het wat ek nodig gehad het nie. Daar het altyd iets ontbreek, selfs in die boeke waarvan ek baie gehou het.

Aansporing om self te skryf

Dit onderstreep weer my ambivalente verhouding met die Afrikaanse letterkunde. Ek het myself altyd deel gevoel daarvan, gevoel ek móet daar behoort. Maar hoe meer ek gelees het, het ek myself juis níe daar gesien nie. Toe het ek maar aangehou met lees totdat ek by die punt gekom dat ek besef het: As ek die boeke wil hê wat ek graag wil lees, sal ek dit self moet skryf. Die verskyning van Catherine Willemse se outobiografie, *Met 'n diepe verlange*, oor haar lewe as 'n afstammeling van slawe in Raithby, was 'n groot aansporing.

Dominique Botha se roman *Valsrivier* het ek gelees terwyl ek besig was met die afronding van *Hy kom met die skoenlappers*. In daardie stadium het ek nog net met die idee gespeel om my eie naam aan die hoofkarakter te gee en met die lees van dié boek het ek gesien, ja, dit kan werk. Al het hulle die name van regte mense wórd hulle karakters op papier. Die “werklike” storie wórd fiksie.

Ek was in daardie tyd ook naarsstiglik op soek na 'n geskikte naam vir die manshoofkarakter. Só stap ek op 'n dag in Canal Walk, doen 'n paar noodsaaklike inkopies. Gewoonlik gaan sit ek graag in 'n groot boekwinkel. Destyds het die boekwinkel 'n groter oppervlak beslaan waar 'n mens by die een deur ingaan en dwarsdeur loop en aan die anderkant uit. Vandag is ek haastig; iets belangriks om by die huis te gaan doen. Ek vat dus kortpad deur die boekwinkel.

By die rakke met Afrikaanse boeke is dit of iets my terughou. Ek kry 'n sterk gevoel ek moet daar afdraai. Weifel eers, maar besluit om gehoor te gee en stap maar agter die gevoel aan. Ek gaan staan by een van die rakke en my oog val op 'n boek wat so half tussen die ander uitsteek. 'n Pragtige, langwerpige hardebandboek vir kinders. Die oomblik toe ek die titel sien, wéet ek: *Andries Anders* deur Miriam Koch, uit Duits vertaal deur Nicol Stassen, oor 'n skaap wat eensaam voel omdat hy anders as die ander skape is. Dit was 'n onbeplande afdraai, maar het 'n deurslaggewende rol gespeel in die besluit om nét die regte naam vir 'n belangrike karakter in my boek te kry. ♡

PEN Afrikaans bestaan ter wille van uitdrukkingsvryheid en die bevordering van die Afrikaanse woordkuns. Met die Boeke wat skrywers laat skryf-rubriekreeks nooi ons vooraanstaande skrywers om te vertel watter boeke hulle geïnspireer en as skrywer gevorm het.

pen
Afrikaans



DIE GOED EN SLEG VAN GROND EN TEER



DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE IS VOL BESKRYWINGS VAN DIE PLATTELAND EN SY STOFSTRATE. EN SKYNBAAR IS DIE HUNKERING NA 'N 'ONSKULDIGER' BESTAAN ONLOSMAAKLIK DEEL DAARVAN ...

“Terwyl die Negesterre en die stedeligte witter in die donker suidelike nagte óm ons skitter, slaap jy nog weg in nag en swye langs mos en varings van eertye ...”

Dit is D.J. Opperman aan die woord in sy gedig “Negester en stedelig”: ’n raak beskrywing van die onskuldige staat van die klein kind; van kaalvoetdae in stofstrate; en die eerste ervaring van die skoonheid van eenvoud. Daardie soort gestrooptheid het vroeg reeds ook ’n indruk op nog ’n titaan van die letterkunde, C. Louis Leipoldt, gemaak.

In die Clanwilliam van 1884, toe die Leipoldt-gesin van Worcester daarheen verhuis het, het die jong Christiaan lewendige herinneringe gevorm wat hy later in sy skryfwerk gebruik het.

Hy onthou veral twee strate, “die voorstraat ’n breë voetpad wat tussen die watersloot waaruit die badhuisies volgetap is, en die breë, boom beskadude stoepe geloop het ... Die agterstraat was die grootpad na Calvinia en die Troe-troe ...”



Hierdie stofpad, en die betowerende oordad van plante, blomme en klein diersoorte wat hy in die omgewing van die Jandisselsrivier raakgespeel het, was die lanseerkrag vir die latere wêreldreisiger Leipoldt.

Ook Petronella van Heerden, Suid-Afrika se eerste vrouedokter, onthou die enkele straatjies in haar grootworddorpe, Philippolis en Fauresmith, as die stowwerige toegang tot die wonderwêreld van tuine, “vol geheimsinnige heerlikhede, wild, met bome en pampoene en ’n leë baksteendam vol groen water en met houttrappies” (*Kerssnuitsels*, 1969).

Dorpnostalgie en stadsverlange

In sy gedig “Woordafleiding” (*Steenbok tot Poolsee*, 1955), beskou Peter Blum die “Dorp” só: “... die beeld spring dadelik in sy plek, betekenisvol. – ’n Stowwerige pad sak by ’n bult af, span ’n rukkie uit en wei daar rond voordat hy verder trek. Hy snuif ’n vreedsame lug tussen die nat

van groen tuine wat die dorpsmense spuit, en druk sy nuuskierige stoffies teen die ruit van elke geboutjie daar ...”

Sulke verkleinwoorde vir die platteland en sy hawes vind ’n mens ook in F.A. Venter se 1979-grootwordroman *Kambrokind*: “Buitestaanders het die neus vir Strydenburg opgetrek en gesê hy is net ’n wit spatsel langs die grootpad, ’n muskietnes – en van hom vergeet. Kom nie daarop aan nie, dié wat op hom neergesien het, het hom en sy mense maar net nie geken nie. Reg genoeg, hy was maar ’n wit spatseltjie langs die grootpad, vasgeknyp tussen sy groot pan en die rooierige, ruwe klipkoppe. Baie dae het die geel stowwe oor hom gewaai en het sy peperbome gesug van dors ...”

Op die fiktiewe dorpie Kwaggaberg is Trompie Toerien “grootkaptein” van die Boksombende. Sy gunstelingtydverdryf is om sy regterskoen se punt, wat reeds gevaarlik ingedui is, verder te verniel met die skop van klippe, blikkies en graspolle. En soms ’n verlepte dahlia. Die strate van Kwaggaberg, met Trompie, Blikkies, Dawie en Rooies immer op pad om dinge te laat gebeur, is ’n beeld wat vandag nog in talle Afrikaanses se herinneringe lewe.

Die nostalgie van stofstrate is ook teenwoordig in J.C. Steyn se outobiografiese novelle *Hoeke Boerseuns ons was*. Vir hom was selfs die plaasskool deel van die “goeie aarde”. In atletiek oefeninge “was die opdraendes uitgehardloop, kaalvoet in die voetpaadjies en tussen die duweweltjies deur”. Wanneer ’n mens daardeur lees, klink iets van C.G.S. de Villiers daarmee saam: “Seun, hou jou voete op die welgegronde, duursame aarde. Die eik en die wingerdstok wil nie tot by die sterre reik nie. Die sterre is vir die gode, maar die mens se verblyfplek is die vaste grond van ons aarde” (*Goue fluit, goue fluit*, 1968).

Skygbaar is stofstrate en inspanning getroue bedmaats, want daar is baie stappers in die Afrikaanse letterkunde. Nurse Caroline Dhlamini ken die stowwerige en klipperige Mabuzastraat soos die palm van haar hand (*Met erbarming, O Here*, 1957); Ingi Friedländer “kyk rond en vra uit, sy stap deur die stofstrate van Tallejare” op soek na die geheime van Mario Salviati en Jonty Jack, die blitswater en die mense van die Drostdy (*Die swye van Mario Salviati*, 2000). So vroeg as 1795 reeds stap William F. van Reede van Oudshoorn die stowwerige skemerte van die Kaapse verversingspos snuif, één man teen ’n oormag wat uiteindelik sal seëvier (1795, 2015).

Is daar dan iets groter, beter en blinker in die stede van ons wêreld te vind? Einste Etienne van Heerden skryf juis in *In stede van die liefde* (2005): “Jy kan die beroeringe in ’n jongmens aanvoel, sê die Matjiesfonteiners altyd. Wanneer hulle snuf in die neus kry van die lewe.”


In Welma Odendaal se kortverhaal “My pa” (*Verlate plekke*, 1991) wil die dogter se pa wegkom uit die gevrekte

myndorpie; na die liggies van die groot stad. Min weet hy van die waarskuwing wat Freda Linde rig: “Wat hier onder ons lê en skitter, is niks minder as ’n netwerk van ontsetting nie ... en tóg beklee soos ’n sprokiestad. Hier van die berghang af kan jy hom bekyk in sy aandswier” (*Vreemdeling in my stad*, 1962). Dis ’n tema wat byna ses dekades later deur Irma Venter verder ondersoek word. In *Sewe-en-veertig* kan die datawetenskaplike Mosi Mosholi die Moederstad met allerlei nuwe truuks bekyk: rekenaarflikkerliggies, hommeltuie wat die naghemel ingestuur word ...

“Watter kaart of ster sal ek jou wys om veilig deur die gryslend heen te reis?” skryf Opperman.

“... mag die Suiderkruis en Negesterre witter as die stedelinge in jou siel bly skitter.” ♡

DEUR LEANA LATEGAN



Dié artikel word geborg deur die Vriende van NALN (Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum), ’n hulpgroep wat die werksaamhede van die museum ondersteun. Enige navrae om jou by die Vriende van NALN aan te sluit, of om ’n finansiële bydrae te maak, kontak vir Annelien Diedericks by anneliennaln@sacr.fs.gov.za.

DIE VREEMDHEID VAN TOEWYDING

DIS IN DIE MAGIESE OOMBLIKKE
TUSSEN STORIE EN WERKLIKHEID
DAT CHARL-PIERRE NAUDÉ IN ÁL SY
VORMS GESTALTE KRY ...

Daar is meer as een Charl-Pierre Naudé. Een stuur vir my 'n WhatsApp-boodskap met sy kantooradres in Johannesburg, die ander stuur 'n SMS om te sê hy het 'n WhatsApp gestuur. Daar is twee adresse in die WhatsApp-boodskap, wat lui: "Hi Bibi, hier is die adres. Dis 'n hoekerf, dus kan jy enige een van die adresse gebruik om by dieselfde plek uit te kom. Amper soos 'n gedig."

Een Charl-Pierre Naudé is 'n bekroonde digter; nog een die skrywer van die 2018-roman *Die ongelooflike onskuld van Dirkie Verwey*; 'n ander besig met sy doktorsgraad oor die werk van die Duitse filosoof Hans Blumenberg. Ek besluit op een van die adresse en beland by 'n huis in Greenside wat twee identiese motorhekke het. Albei bied toegang tot dieselfde parkeerterrein en van daar lei 'n voetpad na 'n kantoor in die huis se agtertuin waar al die Charl-Pierre's daaglik hulle brood verdien. Hulle drink almal graag tee.

"Ek's 'n enorme teedrinker," sê Charl-Pierre, hoewel hy met die eerste van twee blikkies gaskoel drank doenig is. "Gewone tee met melk en suiker. Tee gee my 'n warm gevoel. Dit herinner my aan my kinderjare, toe daar soggens tee op 'n skinkbord bedien is, terwyl ons almal op my ouers se bed gesit het voor die dag begin."

Charl-Pierre het in 'n stadium saam met Koos Kombuis in 'n huis gewoon en voeg by: "Koos het gesê hy het nog nooit iemand ontmoet wat so baie tee drink nie. Ek kan nie begin skryf as daar nie tee is nie."

OOR STOFSTRATE EN STADSLIGGIES

Charl-Pierre is in 1958 in Kokstad gebore, maar die een wat voor my sit, sê: "Ek het herinneringe van vóór my ervaringstyd. Dit voel of ek 'n siel het wat van Kokstad af kom. Ek het geweet hoe die plek lyk, al was ek nooit as volwassene daar nie."

Dieselfde geld Durban, waar hy as kind vir 'n rukkie gewoon het. "Durban is die stad wat ek in volwassenheid die minste goed ken. Ons is daar weg toe ek sewe was en ek was sedertdien nog net so twee keer weer daar. Maar toe was dit of ek alles kan onthou – ek het presies geweet hoe om te ry, waar alles is."

Charl-Pierre se pad loop deur verskeie stowwerige dorpieë en 'n klomp blinklig-stede: Klerksdorp, Rustenburg, Windhoek, Oos-Londen. Sy vroegste herinnering van 'n stofpad is die een wat gelei het na die hoewe buite Bloemfontein waar sy ma se broer 'n boerdery ►



gehad het. “Dis waar ek die eerste maal perdgery het. En die eerste maal van ’n perd afgeval het.”

Sy eerste herinnering van ’n gróót stad is Londen, waar hulle vir ’n jaar gebly het terwyl sy dokter-pa as patoloog spesialiseer het. Van Londen onthou hy verskeie blyplekke – ’n woonstel, ’n huis met ’n tuin, die buitewyke van die stad – maar veral die museumbesoeke. “My ma was ons onderwyseres in Londen, maar my pa het vir ons geskiedenis geleer. Daai museumbesoeke was ons opvoeding. My pa was ’n berese man, op sy dag ’n skeepsdokter wat só die wêreld vol gereis het. Hy het die nostalgie vir die onbekende en die verrassings wat ’n mens daar kan vind aan my oorgedra.”

As skrywer probeer hy deurgaans maniere vind om die bekende “vreemd” te maak. “Ek is die soort persoon wat ’n storie sal vind in ’n onstorie-agtige relaas.” Hy stel ook belang in die “naat tussen die storie en die werklikheid”, iets wat ontgin word in *Dirkie Verwey*, ’n storie oor oënskynlike onwaarskynlikhede en ewewêrelde. Die boek speel in ’n denkbeeldige Karoo-dorpie af, want dis ’n landskap wat nog altyd sy verbeelding aangegryp het. “Die gestrooptheid, die eensaamheid, die historiese geheue. Dit het sterk betekenis vir ons, vir my.”

Charl-Pierre meen Afrikaners se geheue is nou verweef met kleindorpse stories soos dié een: “In ’n klein dorp in die Oos-Kaapse Karoo het een van die rykste inwoners ’n baie *elaborate* grafsteen vir homself op ’n dubbelstandplaas in die kerkhof laat opsit. Vir eendag. En hy het weekliks die reuse-marmergrafsteen laat poets. Die ryk man, in sy veertigs, is dikwels by sy graf opgemerk waar hy in stille bewondering sit en tuur na die goue skrif.

“Hy het later op Prozac gegaan en van sy graf vergeet. Maar die huisloses het nie. ’n Spannetjie het hulle intrek op sy grafstandplaas geneem en drie sinkmure bygelas. Die huisloses verseg om weg te beweeg. Wat snaaks is – en ek kan dit goed glo, maar dit berus ook maar op hoorsê – is dat die munisipaliteit nou vra of die man so gaaf sal wees om erfbelasting te betaal omdat hy in effek huurders het.”

VREEMDER AS VREEMD

Hoewel Charl-Pierre as digter bekend geraak het, wou hy nog altyd ’n roman skryf. Hy vertel een of twee hoofstukke van *Dirkie Verwey* was reeds geskryf voordat sy eerste digbundel, *Die nomadiese oomblik*, in 1995 verskyn het. “Ek het altyd geweet die soort prosaskrywer wat ek wil word, moet as poëties gedefinieer word. Ek het baie geleer oor die kontekstualiteit van skryf by poësie, oor die interne eggo’s van ’n stuk skryfwerk.”

Hy bestempel sy werkwyse as “haphazard” en kom inderdaad as verstrooid voor. Sy vriende moet hom soms in geselskap herinner om aandag te gee, want sy gedagtes dwaal maklik af. Of dalk is dit net een Charl-Pierre wat hom by ’n ander Charl-Pierre gaan aansluit, een wat elders met ’n interessanter ding besig is of iets vreemd op die hoofweg opmerk ...

“Ek het eenmaal in die Kaap gery, op die N2, rigting

Stellenbosch. Aan die ander kant van die pad, rigting Kaap, sien ek ’n sedanmotor wat verskriklik rook, maar dit hou in die vinnige baan. Die dak is heeltemal platgedruk aan die een kant en die kar is vol duike en stampe. Die ruite is almal uit en daar hang nog wat lyk na ’n wapperende spiesgeweer aan die horisontale stang bo die vensters. In daardie oogwink sien ek onder meer hoe kap die bestuurder met sy vuus teen die stuurwiel. Die kar moes gerol het!

“Die bestuurder is egter ongedeerd, want hy’s so boos soos sy rokende kar. Met die motor se enjin skort klaarblyklik ook nie veel nie, behalwe vir die gerokery. Die kar maak gatskoon! Waarskynlik op sy laaste trippie. Maar wat vir my snaaks was, is dat die bestuurder sy duikbril op gehad het om teen die wind in te kan ry. En dit was ’n sterk wind.”

Dis dié soort ding, vreemde verskynsels wat so tussen die alledaagse inglip, wat ’n mens laat wonder oor daardie naat tussen die storie en die werklikheid en of iemand, een van die Charl-Pierre’e dalk, aspris aan dié naat in sy eie bestaan torring. Daar’s altyd iets so ’n bietjie bonatuurlik wanneer ’n mens tyd saam met Charl-Pierre deurbring.

ONVERWAGSE ONTMOETINGS

Bogenoemde laat my aan nog ’n ware verhaal dink; die keer toe ek op ’n sypaadje in Linden gestaan het, baie laat een nag. Ek het pas ’n kuiergas buite my huis afgesien toe daar ’n motor stilhou. ’n Mens skrik, want dis Suid-Afrika. Die bestuurder draai die ruit af, vra kamtig aanwysings. Ek wil vlug, maar steek vas.

“Charl-Pierre? Is dit jy?”

Dis hy. Dit neem hom ’n paar sekondes om my te plaas en dan lyk hy eweneens stomgeslaan deur die middernagtelike digtersreünie. Hy is op soek na ’n vriend wat hom gebel het om dié met ’n pap band te help, maar hy kon nog nie die persoon of die motor opspoor nie. Daar’s ’n klein stilte waarin dit voel of nog iets gaan gebeur: ’n VVV dalk, of ’n verdwaalde sirkusolifant, of nog ’n Charl-Pierre op soek na Charl-Pierre. Maar niks gebeur nie en hy woerts weer weg.

Ons praat vir ’n rukkie oor wat hom angstig maak – “Suid-Afrika se verglyding tot ’n ahistoriese, totaal onwerklike historiografie” en “die klimaatstorie” – maar beweeg aan na dinge wat hom hoop gee. “Daar is in Suid-Afrika sulke goeie, toegewyde, intellektuele materiaal. Die mense is daar. As ek regtig eensaam raak, sal ek sommer in die middel van die nag by hulle aanklop.”


Dit laat ons albei al laggende aan die sypaadje-ontmoeting dink. Dis die soort wendings wat ’n mens moet verwag wanneer een van die Charl-Pierre’e teenwoordig is, want ’n mens weet nooit waar die ander rondloop en watter magiese verrassings hulle van daar saambring nie: sielskennis van Kokstad dalk, of ’n geduikte duiker op die hoofweg, of tweeling-adresse wat jou na een vreemde plek neem. Dalk selfs ’n gedig. ♡

DEUR BIBI SLIPPERS
FOTO: ANDRÉ BADENHORST

HALEY HANSLO
Netwerk24-intekenaar

'NUUS, RESEPTTE EN WAAR'S MY SAMBREEL? DIT GAAN VANDAG REËN'

Alles wat jy wil weet.
Alles op een plek.



NETWERK24

Teken vandag in teen net R99 p.m.

Besoek www.netwerk24.com of laai ons app in jou app-winkel af. Dis maklik, vinnig en gebruikersvriendelik.

TEATER VIR AFRICA!



DIE FLEUR DU CAP-PRYSE, VAN DIE MEES GESOGTE IN TEATER IN SUID-
AFRIKA, SE BEOORDELAARSPANEEL SPOG MET 'N NUWE LEIER – EN HY IS
SO GEESDRIFTIG DAAROO SOOS 'N PA VAN 'N EERSTELING ...

Iemand het eenkeer vir hom gesê 'n mens is verantwoordelik vir jou eie geluk – raad wat hy op daárdie tydstep in sy lewe bitter nodig gehad het. Dié woorde inspireer Africa Melane (42) steeds; hy is “oopkop, meelewend en verbind daartoe om 'n verskil te maak”, lui sy biografie op die geselsradiostasie CapeTalk se webblad.

Veral bekend as radio-omroeper is hy nie bang om sy stem te laat hoor of moeilike vrae te vra nie. Hy beskryf homself as iemand met verskeie belangstellings en een daarvan is die kunste. Hy het as jong seun reeds sy hart daarop verloor en dit is juis dié liefde wat tot sy onlangse verkiesing tot voorsitter van die paneel beoordelaars gelei het wat jaarliks die Fleur du Cap-pryse in Kaapstad toeken.

“Dit is 'n eer en voorwaar 'n opwindende nuwe hoofstuk,” sê Africa. “Die Fleur du Cap-paneel bestaan uit uiters toegewyde en passievolle lede wat teater absoluut verslind. Om voorsitter te wees van die proses wat uitnemendheid in teater vier, is 'n geweldige verantwoordelikheid en 'n groot vreugde.” Sy termyn is vir drie jaar met die opsie om te hernu. “Dis 'n wonderlike geleentheid vir my om voort te gaan met die voortrefflike werk van die vorige voorsitters en om te verseker dat die hoogste vlakke van geloofwaardigheid en integriteit gehandhaaf word.”

Bobaas-teater

Africa dien sedert 2011 reeds op die beoordelaarspaneel vir die Fleur du Cap-pryse, wat in 1965 die eerste keer oorhandig is vir uitnemende bydraes tot die uitvoerende kunste. Weners word gekies uit produksies wat by teaters in en om Kaapstad aangebied word en kategorieë sluit toneelspel, regie, verhoog- en tegniese vaardighede in. Die beoordelaarspaneel bestaan uit plaaslike resensente en skrywers: Marina Griebenow, Tracey Saunders, Lwando Scott, Mariana Malan, Hadley Tituss, Roxy Marosa, Wayne Muller,

Maurice Carpede, Beverley Brommert en Thabo Makgolo.

Africa sê dit is belangriker as ooit om teaterprestasies te vier en te beloon, omdat die uitvoerende kunste 'n belangrike rol in die samelewing speel. Dit gee lank reeds 'n stem aan dié wat andersins nie gehoor sou word nie en bied kragtige insigte en stel uitdagende vrae aan dié wat bereid is om te luister.

“Is daar 'n beter manier om 'n spieël te hou voor die samelewing en die gehoor saam te nooi op 'n reis van selfondersoek? Is daar 'n beter manier om mense bymekaar te bring en hulle te noop om anders oor sekere kwessies te dink? Teater bring mense bymekaar, in kontras met talle faktore wat die wêreld verdeel.

“Suid-Afrika is op 'n moeilike plek. Suid-Afrikaners is kwaad, gefrustreerd en teleurgesteld. Ongelukkig neem ons nie genoeg tyd om belangstelling te toon in die lewe van 'n mede-Suid-Afrikaner nie. Die kunste, en veral teater, kan ons help om mekaar beter te verstaan, empatie te hê en ons as 'n nasie verenig. Dit herinner ons aan ons gemeenskaplike waardes en help ons ook om 'n bietjie te lag.”

Boonop meen dié Gugulethu-boorling (wat nou in Kaapstad bly), Suid-Afrikaanse kunstenaars hoef geensins terug te staan wanneer dit by talent en die gehalte van teaterproduksies kom nie. “Ek is altyd opgewonde om te sien watter nuwe teaterstukke skrywers optower. Elke jaar sien ek uitdagende en roerende werke op ons verhoë.”

Die grootste kwelpunt is dat teater steeds nie genoeg steun kry nie, voeg hy by. “Ons het nog 'n lang pad om te stap wat steun vir en beleggings in die kunste betref. Maar dan ook weer, probeer 'n regeringsamptenaar of 'n bestuurder in 'n groot onderneming wees wat moet regverdig waarom meer geld aan die kunste gegee moet word in plaas daarvan om 'n kind te voed. Dit is waarom die dekades lange steun van die kunste deur Distell [borg van die Fleur du Cap-pryse] so indrukwekkend is.”

Skrik nie sommer

Africa is eweneens baie lief vir die uitsaaiwese. Hoewel hy destyds rekeningkunde aan die Universiteit van Kaapstad studeer het, het hy gou besef die media roep harder; nou staan hy al bykans 'n dekade in dié bedryf. Hy sê sy “hele tyd in die uitsaaiwese is een van die grootste hoogtepunte van my loopbaan”.

Of dit nie reeds genoeg is nie, dien Africa ook as adjunkvoorsitter in die direksie van Cape Town Opera, die grootste operamaatskappy in Afrika. “Teater, sowel as opera, bied ons 'n uitstekende geleentheid om hierdie land van ons in 'n ander lig te vertoon. Dit is altyd verstommend om die getal lande te tel waar Suid-Afrikaanse talent skitter. Hierdie kunstenaars is ons ware ambassadeurs.”

Vra 'n mens hom wat sy raad sal wees vir jongmense wat 'n loopbaan in die kunste wil volg, antwoord hy eenvoudig: “Doen dit net. En werk baie hard. Wie was dit nou weer wat gesê het, ‘Wat jou pyn en omskep dit in pragtige kuns?’”

Dit help nie om bang en huiwerig deur die lewe te gaan nie, voeg hy by. Die lewe moet geleëf word. “Ek kyk die lewe vierkantig in die oë en daar is min dinge wat my bang maak. Miskien net slange!

“Maar grappies op 'n stokkie, ongeag ons vele daaglikse uitdagings probeer ek my lewe met 'n bewuste plan leef en ek laat my nie maklik onderkry nie.

“Ons woon in 'n pragtige land wat deur ongelooflike mense bevolk word. Elke dag hoor 'n mens van 'n doodgewone Suid-Afrikaner wat iets buitengewoons doen om 'n verskil te maak. Ons word so dikwels ondergekry deur die nuusberigte oor moord en korrupsie, maar ek probeer altyd onthou dat hierdie land uit mense bestaan wat klein dinge doen om die land vir toekomstige generasies te laat wêrk.”

DEUR MARLI VAN EEDEN
FOTO: CAPE TALK

TREK DIE SPRINGMIELIES NADER

DALENE MATTHEE SE GELIEFDE BOS KRY OPNUUT LEWE IN 'N NUWE ROLPRENT, TERWYL ARNOLD VOSLOO HOLLYWOOD SE GLANS VIR DIE NOORD-KAAP SE PLAASSTOF VERRUIL ...

TOORBOS

Die openingstoneel is reeds 'n triomf – van die oorweldigende fotografie, die klank, die invalshoek en die gedempte kleur tot die emosionele impak van die woud en die massiewe boom wat oor Karoliena toring. Die res van die fliek bou daarop voort.

René van Rooyen, draaiboekskrywer en regisseur, het onverbeterlike bronmateriaal gehad in Dalene Matthee se gelyknamige roman, maar 2019 se fliekweergawe van *Fiela se kind* het gewys dít waarborg nie

noodwendig kwaliteit nie. Van Rooyen verdien dus volle krediet vir haar besonderse draaiboek, maar ook vir haar musiekeuse. Die tjello, viool en altviool was nog altyd gunsteling-instrumente onder fliekmakers. Hul klank is melancholies en onthutsend, maar dit kan ook stroperig wees. Níks aan *Toorbos* is egter stroperig of oordadig nie.

Waar *Fiela* misluk het, was om die woud te gebruik as 'n karakter, of as uitbeelding van die narratief. Matthee se boeke, en veral *Toorbos*, handel tog oor die boscense se liefde

vir hierdie bos. Dit is waar hulle gebore word, vrede vind en wil doodgaan. In *Toorbos* is die woud beeldskoon, onstuimig, kwaad of magies – jy sien, hoor en voel dit. Behalwe vir een of twee tonele wat lyk of hulle op 'n 2019-stel geskiet is, smelt die stilerig, klere en stelle saam om 'n geheel te vorm wat die era geloofwaardig verteenwoordig. Die toneelspel is deurgaans foutloos en veral Elani Dekker haal uit en wys.

Toorbos gebruik onderbektoneering om 'n impak te maak. Die onskuldige




FOTO: RENÉ VAN ROOYEN

patat word byvoorbeeld gebruik as aborsiemiddel, stapelvoedsel en as eenvoudige geskenk om dankie te sê. As jy nie konsentreer nie, kan jy die toneel mis waarin Karoliena op die dorp aankom en vir die vreeslike *fancy* Miss MacMaster 'n lapsakkie vol soetpatats gee. Karoliena en haar ma is dalk arm en bly in die bos, maar hulle het inbors.

Wat uitstaan, is hoe vasgevang die vroue, veral Karoliena en haar ma, is. Karoliena veroordeel haar ma oor sy oom Cornelius "vermaak" vir 'n ekstra geldjie, maar Karoliena loop op die ou einde dieselfde pad. Sy lewe in weelde en spog met 'n trouring en luukse rokke, maar doen dit bloot ter wille van oorlewing. Wat ook beïndruk, is dat

Johannes, as die patriargale figuur, nie 'n eendimensionele skurk is nie. Ja, hy verag sy oggendtee teen sewe-uur, vereis dat Karoliena altyd mooi aantrek en verbied haar om terug te gaan bos toe. Tog leer hy haar bestuur, al raas Miss MacMaster daaroor, en hy laat haar begaan wanneer sy vlug. Hy is nêr so vasgevang.

Hoewel *Toorbos* hoofsaaklik kommentaar lewer op die boscense se wel en wee, gee die fliek duidelik ook om oor die bos, wat ter wille van wins uitgeroei word. Die verskil tussen die woud en die plantasies is wesenlik: naalde teenoor blare wat skadu gooi; netjiese rye teenoor genoeg spasie vir plant, dier en mens.



GRIEKWASTAD

Wanneer jy 'n storie vertel wat almal reeds ken, moet jy dit bitter goed vertel om die gehoor se aandag te hou.

Een: Jy beeld die moordenaar so onskuldig uit dat die gehoor deurgaans weier om te glo die 15-jarige Don kon hom aan sulke gruweldade skuldig maak. Jy skep ongeloof; 'n wens dat dit tog nie só gebeur het nie. Twee: Jy gaan snuffel rond in Don se kinderdae vir 'n verduideliking: hy is óf só gemaak óf só gebore en laat staan. Jy skep simpatie met 'n tragiese figuur (*Joker*, 2019) of jy vul die kyker met afgryse (*We Need To Talk About Kevin*, 2012). Drie: Jou vertelstyl is so uniek dat niemand 'n bloue duit omgee wie die moordenaar is nie (*Bernie*, 2012).

Griekwastad vertrou alleenlik op die gruwelikheid van die gebeure om jou aandag te hou. Dit is algemene kennis dat Don Steenkamp sy suster verkrag en drie familieleden vermoor het. Daarby word hy van die begin af verstoord, glibberig en in staat tot verkragting en moord uitgebeeld. Dit is dus geen verrassing nie wanneer hy gearrester word. Die fliek vra ook nie dringende vrae oor gesinsgeweld, kindertydtrauma of sielkundige verstuurings nie. Die gebeure wat Don so vreeslik misvorm het, of die tekens van geestesverstoordheid wat tog van

kleins af daar moes wees, kon in eie reg 'n fassinerende fliek gewees het, maar hier dien dit nie eens as behoorlike agtergrond nie. Daarby probeer Jozua Malherbe, regisseur, die storie op 'n anderster manier vertel deur, onder meer, onderhoude met plaaslike inwoners in te sluit. Dit val plat, want dié mense se sêgoed is bra vervelig.

Griekwastad se karakters is papierdun en die ratwisseling tussen tonele, emosies en karakters onoortuigend. Dick (Arnold Vosloo) moet die skuldige vind, Don (Alex van Dyk) probeer wegkom met moord en Jacques (Tim Theron) wil die storie uitsnuffel, maar die kyker word niks van hul motiewe of persoonlike wêreld wys nie. 'n Mens gee dus nie om oor hulle doen en late nie.

Die kamerawerk en gebruik van klank in *Griekwastad* se openingstoneel is uiters effektief. Die kamera wat ruk, die vae beelde, die dawerende tromme, die bande op gruis – dit laat jou nekhare rys. Dan vervaag dit ongelukkig. Daar is skote wat ongelooflike skoonheid vasvang, maar ook skote wat gemiddeld belig en sleg geraam is. Die dwalende kamera en die musiek, wat jou verder moet onthuts, frustreer eerder. Die akteurs probeer hul bes met 'n beperkte draaiboek. Die enigste wat iets optower, is Theron as

die irriterende gatvlieg van 'n joernalis en Jody Abrahams as Andre Mcanda, die speurder op 'n pomelo-dieet.

Die kleurgradering (baie oranje en bruin) is uitstekend en die stilering (soos die volgepakte skuur onder 'n dik laag stof) dra by tot die stelontwerp.

Die *Griekwastad*-moorde was verskriklik, maar Malherbe en sy span krap net die oppervlak. Vir 'n werklik boeiende fliek moes hulle dieper gaan grawe het. ♡

DEUR RENEY WARRINGTON



KLA IS VIR VERLOORDERS

BAREND LA GRANGE IS 'N BRUGBOUER EN 'N DOENER. HY GLO IN SUID-AFRIKA. KAN JY DIESELFDE VAN JOU BENADERING TOT DIE LAND SE PROBLEME SÊ?

Die stedelinge wat dink hulle hoofweë lê besaai met die wrakstukke van staatskaping moet vir 'n slag deur die platteland ry. Hier sal jy 'n onverdoeselde blik kry op die impak wat verspilde belastingbetalersgeld en die instorting van infrastruktuur kan hê. Die maklike uitweg is om net te kla; die alternatief is moue oprol.

As bedryfshoof van Suid-Afrikadag is Barend la Grange (66) van Roodepoort aan die voorpunt van dié regrukplan. Suid-Afrikadag is geskoei op Australiëdag, waarop die mense Doer Onder hulle land “vier”. Barend sê hulle probeer Suid-Afrikaners help om met praktiese planne vorendag te kom om van die land 'n beter plek te maak. Dit moet “bydra tot nasiebou en om 'n positiewe ingesteldheid onder Suid-Afrikaners te skep”.

Vergesog en idealisties? Allesbehalwe. Wie sou byvoorbeeld kon dink die rasspanning wat Coligny in die Noordwes soos 'n kruitvat laat ontplof het, sou meebring dat dié dorpie se uiteenlopende mense uiteindelik hande vat? Soos suurdeeg het dit wat in Coligny bereik is, deurgesyer na ander dorpe: Waterval-Boven, Mahikeng, Cradock, Noupoot.

“Jy kan net vriende maak met jou vyand,” sê Barend. “Jy kan nie vriende maak met jou vriende nie. Die grootste uitdaging in Suid-Afrika is om rasverhoudings te bestuur. Kry ons dit reg, sal die res – die gaping tussen ryk en arm, werkloosheid – verbeter. Ons gaan dit net kan hanteer as ons in 'n omgewing woon waar mense verdraagsaam is.”

Terselfdertyd, sê hy, moet Suid-Afrikaners soms 'n bietjie stilstaan en hulself op die skouer klop vir dit wat reeds bereik is.

Dink lang termyn

Al sê mense wát, Suid-Afrika staan nie op 'n afgrond nie, meen Barend. Die goeie verhoudings wat gewone Suid-Afrikaners op grondvlak het, getuig daarvan. Dis ver verwyder van die gepolariseerde beeld wat politici so graag skets omdat dit hulle agenda pas.

Dit beteken natuurlik nie jy moet die plaaslike regering systap in jou planne om 'n dorp op te knap nie. Barend glo 'n mens bereik meer met die regte ingesteldheid. Ervaring het hom geleer “as jy die gemeenskap mobiliseer, dan volg die regering, want hulle het ook 'n bietjie trots”. Maar wat verg dit om 'n dorp reg te ruk? “Motivering, strategie en beplanning,” kom die antwoord. En mense móét die resultate kan sien. “Wat sal mense dink as hulle by jou dorp inry? Wil hulle daar belê? Wil hulle daar vakansie hou?”

Op 'n praktiese vlak is dit heel eenvoudig, sê Barend. “Maak skoon. Maak heel. Verf. Plant. Wat 'n blik verf darem nie kan doen nie!”

Die uitdaging lê in die volhoubaarheid van sulke projekte. Mense vra hom soms hoe lank hulle dan nou moet aanhou om die dorp skoon te maak, want net gister was dit skoon en vandag is dit weer vuil. “Jy maak tog elke dag jou bed op, of hoe? Instandhouding is 'n voortdurende ding. Dis 'n kultuur. As jy dit nie wil doen nie, hou op kla.

“Ons moet meer lang termyn dink in Suid-Afrika. Jy wis nie armoede oornag uit nie. En die land is oor 'n lang termyn afgebreek deur die swakste president wat ons sedert 1994 gehad het. Dit gaan opbou oor 'n lang termyn verg.”

Dis nie net Suid-Afrika se storie nie, maar ook Afrika s'n. Barend het 'n paar jaar gelede saam met die radioman Foeta Krige deur 14 lande gereis – van Kaap Agulhas, die verste punt suid, tot Ras ben Sakka, die verste punt noord, in Tunisië. Dié reis, vertel hy, het hom gehelp om Afrika se diversiteit beter te verstaan.

Hy neem graag toergroepe deur Afrika en Malawi is 'n gunstelingbestemming. Hulle gebruik net openbare vervoer, sê hy. “Afrika is, anders as wat die persepsie is, veilig en skoon en die mense is gasvry en vriendelik.

“As ek sien wat in ander lande aangaan, dan besef ek elke land het sy eie gemors. Ons het ons eie probleme, maar dis alles bestuurbaar.”

Op grondvlak beteken dit eienaarskap, waarsku hy. “Dis jou dorp, nie die politici of die regering se dorp nie. Wat doen jy? Plaas jy 'n foto van die slagat in jou dorp in



sosiale media of doen jy iets daaraan?”

Dit verg opoffering en geld om nuwe lewe in ’n vervalde plattelandse dorp te blaas. “Cradock is ’n uitstekende voorbeeld van ’n dorp wat uitmekaargeval het,” sê Barend. Danksy die gemeenskap se ingryping is daar nou ’n model wat buurdorpe kan volg. Dis meestal plattelandse dorpe wat hulp nodig het, want die land se grootste stede funksioneer nog goed. Hy kan verstaan dat plattelanders moedeloos raak, sê Barend. “Onbevoegdheid, infrastruktuur val uitmekaar en daar is nie kapitaalreserwes nie.”

Luister jy so na hom, is dit sy positiewe ingesteldheid wat veral opval. Maar is dit volhoubaar? Of gebeur daar dinge wat selfs hom moedeloos maak?

“Ja, as ek sien mense is pessimisties en sinies. Ons bly in ’n ongelooflike land.”

Barend is in die Kaap gebore en het voor sy aftrede in die finansiële sektor gewerk. Hy is al 45 jaar met Annalene getroud en is die oupa van ses kleinkinders, van wie sommige in die buiteland woon.

“Wanneer hulle groter is, moet Suid-Afrika ook vir hulle ’n opsie wees.” ♡

DEUR JOHANNA VAN EEDEN
FOTO: ANDRÉ BADENHORST

AL HOE MEER MOMENTUM

Optrede deur die burgerlike samelewing stoot stelselmatig soos groen lote ná ’n dorre winter oor die land. Meer as een miljoen mense het hulle reeds aangesluit by die Facebook-groep #ImStaying, waar doodgewone Suid-Afrikaners die redes deel waarom hulle nog nie plan B in werking gestel het nie. ’n Mens lees daar verhale van deursettingsvermoë, veerkragtigheid, geloof en van die groot verskil wat Suid-Afrikaners in mekaar se lewe kan maak. Die Unemployment People’s Movement (UPM), gesteun deur nog burgerregte-organisasies, het in Januarie 2020 regsgekieënis gemaak.

Hy het die plaaslike raad van Makana in die Oos-Kaap voor die hof gedaag oor swak dienslewering. Die hooggeregshof het bevind die raad het sy verantwoordelikhede, soos uiteengesit in art. 152 van die Grondwet, gruwelik versaak en beveel die provinsiale regering moet die raad ontbind en ’n administrateur aanstel. In daardie stadium het die ANC-beheerde regering in die Oos-Kaap dit oorweeg om appél aan te teken.

Die uitkoms daarvan was met die skryf hiervan nog onduidelik. Maar die UPM het daarin geslaag om ’n presedent te skep. Soos Barend la Grange sal sê: Dis ’n model wat elders gedupliseer kan word.

PETROLKOPPE

GEEN 'JUDGEMENT' WANNEER JOU 'GUSHESHE' SING

VERGEET VAN 'DRIFTING', PAPPA, DIS DIE
SOWETO-BENDES VAN DIE TAGTIGS SE
BEGRAFNISSALUUT WAT DIE PETROLKOPPE
SE HART VINNIGER LAAT KLOP ...





Dit is 'n snikhete Sondag in Alberton. Die paaie is buitengewoon stil. Die meeste mense kuier dalk om kreunende kostafels, of knip 'n salige uiltjie voordat die nuwe week se dolle gejaag weer sy tol op die lyf en die psige eis.

Vir 'n groepie petrolkoppe is dit nie vrede en rus wat ontvlugting bring nie, maar die gebrul van enjins, bolle blou rook en die reuk van vuurwarm rubber.

Die rook is juis die eerste ding wat 'n mens by die Wheelz n Smoke-arena, net buite die dorp, gewaar. Dan hoor en sien jy die groot, luidrugtige skare en jy kry daardie reuk ...

Op die dak (van alle plekke) van 'n ou BMW, wat met



skreeuende bande in die rondte tol, gewaar jy 'n jong man. Die toeskouers maak die sirkel kleiner; die betonversperrings wat opgerig is, hinder hulle skynbaar nie. Die neus van die BMW kom gevaarlik naby die mense verby en sommige moet inderhaas terugtree. Een bring 'n papsak na sy mond en draai die kraantjie oop, terwyl sy vrou kekkel en hande klap.

DIE MANNE EN HUL WIELE

Die tydverdryf heet *spinning* en vir die aanhangers is dit 'n lewenstyl. “Ek doen dit al vir die afgelope tien jaar,” vertel Vernon Hendriks waar hy teen sy BMW 325is leun.

Sy *baby*, soos hy na die kar verwys, het al beter dae geken. Die voorbuffer is gebuig en van ruite is daar nie sprake nie. Die verfwerk lyk ook verdag, maar Vernon is nie besonder besorg daaroor nie. Dis wat ónder die bakwerk aangaan wat sy hart vinniger laat klop.

“Hierdie is 'n V6-enjin, my bra. As hy eers lostrek op die baan is daar geen keer aan hom nie,” vertel hy al laggende en trek aan sy sigaret. Vernon en sy span, South Side Crew, het van Nigel gekom om deel te neem. “Die doel is om in jou *gusheshe* [tipies 'n 'boksvorm' BMW; die E30-model van 1982-1994] soveel moontlik *doughnuts* te gooi en om die gehoor die heelyd te vermaak. Baie ouens sal by hulle kar uithang of 'n passasier sal uit die bewegende kar klim en byvoorbeeld op die bak gaan staan. Dit gaan als oor die *entertainment factor*.”

**“DIE BENDEKULTUUR IN DIE
1980'S HET GEBOORTE GEGEE
AAN *SPINNING*. DIT HET 'N
RITUEEL GEWORD ONDER
MISDADIGERS OM 'N
GUSHESHE TE STEEL EN DAN
BY EEN VAN HUL GEVALLE
KAMERADE SE BEGRAFNIS
MET DIE KAR TE GAAN *SPIN*.”**

Roman Piers neem die afgelope ses jaar deel. “Ek het my BMW by 'n ou man gekoop wat nie meer kon bestuur nie,” sê hy. “Ek het hom self opgebou en vir hom 'n V8-enjin ingesit. My tjommes het my aan die sport voorgestel. Dit was nog altyd 'n sosiale ding vir my. 'n Manier om met *like-minded* mense uit te hang en met jou handewerk te spog.”

Dit is Vernon se beurt om sy bestuursvernuf ten toon te stel. Die skare juig en fluit wanneer hy vet gee en naelskraap verby die betonversperrings jaag. Die motor tol in die rondte en Vernon wikkel die stuurwiel om beheer te kry. Daar's 'n skerp knal. Een van die agterbande het gebars. Vernon se *baby* kom in 'n wolk swart rook tot stilstand.

“Nee, wat, dit is niks vreemds om 'n band te bars nie,” sê hy terwyl hy die sweet van sy voorkop afvee. “Dit gebeur gereeld. Jy kan maklik in een jaar deur honderde bande gaan, afhangende van hoe baie jy aan *spinning events* deelneem. Hierdie is nie 'n goedkoop stokperdjie nie.”

DIEWE EN DAREDEVILS

Dié praktyk, om eens gesogte spogmotors in toertjie-wiele om te skep, het sy oorsprong in Soweto gehad. “Die bendekultuur in die 1980's het geboorte gegee aan *spinning*,” verduidelik die veteraan en afgetrede *spinner* Jeff James.

“Dit het 'n ritueel geword onder misdadigers om 'n *gusheshe* te steel en by een van hul gevalle kamerade se begrafnis met die kar te gaan *spin*.”

Volgens hom het dit in die negentigs groter byval gevind toe 'n groep vriende in Soweto ook daarmee begin het. “Die ouens het nie regtig 'n idee gehad wat hulle wou doen nie. Hulle het maar toertjies gedoen en ge-*drag race*. Vandag, 30 jaar later, al word dit nog nie as 'n amptelike sport gesien nie, is daar promoters en borge wat vir van die ouens kontrakte begin aanbied. Maatskappye begin sien dat *spinning* mense lok en dat hulle munt daaruit kan slaan.”

Terug by die aksie is dit Bongani Fungathi se beurt om die petrolkoppe te bekoor. Die kwaito-musiek bedaar effens en die aarde skud wanneer sy V8 spoed optel. Bongani gooi 'n paar sirkels in die arena voordat hy hard aan die stuurwiel pluk. Die kar tol in die rondte en sy bande, en die skare, gaan wild tekere. William Price is een van hulle. Sy vyfjarige seun sit op sy skouers.

“Ek weet darem nie of ek dit sal doen nie,” sê William, “maar ons kyk dit *religiously*. Dit is 'n lekker manier om uit die huis uit te kom. My laaitie *like* dit ook baie en hier is geen *judgement* nie. Mense van *all walks of life* kom hier bymekaar. Jy kan maar sê dit is kerk vir ons petrolkoppe.” ♡

DEUR JACQUES MYBURGH
FOTO'S: ANDRÉ BADENHORST



'N JONG MAN MEEN SY MOMBAKKIES IS DEEL VAN SY PERSONA EN HY WOU NIE SY IDENTITEIT BEKENDMAAK NIE. HY HET HOMSELF "SKELETOR" GEDOOP.



VERNON HENDRIKS VAN NIGEL IN SY VUURWA. HY *SPIN* AL VIR DIE LAASTE TIEN JAAR.



HIER HOU BANDE NIE LANK NIE EN DAAR IS 'N TOEGEKENDE SPAN WAT BANDE VERSAMEL EN POMP VIR DIE DAG SE *SPINNING*.



LAAT DIE WIELE ROL! 'N PASSASIER HANG BY DIE MOTOR UIT EN VERMAAK DIE SKARE.



MSOTHO DIGABAME VAN DIE MZANZI LOVE-SPAN STAAN OP SY "GUSHESHE" OM TE SIEN WAT OP DIE BAAN GEBEUR.

DIE WEG TOT VERNUWING

'N MORBIEDE BEHEPTHEID MET DIE DOOD? DIE SKRYWER EN TEOLOOG CAS WEPENER SAL DALK SKERP VERSKIL VAN DIEGENE WAT SY BESONDERSE VERHOUDING MET DIÉ 'RITUEEL' IN 'N BLIK WIL DRUK ...



Gereeld sleep hy sy ouma se bentwood-stoeltjie nader om die stowwerige hoededoos van haar kas af te haal. Dan sluip die seuntjie gang af na sy kamer en pak die ou, verbruinde foto's uit – dié wat nie haar fotoboek gehaal het nie. Maar eintlik kyk hy elke keer na net één: die seun wat 'n bietjie soos hý lyk in 'n dubbelfoto wat op 'n stukkie karton geplak is; die een links al laggende en die ander in 'n kis.

Later kom haal Ouma die doos by hom, sit die dubbelfoto saam met die res terug, blaas haar kers dood en gaan bed toe. Dis 'n gereelde ritueel, een wat ouma en kleinseun woordeloos ken en verstaan.

In Cas Wepener se kortverhale en romans bou die spanning gedemp op – altyd op die maat van 'n stadige, afgemete ritme, soos die tromslag in 'n dodemars. Jy is saam met sy karakters op pad. Die bestemming kan die toekoms, die verlede of vergifnis wees, maar soms ook die dood. En nie net die afsterwe van 'n karakter nie, maar ook van verstokte idees of onhoubare sienswyses.

Dis 'n lewensweg vol ingeboude rituele en simbole. Cas is immers 'n teoloog (in praktiese teologie aan die Universiteit Stellenbosch) en dis elemente van sy werk- en denkomgewings: herhaling wat herinneringe opdiep op die weg na vernuwing.



Dubbelfoto, sy kortverhaalbundel wat in 2013 verskyn het,

begin met “Memento mori”, die storie van ouma en kleinseun se belewenis van die dood. Cas is een van die Afrikaanse letterkunde se grootste denkers oor die sterwensproses. Nie net die dood as gebeurtenis nie, maar ook die aanloop en die invloed daarvan op ander of die omgewing.

In sy niefiksie-werk *Die reis gaan inwaarts: Die kuns van sterwe in die kreatiewe werk van Karel Schoeman* (2017) skryf Cas in die voorwoord: “Ná die voltooiing van hierdie studie en ten tyde van die finale redigering van die boek, het ek op 27 April 2017 aan Karel Schoeman 'n e-pos gestuur om hom vroegtydig in kennis te stel van die komende publikasie ... Op 29 April 2017 skryf hy terug: ‘In die huidige omstandighede wil ek liever geen verpligtings aangaan so ver in die toekoms nie, maar ek is nogtans dankbaar dat jy my van die verskyning van jou werk in kennis gestel het.’”

Schoeman spreek sy waardering vir die titel en ondertitel uit en voeg by met die dood, “gaan dit inderdaad om 'n 'kuns', al doen min mense die moeite om dit aan te leer – of dalk is dit vir die nog lewendes eenvoudig geen prioriteit nie. Ook is ek bly dat jy van die woord ‘sterwe’ gebruik maak, wat dui op 'n natuurlike proses, en nie die abrupte en angswekkende ‘dood’ nie.”

Twee dae later, op Maandag 1 Mei, neem die 77-jarige Schoeman sy eie lewe.



Met die lees van Cas se drie romans is dit die sterwenstonele, en die gepaardgaande rituele en simbole op die pad na dié bestemming, wat 'n mens byby.

In *Syferfontein* (2016) sterf Gertruida alleen op dié plaas aan kanker ná 'n lewe van verwerping en emosionele mishandeling deur haar man, Peet van Jaarsveld. Sy finale verwerping van sy vrou is wanneer hy haar kamerdeur in haar sterwensoomblikke toetrek en hulle getroue huishulp en Gertruida se vriendin, Saar, van haar wegkeer. Peet toets met 'n spieëltjie teen Gertruida se lippe hoe die wasemkolletjie yler en yler word. Hy gooi daarna die spieëls in die huis met 'n doek toe; enersyds 'n bygeloof, andersyds 'n vermyding van homself.

Johanna (2017) bring jou uit die staanspoor met die sterwensproses in kontak – een wat die titelkarakter bedaard aanpak: “Dat sy genoeg gehad het, weet sy al lank, maar dat vanaand alreeds die einde is, was nie vanoggend aan haar bekend nie.”

Sy mors 'n bietjie water op haar nek en bolyf wanneer sy die pille afsluk, vervies haar oor haar lompeheid en droog haar eers in die badkamer af voordat sy weer “moet terugkom in die bed”. Sy kyk vir oulaas in die spieël. “Geen grimering, geen juwele. Dan is dit dít.”

En in *Die slaghuis* (2019): “Dis daardie plek van onthou en van vergeet wat soos 'n groot stuk ongevormde pyn tussen hulle kom hang het. Hy leun effens na links, plaas sy hand op die sneller ... laat die loop van die vuurwapen tot teen sy kop kantel.” Op die terrein van die Voortrekker-monument tel hy die laaste sekondes af. “Sy uitsig op die stad verdwyn soos sy twee ooglede sluit.”

In *Tydskrif vir letterkunde* 54(2):163 (September 2017) skryf Cas in sy artikel “Karel Schoeman en die kuns van sterwe” onder meer dat “fiksie 'n unieke en potensieel belangrike visie bied op ritueel en selfs versorging wat nie op ander wyses verkry kan word nie”.

“Karakters se verstaan en belewenis van die werklikheid beïnvloed hoe hulle die kuns van sterwe, ofte wel die *ars moriendi*, beoefen en dit wil voorkom asof hulle inwaartse reis, wat saamhang met hulle reflektoring oor die dood, 'n ander venster oopmaak op die (harde) werklikheid van die lewe. Dit is deur reisend besig te wees met die dood, of

anders geformuleer, deur gasvryheid te betoon teenoor die dood as vreemdeling, dat engele reisgenote word.

“Karel Schoeman se lewe en kreatiewe oeuvre getuig van 'n inwaartse reis in die teken van gasvryheid teenoor die laaste gas op die lewensreis van die mens. Hy laat vir ons 'n besondere bron na waarby ons nog vir lank baat kan vind. Vir sommige mag hierdie tema en die waarde daarvan redelik morbied klink, maar in 'n dood-ontkenkende samelewing huldig ek hom daarvoor.”

In Cas se romans bied een karakter se dood moontlikhede van koersverandering vir die lewendes, of om sin te maak van hul lewe en denke. Op hierdie roete moet die karakters “wat voor my kom staan”, aldus Cas, kwessies soos skuld, versoening, waarheid en regstelling hanteer. “Ek vra: Wat is die waarheid? Wát is wíe se waarheid? Is een mens se waarheid dalk 'n ander se onwaarheid? In dié soeke na die waarheid skep ek rituele, dikwels versoeningsrituele.

“Ritueel het te make met die basiese en bykans basale kant van menswees, die handeling wat uit die lyf uit kom. Eers nadat dit uitgevoer is, word daaroor bewustelik nagedink en verklarings gesoek vir dit wat gedoen is. Daar was eers die rite en daarna die [verklarende] mite. Ek stel in die eerste instansie belang in daardie oeraspekte van die ritueel wat ek glo ons nog elke dag en orals rondom ons kan waarneem.”

Dis juis in sterwe en dood dat daar gepaardgaande simboliek en rituele lê, sê hy. “Daar is die klok wat gestop word, vensters wat oopgemaak word, die kleed wat oor die spieël gegooi word. Elke gebruik hang ten nouste saam met 'n spesifieke oortuiging.”

In *Johanna* kom die Afrikaner-sienswyse oor seksualiteit tot sterwe en in *Die slaghuis* en *Syferfontein* sy politieke verlede. “Soos in Suid-Afrika moet daar 'n oorgang plaasvind op die plaas Syferfontein ... die oue moet plek maak vir die nuwe,” sê Cas. “In die proses word offers gemaak, waarvan Gertruida die prominentste offer is. Dit wil voorkom asof die enigste moontlikheid dat nuwe lewe op Syferfontein kan uitspruit Peet se dood vereis, maar 'n sterwensproses het fases; fases soos ontkenning en woede.

“Om te sterwe is dikwels baie moeilik.” ♡

TEKS EN FOTO DEUR MARLENE MALAN



WOORDBEWUS

IN 'N TYD VAN KRISIS, KITSNUUS EN KLIKAAS

WOORDKEUSE IN DIE MEDIA KAN 'N INVLOED HÊ OP HOE LESERS OOR 'N SAAK DINK EN VOEL. *TAALGENOOT* HET BY 'N PAAR KENNERS GAAN AANKLOP OM TE HOOR OOR POLITIEK KORREKTHEID EN HOE DAAR MET SENSITIEWE ONDERWERPE OMGEGAAN WORD ...

“Elke drie dae in Frankryk word 'n vrou deur haar lewensmaat of eks vermoor. Opskrifte soos ‘gesinsdrama’ of ‘treurspel’ beskerm die skuldige – so of die daad onvermydelik was – en só word daarvan iets banaal gemaak.”

Aan die woord is Titou Lecoq, joernalis, skrywer en feminis. Sy spreek 'n lesingsaal vol studente by 'n vooraanstaande Franse joernalistiekskool toe enkele dae nadat die nuusagentskap AFP berig het minstens 122 vroue in Frankryk het in 2019 aan die hand van hul lewensmaat gesterf. “Ons móét die woordeskat in die media verander om daardeur sosiale verandering te bewerkstellig,” sê sy.

Prof. Lizette Rabe van die Universiteit Stellenbosch se joernalistiekdepartement sê dis nie net gesinsgeweld wat “gebanaliseer” word nie. Sy meen “goedkoop klikaas” (*clickbait*) en die getal trefslae wat 'n storie kry, is “skynbaar ook die maatstaf waarvolgens joernaliste – dié wat gelukkig is en nog 'n vaste pos het – se verdienste of meriete beoordeel word”.

Klikaas en opskrifte

'n Studie deur die Amerikaanse Persinstituut in 2014 het getoon ongeveer ses uit tien lesers lees slegs nuusopskrifte. ►

Dit is hoekom “koppe” so belangrik is, sê Susan Lombaard, uitvoerende hoof van Maroela Media. Volgens haar is Lizette se stelling ’n veralgemening en sy voeg by: “Om joernaliste aan klikke te meet is uiters ongesond.”

Susan gee toe hulle hou klikstatistieke dop en dit is vir joernaliste lekker wanneer hul stories gelees word, “maar integriteit en akkuraatheid weeg swaarder”.

“Natuurlik publiseer ons berigte wat ons weet mense na ons nuustuiste gaan trek,” sê Magda Swart, Netwerk24 se taalbaas. “As ons dit nie doen nie, gaan ons in die vergetelheid verdwyn.” Sy voeg by dit het niks met klikaas te doen nie. “Dit is ou beginsels van joernalistiek wat nou deurtrek na digitale nuus.”

Magda het die grootste deel van haar 40 jaar in die joernalistiek by koerante gewerk en sê ’n voorblad moes lesers “dwing om ’n koerant op te tel”. Koerante span steeds plakate in om lesers te lok en gebruik opskrifte op die voorblad wat “skreeu”. Sy meen dieselfde beginsels geld digitale nuus. “Skryf ’n opskrif wat mense na die berig gaan lok. Probeer dan die leser daar hou met ’n goeie inleiding en kopie wat daarop volg.”

Susan meen daar is ’n verskil tussen koerantkoppe en opskrifte in die digitale media. “Die doel van koerantkoppe is om aandag te trek sodat mense die koerant koop en lees,” sê sy. “In digitaal moet ons ook SEO (*search engine optimisation*) in gedagte hou sodat wanneer iemand ’n storie soek, hulle ons s’n eerste kry.

“Ons probeer so akkuraat moontlik wees; sonder om die hele storie weg te gee. As die kop te veel weggee, gaan mense nie klik nie, maar as die storie reeds ‘daarbuite’ is, is dit sinloos om inligting te weerhou.”

Maroela Media sal byvoorbeeld in ’n opskrif aankondig ’n sanger is verloof, maar eers in die berig noem wie dit is, sê Susan. “Dit is nie oneties nie. Wat oneties sou wees is om in die opskrif te sê ’n bekende akteur is verloof, maar dan is dit eintlik iemand wat twee keer as byspeler in ’n sepie verskyn het.”

Ras en raserny

Volgens Lizette kan ’n mens aanvaar woordkeuse, formulering en subteks het “’n geweldige invloed” op mense se denke. “Prof. Pieter Fourie van Unisa, redakteur van die *Media Studies*-reeks het nie verniet na aanleiding van die Afrikaanse media onder apartheid as die *mind manager* van Afrikaners verwys nie.”

Susan gebruik die voorbeeld van verwysing na ras. “Maroela Media verwys nie na ras nie, tensy die polisie of ’n ander party vra dat ’n sekere ras vir ’n spesifieke rede aangedui moet word. Hulle is dalk op soek na ’n wit verdagte van 30 of ’n swart bejaarde man wat weggeraak het. Ons kry geweldig baie kritiek. Sommige lesers wil

“TAALSOSIOLOGIE ONTWIKKEL VOORTDUREND EN DAAROM MOET VERAL JOERNALISTE EKSTRASENSITIEF WEES VIR DIE WAARDE VAN WOORDE.”

hê ras moet genoem word, want dit maak dit makliker om te blameer en die skuld op ’n groep te plaas.”

’n Voorbladopskrif wat ’n opskudding veroorsaak het, was *Volksblad* se “VS-topmatrieks is swart meisies” van 9 Januarie. Op Netwerk24 is dit volgens Magda “baie gou verander”, maar in *Volksblad* se gedrukte weergawe het dit in swart op wit bly staan.

Gert Coetzee, redakteur van *Volksblad*, merk op: “Dis interessant dat besware teen bogemelde opskrif gebalanseerd is in die opsig dat sommige aanstoot neem omdat nie spesifiek ook van wit meisies se prestasie kennis geneem word nie, terwyl ander weer gekrenk is omdat swart meisies ‘swart meisies’ genoem word.”

Hy sê die opskrif weerspieël bloot die inhoud van die berig, “met die LUR vir onderwys wat by monde die prestasie benadruk dat die topleerling en die toppresterende leerling albei swart is”. Die subopskrif lui “Geskiedenis gemaak”. “Al is dit ongemaklik, is dit feitelik korrek, akkuraat en waar.”


Gert gee by nabetrugting toe “die opskrif op sy eie is wel baie stomp”. Hy meen “Leerlinge maak geskiedenis in die Vrystaat” sou “meer generies en minder waarheidspesifiek wees”, maar oor die boeg van “maksimum inligting, minimum skade” geregverdig kon word.

Suïsied, selfdood of selfmoord?

“Taalosiologie ontwikkel voortdurend en daarom moet veral joernaliste ekstrasensitief wees vir die waarde van woorde,” aldus Lizette. “Daarom ook dat in Engels nie geskryf word ‘someone committed suicide’ nie, maar ‘someone died of suicide’, omdat ‘commit’ ’n strafbare daad kan impliseer.”

Net só moet daar in Afrikaans weggedoen word met “daardie argaïese frase van ‘selfmoord pleeg’”.

Volgens Lizette is dit nie net “stokou Afrikaans uit ’n era toe psigiese siektes nog nie eens begryp is nie”, maar dit “impliseer ook die persoon is ’n sonder en ’n krimineel”. Sy stel voor daar moet in Afrikaans, soos in Nederlands



(*suicide*) en Duits (*Suizid*), na die oer-Latyn teruggekeer word en dat “suïsied” en “suïsidaal” gebruik word om “meer neutraal te kan wees en die stigma om psigiese siektes te verbreek”.

Magda is ook “soos die meeste ander taalversorgers in die bedryf” teen die frase gekant, “maar ons hou by die opdrag om die eufemisme van ‘selfdood’ in te span”. Sy verkies om dit te omskryf na “hom- of haarself om die lewe bring” of “sy of haar eie lewe neem”.

Sy stem saam taalsosiologie ontwikkel voortdurend, maar “in dieselfde asem moet jy versigtig wees om nie soveel emosionele betekenis aan ’n bepaalde woord te heg dat dié woord uiteindelik sy oorspronklike betekenis verloor nie”.

Susan waarsku ook die baba moenie saam met die badwater uitgegooi word nie. Hoewel hulle ’n beginsel-besluit geneem het om te sê iemand “het sy eie lewe geneem”, glo sy enige woord kry by herhaalde gebruik ’n bepaalde betekenis. “Mense kan vreeslik frons oor ’n term wat tien jaar terug gebruik is en hoe onsensitief mense destyds kon wees, maar ’n mens moet die konteks en klimaat van daardie tyd en omgewing in gedagte hou en besef dit was nie met dieselfde emosie gelaai nie.”

Moeiliker in praktyk

Susan erken woordkeuse in die media het ’n groot rol te speel in hoe mense oor sensitiewe onderwerpe dink. “Die kies van woorde behoort vir ’n joernalis geweldig swaar te weeg.”

Sy meen egter dit is makliker gesê as gedaan. “’n Mens moet in gedagte hou dat joernaliste onder geweldige druk teen ’n geweldige tempo in die digitale era werk en dat daar partykeer vyf dringende stories met onmiddellike spertye op ’n joernalis se tafel lê. Dit is nie meer ’n koerant wat eers môreoggend verskyn nie.”

Magda beaam dit en voeg by “taalversorgers by koerante het nie tyd om ure lank te sit en praat oor die gebruik van ’n bepaalde woordjie nie”. Sy en Susan wys daarop Netwerk24 en Maroela Media se stelsels maak voorsiening vir “lae van verantwoordbaarheid” sodat indien iets deurglip, dit so gou moontlik reggestel kan word.

“Taal mag nooit as verskoning voorgedhou word om nie versigtig te wees nie,” sê Susan. ♡

DEUR LYNNÉ SCHOEMAN
ILLUSTRASIES: WILLEM SAMUEL

DAWID MINNAAR



'N WAARLIK



TONEELSPEL IS VIR
HOM 'N FYN AMBAG
WAT HY AL LANK
SLYP EN WAT JARE
GELEDE IN DIE
EENSAME LANDSKAP
VAN NAMIBIË NA HOM
KOM SOEK HET ...

VRY MAN

Die veteran-akteur Dawid Minnaar is ewe tuis in die woestyn as in die stad – solank hy toneel kan speel. Dankie tog hy het nie op skool in wiskunde uitgeblink nie, anders het hy dalk 'n argitek geword en sou die Suid-Afrikaanse toneellandskap 'n armer plek gewees het! Sy eerste optredes het hy kleintyd al gedoen, daar op die familie se karakoelplaas in die destydse Suidwes-Afrika se Helmeringhausen.

Jy word nie onaangeraak groot in die Namib nie, sê Dawid. “Dit het beslis bygedra tot my beroepskeuse. Daai uitgestrekte landskap ... dit het te doen met vryheid.”

As laatlam (hulle was vyf kinders) was hy eintlik 'n alleenkind – baie na aan sy ma en verknog aan die plaas. Ná al die jare kan hy steeds Helmeringhausen se dorpuitleg met sy wysvinger op die tafelblad natrek: stoor, winkel, vulstasie, ou poskantoor, nuwe poskantoor, tennisbaan, ou *mister* Hester se huis, hotel, klein *mister* Hester se huis ...

“Helmeringhausen het nie een van die euwels van skool, kerk of daai soort fasiliteite gehad nie,” sê hy. “Hoewel skool nou seker nie so 'n euwel is nie.”

Maar as jy die eerste keer skool toe moet gaan en daar lê so 100 km se grondpad tussen jou en jou ouerhuis is dit 'n ander saak.

Dawid se ma het volgehou hy is nog te klein vir Bethanie se koshuis en hy het die eerste jaar-en-'n-half by tant' Kitty Kamfer, die koster, gebly. Twee naweke 'n kwartaal kon jy huis toe gaan. 'n Derde naweek sien jy jou ouers wanneer hulle dorp toe kom vir nagmaal.

Die grondpad huis toe was van die agterkant van die skool sigbaar en die kinders kon dadelik sien wanneer iemand aankom, vertel Dawid. “Jy weet sommer dis jou pa se stof! Sondae is dit weer terug skool toe, want Pa kon nie altyd Maandae inkom nie. Pa moet by die skaap wees.”

Kuiers op die plaas is afgeskaal na vier 'n jaar toe hy na die Hoër Jongenskool Paarl is. Die Suidwesters is per trein huis toe. “Twee keer het ons besluit ons sien nie kans vir die trein nie en geryloop. Twee keer het ons die trein geklop!”

KONSERT IN DIE VELD

Dis die landskap van sy kinderjare en die kultuur van radio wat Dawid uiteindelik in 'n dramarigting gestuur het. Hy't grootgeword met vervolghverhale oor Springbokradio en die wonder van rolprente in 'n skoolsaal. Op die plaas was dit net hy en sy verbeelding.

“Ek het nooit ander kinders gemis nie,” sê Dawid. “Ek kon in daai veld al my drome uitleef en uitskreeu en konsert hou. Dan maak ek karakters op, hê gevegte met myself en hou agterna onderhoude met myself!”

Hy onthou nog die beeld van sy pa waar dié eendag met skrefiesoë en ken op sy gevoude arms op 'n damwal geleu

en hom aan een van sy laatlam se “konserte” verkyk het. “Hy moes seker gedink het, ‘Watse kind is dié?’”

Op 'n plek waar die veld 'n soort amfiteater gevorm het, het Dawid een van die klankbane van sy jeug opgevoer, “Hot August Night” van Neil Diamond. “Ek het die luukse gehad van alleenheid,” sê Dawid. Met 'n tikkie verbeelding kan jy hom nog hoor:

*But I got an emptiness deep inside
And I've tried
But it won't let me go
And I'm not a man who likes to swear
But I never cared
For the sound of being alone*

Sy ouers – pa Dawid Johannes de Villiers, wie se name hy trots dra, en ma Cecilia Margaretha Isabella – was konserwatief en godsdienstig, maar het hom nooit ingeperk nie. Hy kom van 'n generasie kleinboere. “*Peasants*,” sê hy, “maar dis nie 'n neerbuigende term nie. Dis landelike Afrikaners; eenvoudige mense.”

Ná skool het hy diensplig gaan doen by die pantserskool in Bloemfontein. Van dié tyd onthou hy hoe fiks hy was en die krummelpap wat die Vrystaters graag eet. “Ek kan nie pap en vleis eet nie,” sê Dawid, maar gee hom krummelpap en, saam met melk en suiker, word dit sommer nagereg.

Saam met die tyd vir universiteit het die moeilike keuses gekom. “Ek het eintlik geweet wat ek wil doen, maar dit was so ongelooflik ver van die verwagtings.”

Kleintyd wou hy veearts word omdat hy lief was vir diere; later het “te dom in wiskunde” sy argitektdroom gekelder. Hy skryf hom toe by die Universiteit Stellenbosch in vir 'n BA-graad met die idee om stads-en-streekbeplanner te word, want “dit het geklink na iets waarvoor ek nie 'n pak en das moet dra nie”.

In Helshoogte-koshuis het hy 'n oudisie vir die jaarlikse opvoering geslaag en daardie jaar was dit *Die koffer* van André P. Brink.

Die koeël was deur die kerk. Hy't begin om Vrydae klasse by Babs Laker se Akademie vir Dramakuns (ADK) by te woon. “Teen Maart, April het ek besluit dís wat ek gaan doen.”

EERSTE TV-TREEË

Sy ouers se reaksie daarop? “*They did not miss a beat.*”

Hy't oorgeskakel na 'n dramakursus en volgehou met die klasse by die ADK, wat meer praktyk gerig was as Maties se dramadepartement. Daarna is hy na die Universiteit van Kaapstad.

“Die studente het die hel uit my geïntimideer. Hulle was ►



**“DIT GAAN NOU ALLES OM
OORLEWING EN WAAR JOU
VOLGENDE WERK VANDAAN
KOM. DAAR IS NIE RUIMTE OM
TE VEEL TE DROOM NIE, JY
MOET NET DOEN.”**







so vol selfvertroue!” Ikeys se dramadepartement het dosente gehad wat heeltydse akteurs was “en nie net akademië wat gefrustreerde akteurs was nie”.

Dawid se ma het intussen ’n beroerte gehad en sy ouers het na Windhoek verhuis. Ná die verwerping van sy honneursgraad wou hy nader wees aan sy ma en hy het hom by die destydse Suidwes-Afrikaanse Raad vir Uitvoerende Kunste, onder leiding van Mees Eksteen, aangesluit. Kollegas het Aletta Bezuidenhout, Jannie Gildenhuys, Jana Cilliers en Regardt van den Bergh ingesluit wat as gaskunstenaars opgetree het.

’n Jaar later is hy terug Kaapstad toe waar hy werk vir die destydse Kaapse Raad vir Uitvoerende Kunste gedoen het.

Sy eerste TV-rol het gekom toe die regisseur Manie van Rensburg ’n dramareeks oor C.J. Langenhoven gemaak het en in 1986 het Dawid by die Markteater in Johannesburg begin werk.

Hy beskou die Mark steeds as sy “teatertuiste”. In Mei verlede jaar was hy twee maande op die verhoog in Londen in Athol Fugard se *A Lesson From Aloes*. Londen se teaterkultuur, “met ’n teater vir elke gehoor” het hom uitgeboul. “Dit was te wonderlik!”

Volgens Dawid was teater nog nooit regtig deel van die Suid-Afrikaanse kultuur nie. “Ons was nog altyd ’n soort pioniersamelewing. Vir daai mense in Londen is dit soos brood en botter. Selfs mense in Suid-Afrika met ’n opvoeding gaan nie teater toe nie. Ons is meer buitelugmense.”

Daarby het die toneellandskap ingrypend verander. Die ooraanbod van toneelstukke het verdwyn en die oorfloed oorklankingswerk het opgedroog. “Stukke het geen lewensduur meer nie,” sê hy. “’n Mens word net drie weke gegun om vir ’n produksie voor te berei. Dit gaan nou alles om oorlewing en waar jou volgende werk vandaan kom. Daar is nie ruimte om te veel te droom nie, jy moet net doen.”

En hy “doen” alte vlytig, veral op die groot skerm. Hy was hoofakteur in *Die wonderwerker* en ook te sien in die nuwe weergawe van *Fiela se kind*, asook *Kanarie* en *Dis ek, Anna*; meer onlangs ook in *Poppy Nongena*, die rolprentverwerking van Elsa Joubert se gelyknamige roman. Hy is vanjaar ook op die Klein Karoo Nasionale Kunstefees in Wessel Pretorius se drama *Wilde-als* te sien waarin hy teenoor einste Jana Cilliers speel.

Hoewel Dawid in die sepie *7de Laan* speel en in reekse soos *Sara se geheim* en *Knapsekêrels* verskyn, besit hy nie ’n TV nie. Sy swart-en-wit-kassie is destyds uit sy huis in Troyeville in Johannesburg gesteel en hy’t dit nooit vervang nie.

“Ek dink nie dis ’n mooi ding om in jou huis te hê nie. En ek is bang ek raak verslaaf daaraan!”

Wanneer hy in die Kaap by familie kuier, skuif hy wel voor die TV in vir ’n behoorlike “vergrypyk”. Dawid is gek na tennis en krieket. Tydens dié onderhoud het die Proteas pas in die eerste van vier toetse met Engeland afgereken – ’n sprankie hoop ná verlede jaar se Wêreldbeker-teleurstelling – maar hy wil geen



“EK DINK NIE DIS ’N MOOI DING OM IN JOU HUIS TE HÊ NIE. EN EK IS BANG EK RAAK VERSLAAF DAARAAN!”

voorspellings waag nie. “Hulle is so onvoorspelbaar en wisselvallig. Hulle maak my mal!” Hy besluit gereeld om “nooit weer” krieket te kyk nie “en dan volg ek hulle skelm agter hulle rug”.

Dawid lees baie en gaan fiek graag alleen. En wanneer hy wegstap na dié onderhoud, is dit of ’n mens weer “Neil Diamond” se Namib-konsert kan hoor:

*I’ll be what I am
A solitary man* 🌹

DEUR JOHANNA VAN EEDEN
FOTO’S: ANDRÉ BADENHORST/BLACK FRAME
PHOTOGRAPHY

PRODUKSIE-ASSISTENT: ALAN SAYERS, KIRSTEN FERREIRA
EN CHRIS DOS SANTOS
*ANDRÉ SKIET MET DIE FUJIFILM GFX 50R.

DAAR'S VREDIGHEID OP MY STOEP

'N EENVOUDIGER, RUSTIGER LEWE IS VIR TALLE STADSJAPIES, EN
VOORNEMENDE PENSIOENTREKKERS, DIE EERSTE PRYS. MAAK NIE SAAK
WAT DIE REDES IS NIE, DIE PLATTELAND SE BEKORING IS ONBETWISBAAR ...



Die lewe se al hoe vinniger tempo en die skynbaar nimmereindigende rotresies is vir talle mense 'n groot kwelling. Voeg daarby die land se hoë misdaadvlak en dié mense het min aanmoediging nodig om die stadslewe vaarwel te roep en na die platteland te verhuis. Ander droom weer van 'n sorgvrye aftrede ver van die betonoerwoud se rumoer.

Carina Stander, kunstenaar, skrywer en joernalis, en haar man, Gerrit, het 12 jaar gelede van Kaapstad na Tsitsikamma verhuis en sy beskryf hulle bestaan as idillies. "Dit was van kindsbeen ons albei se droom om op die Tuinroete te woon," sê sy.

Maar droom en werklikheid kom nie altyd bymekaar uit nie en afskaal bied talle uitdagings. Liezl Thom, lewensafrieter, sê enige groot verandering gaan met 'n mate van verlies gepaard. "Terwyl die aktiewe deel van verhuising nog aan die gang is, is dit maklik om hierdie gevoelens opsy te skuif, maar wanneer die bokse eers uitgepak is en die nuwe omgewing 'n realiteit begin raak, vind mense dikwels hulle is hartseer en bevraagteken die skuif.

"Dis hier waar vasberadenheid en deursettingsvermoë broodnodige eienskappe word. In enige veranderingsproses is daar 'n aanpassingstydperk."

WAAROM DIE PLATTELAND ROEP

Carina sê hulle sou seker steeds in Kaapstad gewoon het as dit nie was vir die huisbraak in Houtbaai waarin Gerrit vir dood agtergelaat is nie. "Ons het nog 'n paar jaar daar gewoon sodat ek my nagraadse studies kon voltooi. Toe ons eersteling gebore is, het ons besluit om hom sonder die vrees vir misdaad groot te maak. Hy was vier maande oud toe ons sak en pak getrek het."

Luricka Fick, voorligtingsielkundige, sê verskeie faktore kan in só 'n skuif ter sprake kom. "Selfs die lewensfase waarin mense hulle bevind, kan 'n rol speel. Dit kan ook wees dat die platteland goedkoper en meer ruimte, sowel as uitsig, gee aan die lewe. Daar is min dinge wat die lewe so in perspektief plaas soos wanneer jy die natuur kan geniet en asemhaal!"

Volgens Liezl is een van die voordele dat mense meer beheer verkry oor hóé hulle wil lewe. "Nog 'n voordeel is dat die verandering in omgewing 'n mens met nuwe oë na jou gesinslede – en veral lewensmaat – laat kyk. Die nuwe omgewing kan 'n mens ook nuwe passies laat ontdek, of herontdek."

Aan die negatiewe kant, sê sy, plaas verandering dikwels baie druk op verhoudings, veral as ál die partye nie heelhartig daartoe ingestem het nie. "Nog 'n nadeel is dat 'n mens jou steunnetwerk van voor af moet opbou. 'n Groot uitdaging vir ►



“ONS IS NIE BEREID OM HIERDIE VREDE, VEILIGHEID EN NATUURSKOON OP TE OFFER NIE.”

baie mense wat uit 'n bekende omgewing trek, is vereensaming. Wanneer die bekende agtergelaat word – veral as 'n mens ouer is en moeiliker vriende maak – bestaan die gevaar dat jy jou heeltemal van die samelewing kan onttrek.”

Luricka wys daarop sommige mense kwel hulle oor 'n moontlike verlies van sosiale status, want wat gaan die mense sê wanneer julle nie meer in 'n yslike huis woon nie? “Dit is dus belangrik om 'n goeie balans te handhaaf en vrede met 'n minder komplekse lewenstyl te maak.”

Carina sê Gerrit verdien ongeveer 'n derde minder as in die stad. Danksy die internet behou hulle egter maklik kontak met die buitewêreld – en dis al wat hulle nodig het om hulle werk te kan doen. “Gerrit programmeer vir maatskappye in Gauteng, maar hy pendel nooit nie – alles gebeur oor die internet en via WhatsApp-oproepe. Hy het selfs in 'n stadion Los Angeles en San Diego se lughawens se inligtingsborde geprogrammeer terwyl hy hier in donker Afrika in ons straatliglose dorpie sit met sy skaapvelpantoffels aan sy voete!


“In die 12 jaar dat ek hier in die boendoe woon, het ek 'n digbundel en drie romans gepubliseer. Ek het elke boek met 'n solokunsuitstalling bekend gestel deur via vonkpos kontak te maak met die galerye en die werk dan te koerier. Tussendeur skryf ek vir 'n tiental nasionale tydskrifte en koerante. Ek staan totaal buite die politiek van die bedryf, doen net my werkjie behoorlik en stuur dit stiptelik weg.”

MAAK DIE SKUIF MAKLIKER

Liezl sê dis belangrik om geduldig met jouself en jou wederhelf te wees. “Gun jouself tyd om gewoond te raak aan die nuwe omgewing en roetine. Deursettingsvermoë, 'n positiewe ingesteldheid en 'n stewige skeut humorsin is ook belangrike bestanddele om die verandering so maklik moontlik te maak.

“Die grootste mag wat ons as mense het, is dat ons keuses het. Ons kan kies hoe ons op enige gegewe situasie reageer. Jy kan kies om jou blind te staar teen al die uitdagings of jy kan kies om die opwinding van die nuwe omgewing terdeë te geniet.”

Dis belangrik om 'n morele inventaris van jou lewe te neem, sê Luricka, en dan die dapper besluit te neem om slegs die fisieke en emosionele komponente te behou wat jou dien. “Party eiendomskenner sal voorstel dat jy die groot meubels en goed verkoop en slegs die kleiner, meer sentimentele goed saamneem platteland toe.



“Wanneer jy klaar opgepak is, halveer die getal bokse en neem slegs dit wat vir jou vreugde bring. En laastens, neem foto's van goed wat jou na aan die hart lê as jy bang is dat jy die herinnering vergeet wat met die toestel of erfstuk gepaardgaan, maar waarby jy nie meer baat vind nie.”

Dit lyk bepaald of Carina-hulle se storie 'n gelukkige einde het. “Ons is nie bereid om hierdie vrede, veiligheid en natuurskoon op te offer nie,” sê sy. “Om ons seuns te sien grootword in 'n plek waar ons soggens wakker word met blouape op die dak, bosbokke in die agtertuin, Knysna-loeries altyddeur en die stilte, die woud, fynbos, see en sterre is 'n voorreg.

“Hierdie is die regte habitat vir ons gesin. Hier is gereeld maats wat kom speel, so ons seuns is ook glad nie eensaam nie. Ons hoop om lewenslank hier te kan woon.”

DEUR ANNE MARAIS
ILLUSTRASIES: LOUIS VAN DEN HEEVER

NOG WENKE VIR AFSKAAL

Baie mense mis die kultuurgeleenthede wat die stad bied. Danksy die internet is daar egter talle geleenthede aanlyn:

- Vir aanlyn skryfkursusse besoek skryfgeheime.com. Amazon Kindle bied ook e-boeke te koop.
- Maak 'n draai by aanlyn kunsgalerye soos art.co.za, unsungart.co.za en vgallery.co.za.



AUTO & GENERAL MOTOR-
EN HUISINHOUDVERSEKERING

auto & general
motor | huis | besigheid | lewensversekering

SKAKEL 0860 28 28 69



HERFSBLARE HOEF NIE HERFSTRANE TE BRING NIE

Die lang, warm somerdae gaan binnekort die wyk neem voor die koeler herfsweer, maar moenie in die versoeking kom om jou versekering op ys te plaas nie – misdaad en die noodlot hiberneer nooit nie. Kry Auto & General Motor- en Huisinhouversekering, en geniet dekking teen risiko's wat jou warm onder die kraag laat voel, soos:



Dekking vir jou motor,
sodat jou wiele aan die
rol bly



Dekking vir jou geboue
en strukture teen 'n
verskeidenheid van
risiko's



Draagbare besittings-
dekking vir dinge soos
jou skootrekenaar, selfoon
en selfs jou bril

MOENIE TOELAAT DAT BEKOMMERNIS JOU KOUE RILLINGS GEE NIE –
SKAKEL ONS SOMMER VANDAG NOG VIR 'N KWOTASIE.

MEER KLEURE AS DIE REËNBOOG

DIE GENDERDEBAT WORD AS 'N WÊRELDREVOLUSIE BESKRYF, MAAR BAIE MENSE WORSTEL NOG MET SELFS DIE MEES BASIESE TERMINOLOGIE, WAT NOG TE SÊ VAN DIE VAANDEL DRA ...


Is jy regtig wie, of wat, jou gender sê jy is? Of jy nou 'n gay predikant in die NG Kerk of Caster Semenya is. Of dalk 'n student aan die Universiteit van Kaapstad, wat besluit het jy mag jou gender as “neutraal” aandui. Op Facebook het jy tot 71 gender-opsies wanneer jy jou profiel opstel.

Annemie*, 'n beroepsvrou wat ook lesbies is, was 16 jaar met 'n man getroud. “Ek het selfs 'n kind by hom gehad,” sê sy. “Ons is uiteindelik geskei omdat ons besef het dat ons mekaar moontlik weerhou van meer vervullende verhoudings. Ek het in die

huwelik beland omdat ek geglo het dis die Bybelse ding om te doen en dat ek geen ander opsie het nie.

“Ek het aanvanklik gedink ek is biseksueel, maar nadat ek op universiteit seksueel by 'n vrou betrokke was, het ek geweet ek is lesbies. Ek wou egter aanvaar word deur God en mens en daarom het ek 'n heteroseksuele huwelik betree.

“My man het geweet van my voorkeur, maar ons het baie hard gewerk aan die huwelik en het geglo dit sou kon werk. Dit was egter vergeefs. Ek het aan depressie begin ly en selfdood oorweeg. My



man het hom ál meer in sy werk verdiep. My hunkering na die sagtheid van 'n vrou wou net nie weggaan nie. Nie eens berading kon ons huwelik red nie.”

GENDER IS NIE GESLAG

Gloria Steinem, Amerikaanse skrywer, feminis en aktivis, het reeds as tiener besef gender is 'n belangrike, maar ook beperkende kwessie. “As 'n vrou verkrag is, was dit háár skuld. As 'n vrou swanger geraak het en moes trou, is sy beskinder. Ek het algaande besef 'n mens moet baie versigtig met die kwessie van gender omgaan,” sê sy.

Terwyl geslag verwys na die biologiese verskille tussen man en vrou, het gender met die kulturele verwagtinge om hulle rolle te make. Tradisioneel het mense vaste verwagtinge om geslag gehad en enige afwyking is as abnormaal beskou. Deesdae word gender as 'n kontinuum, of spektrum, gesien waarin mans en vroue uitdrukking aan hulle teenoorgestelde kant kan gee.

Gender het wel ook te make met seksuele oriëntasie. Vossie Goosen, kliniese sielkundige van Johannesburg wat onder meer in gender spesialiseer, sê: “Afrikaans sal dalk nog sy eie woorde moet ontwikkel om die ingewikkelde persoonlike verskeidenheid in seksuele uitlewing te benoem. Gender dui op die delikate beoefeningspatrone wat op 'n kontinuum is met wat ons ‘heteronormatiewe heteroseksualiteit’ noem.

“Gender omvang die verskillende vorme van verhoudings- en seksuele uitlewingspatrone in albei geslagte, persone wat die geslagsdele van albei geslagte het of in persone wat die geslagsdele van die ander geslag ontwikkel en oorplant.

“Ongeag daarvan dat 'n eiertjie en 'n sperm lewe moontlik maak, is die verskeidenheid in seksuele uitlewing soveel meer kompleks en nie geskool op net die verwekking van die volgende geslag nie. Die Franse teoretikus Jean Laplanche het gesê seksualiteit is nie net as 'n ‘instink’ in DNS aanwesig nie, maar word ook in ons vroegste lewenservaringe gevorm. Ouers, en veral die ouer wat die meeste met die baba te doen het, kommunikeer haar of sy gevoelens oor seksualiteit en begeerte aan die nuweling sonder om enigiens bewus te wees van hoe bepalend daardie

oordrag is.

“Vir die res van ons lewe probeer ons dan sin maak uit wat ons vroeg reeds probeer vasvang en nooit ten volle kán vasvang of vir onself vertaal nie,” sê Vossie. “Die term gender ondervang juis hierdie verskynsel of proses.”

GESOSIALISEER EN GEKONDISIONEER

Laurie Gaum, gay NG predikant en skrywer, sê mense word grootgemaak om op 'n sekere manier te dink en op te tree. “Seuntjies word geleer om blou aan te trek en met karretjies te speel, terwyl meisietjies pienk klere dra en geleer word om pop te speel.”

Volgens hom is daar 'n wêreldgenderrevolusie aan die gang. “Voorheen is gedink in terme van die binêre opposisies van manlik en vroulik en mense is primêr só gekategoriseer. Nuwe navorsing wys egter dat mense op 'n kontinuum, of spektrum, lê met baie variasies tussenin. Gender is 'n sosiale konstruk, onafhanklik van biologiese geslag, en daar is baie verskille in hoe mense hul gender-identiteit vind en uitdruk.”

Dis 'n kwessie wat ook wetenskaplikes aan die gons het. Navorsers verskil oor die mate waarin biologiese, neurochemiese en evolusionêre, asook sosiale en kulturele faktore, 'n rol speel. Maar hoekom is dit so 'n sensitiewe saak? Laurie sê gender-“verskuiwings” bedreig die status quo. “Mense wil sekerheid en voorspelbaarheid hê. Hulle hou nie van verandering en van dit wat anders is nie. Mense is boonop oningelig oor wat presies gender behels.”

Ons brein verkies eintlik voorspelbaarheid, skryf die Amerikaner dr. David Rock, 'n denkleier op die gebied van neurowetenskap. “Enige afwyking van die normale en enigiets wat anders en onseker is, word deur die limbiese sisteem van die brein as 'n bedreiging ervaar.”

Sorika de Swardt, kliniese maatskaplike werker van Gauteng, sê gender is ten diepste 'n menseregtekwestie. “Diskriminasie teen iemand op grond van gender is 'n skending van menseregte en in Suid-Afrika word mense se regte in die Handves van Menseregte beskerm. Die hele kwessie van vroueregte het ook die fokus op gender-

**“ONGEAG DAARVAN DAT 'N EIERTJIE EN 'N SPERM LEWE MOONTLIK
MAAK, IS DIE VERSKEIDENHEID IN SEKSUELE UITLEWING SOVEEL MEER
KOMPLEKS EN NIE GESKOOLOP NET DIE VERWEKKING VAN DIE
VOLGENDE GESLAG NIE.”**

ongelykheid en diskriminasie, veral in die werkplek, geplaas.”

MEER BEGRIP, ASSEBLIEF!

Laurie bepleit 'n groter bewussyn om gender. “Dis belangrik om na mekaar se stories en pyn te luister,” sê hy. “Ek is betrokke by 'n organisasie wat groter bewustheid en sensitiwiteit om gender fasiliteer, asook om diverse gemeenskappe in hierdie verband met mekaar te verbind en 'n veilige ruimte te skep waar mense hulle stories kan deel en in gesprek met die gemeenskap kan tree.”

Die lewens- of seksdrang kan nie vasgevang of beheer word nie, sê Vossie. “Dit laat ons weerloos. Ons voel uitgelewer. Daarom is dit belangrik om hierdie sake nie bloot te probeer vereenvoudig nie.

“'n Groter begrip daarvan help om die individu in sy of haar uitlewing van sy of haar seksualiteit en behoefte aan intimiteit te steun. 'n Groter bereidwilligheid om te erken dat seksualiteit kompleks is en nie onder ons beheer is nie, kan groter respek vir verskillende moontlik maak sodat ons dié tussen ons wat anders is as onself kan ontdek, begin verstaan en gesonde verhoudings met hulle kan bedryf.”

Die Amerikaanse opvoedingspesialis Aya Kibesaki van die Global Partnership for Education skryf 'n genderbewustheid moet reeds op skool gevestig word. Genderstereotipes in skoolhandboeke moet vermy en meisies geleer word wat hul regte is en om standpunt daarvoor in te neem.

Steinem sê die eintlike mikpunt moet wees om ontslae te raak van die idee van gender. “Toe ek in Indië gewoon het, het ek ontdek daar is tale waarin ‘hy’ en ‘sy’ glad nie voorkom nie. Ouers moet hul kinders grootmaak sodat meisies hulself nie as minderwaardige burgers sien nie. Seuns, daarenteen, moet hulself ook nie as beter beskou nie.” ♡

DEUR ANNE MARAIS
ILLUSTRASIE: CHRIS VALENTINE

‘KOM ONS PRAAT’

Die joernalis Lourensa Eckard het verlede jaar op Aardklop 'n gesprek oor die *wake*-debat gelei en sy gaan vanjaar op die Woordfees oor feminisme praat. “Daar heers baie onsekerheid om gender en 'n swart-wit-benadering is gevaarlik,” sê sy. “Dis gevaarlik om bloot tradisie uit te daag. Aan die ander kant is dit ook gevaarlik om té versigtig met dié debat om te gaan. Polarisasie is nie die antwoord nie en ook nie uiterste politieke korrektheid nie. Ons kort meer feite. Om bloot te sê gender is 'n sosiale konstruk en biologie by die agterdeur uit te gooi, is ook nie gewens nie.”

DIE KERK EN DIE WETENSKAP

In godsdienskringe is daar besware teen liberale teologie en argumente wat nie Skrifgefundeerd is nie. Die NG gemeente Moreletapark in Pretoria het byvoorbeeld sterk standpunt ingeneem teen die algemene sinode se besluit oor gays. Volgens Pieter Breytenbach, bedryfs-hoof van Moreletapark, “is ons oortuig dat die Skrif ons leer 'n huwelik is die lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou wat mekaar met die liefde van Christus versorg. Ons glo dat die Skrif daarvoor duidelik is dat alle seksuele verhoudinge buite die huwelik teen God se wil en plan is. Ons glo die beoefening van enige seksuele aktiwiteit buite die raamwerk van die huwelik is teen God se wil en plan soos alle ander sondes waarvoor die Skrif praat. Die gemeente se deure staan met die liefde en deernis van Christus oop vir alle mense. Wanneer 'n persoon egter in enige sonde volhard kan hy of sy nie in 'n leiersposisie in ons gemeente dien nie. Ons wil steeds die oop arms van Jesus wees wat vir alle mense genade, vergifnis en heling bied.” Oor die argument dat gender 'n sosiale konstruk is, sê Pieter die kerk glo man en vrou is deur God geskep en God bepaal die geslag. “Die sosiale omgewing kan mense se optredes bepaal en beïnvloed, maar nie hul geslag nie.”

Ook in wetenskapgeledere is daar onenigheid. Volgens die webwerwe simplypsychology.org en nature.com is studies na genetiese en hormonale faktore se rol in gay-wees onvoldoende. Daar is ook besware teen die feit dat sulke toetse in laboratoria's op diere uitgevoer is. Daar word aangevoer die resultate kan nie sonder meer op mense van toepassing gemaak word nie.

VERSTAAN DIE TERME

Geslag: Word volgens 'n persoon se geslagsdele bepaal.

Gender: Wáár 'n mens in die kontinuum tussen manlik en vroulik val. Sommige val in die middel of beweeg op en af.

Cisgender: Wanneer jy met dié geslag identifiseer wat by geboorte aan jou “toegeken” is.

Transgender: Wanneer jy met 'n ander geslag identifiseer as wat by geboorte aan jou toegeken is.

Transseksueel: Wanneer jy 'n geslagsveranderings-operasie ondergaan het.

Binêr: Die geslagte van manlik en vroulik weerskante van die spektrum.

Nie-binêr: Sambreëlterm vir geslagte in die spektrum tussen manlik en vroulik.

Poli-/multi-gender of geslagtelik: Wanneer 'n persoon gelyktydig met vele genders identifiseer.

Gender-ekspressie: 'n Persoon se gender-uitdrukking deur middel van kleredrag, haarstyl en grimering.

LGBTQ: 'n Akroniem vir lesbies, gay, biseksueel, trans-gender, queer en enigeen wat onseker oor hul gender is.

A black and white photograph of a steam locomotive moving through a misty, mountainous landscape. The locomotive is on the right side of the frame, emitting a large plume of white steam that fills the lower half of the image. The background shows rolling hills and a cloudy sky.

MIN ERAS WORD DEUR SOVEEL
HERINNERINGE OMHUL SOOS DIÉ
VAN STOOMTREINE. DIE KLIK-KLAK
VAN HUL WIELE IS ONLOSMAAKLIK
DEEL VAN SUID-AFRIKA SE
GESKIEDENIS EN IN KWAZULU-
NATAL, SOOS ELDERS, DOEN
VRYWILLIGERS HUL BES OM DIÉ
NOSTALGIE TE LAAT HERLEEF ...

EXPRESS NA



GISTER

Dit is 26 Junie 1860. Die eerste spoorlyn vir stoomgedrewe lokomotiewe wat die Durban-middestad met die nabygeleë hawe verbind, word met groot fanfare in gebruik geneem. Die lyn strek 3,2 km.

“Vandag is dit moeilik om te verstaan hoe daar soveel opgewondenheid kon wees oor ’n spoorlyn so lank soos my arm,” sê Adrian Stowe, kurator van die Inchanga-spoorwegmuseum in KwaZulu-Natal en lid van die Suider-Afrikaanse Spoorwegvereniging, al laggende. “Maar onthou, dit was ’n tyd toe perdehoewe die spoed van vervoer bepaal het. Die treinspoor was net ’n paar kilometer lank, maar die koms van stoomlokomotiewe het ’n merkwaardige verskil gemaak aan mense se lewe.”

Die ossewa was destyds steeds die betroubaarste vorm van vervoer, aldus Adrian, maar riviere in vloed en die elemente kon sake in ’n oogwink deurmekaarkrap. Wanneer ’n gebied deur droogte geteister is, was die osse boonop ondervoed en hulle het stadiger beweeg. Swaar vragte het ook die reistyd verleng.

Volstoom die toekoms in

“Of dit nou winter of somer was, in die reën of in die son, die stoomtrein was betroubaar en voorspelbaar,” sê Adrian. “Die spoorweë het selfs ’n rol gespeel in die vestiging van standaardtyd oor die land heen! Tyd is maar altyd aan die sonsopkoms en sonsondergang in elke dorpie gemeet. Natuurlik sou hierdie stelsel nie deug met die koms van treine nie.”

Die treine het in die algemeen stiptelik geloop en goedere het hulle bestemming op die bepaalde tyd, teen ’n bepaalde koste en in goeie toestand bereik. Vir die eerste keer kon bederfbare produkte op een plek gelewer en elders verbruik word. Daarby kon duur, ingevoerde items soos klaviere onbeskadig by die koper ►



HOOFFOTO EN BO: ELKE LOKOMOTIEF BY UMGENI STEAM RAILWAY KRY 'N NAAM GEKOPPEL AAN DIE MASJIE SE GESKIEDENIS. DIS 'N GEBRUIK WAT DIE GEVOEL VAN NOSTALGIE EN INTIEME BETROKKENHEID VERSTERK. FOTO'S: UMGENI STEAM RAILWAY



'N JONG VRYWILLIGER BY UMGENI STEAM RAILWAY WAT DIE VUUR STOOK.

uitkom.

“Ek kan bladsye vol skryf oor die ongelooflike potensiaal wat stoomtreine vir die 1800's ingehou het!” sê Adrian. “Kommersieel het dit die weg gebaan vir industriële ontwikkeling in Suid-Afrika en skolasies het dit deure oopgemaak vir kinders om na gesogte skole te gaan. Behalwe vir seemanne het net 'n handjievol mense in daardie stadium ooit verder as die naaste dorp gereis. Die koms van daardie eerste 3,2 km spoor het mense 'n voorsmakie gegee van wat moontlik is. En hulle wou méér hê. Daardie paar kilometer treinspoor het in der waarheid ons moderne era ingelei.”

In Kaapstad is die eerste spoorlyn, wat tot in Eersterivier geloop het, in 1862 in gebruik geneem en die destydse Transvaal het in 1890 gevolg. Die onderskeie republieke se spoorstelsels is in 1898 met mekaar verbind en met uniewording in 1910 het Suid-Afrikaanse Spoorweë (SAS) tot stand gekom om dit te bestuur. Die netwerk is in 1915 na die destydse Suidwes-Afrika uitgebrei omdat die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog die ontplooiing van troepe daar vereis het.

Teen die einde van die oorlog, in 1919, was daar geen keer aan die ontwikkeling van spoorvervoer nie. Die stoomlokomotief het sy waarde

bewys en al hoe meer treinspoor het hulle verskyning gemaak.

Min stoom- reuse oor

“Stoomtreine het 'n uiters belangrike rol in mense se lewe gespeel,” sê Johan Erasmus, 'n vrywilliger by Umgeni Steam Railway in KwaZulu-Natal. Dis 'n organisasie sonder winsbejag wat in 1982 tot stand gebring is om Suid-Afrika se spoorerfenis te bewaar.

“Dit het goedere vervoer, ja, maar die ménslike deel van dit wat stoomtreine verteenwoordig, sal my altyd bybly,” sê Johan. “Treine het ons kosskool toe gevat – en ook weer terug huis toe gebring! Mense het mooi aangetrek vir aandete en mekaar in die eetwa ontmoet. Met terugkeer na die slaapwa was die sitplekke omvorm na beddens met lakens. In die nag het die bekende klanke my aan die slaap gesus. Dit was byna magies.

“Daar was iets aan die stewige, ritmiese voorspelbaarheid in die maag van hierdie groot reus: stuwend en vuurspuwend, rook en roet. Donderstorms kon dit nie keer nie, warm son kon dit nie onderkry nie. Hy was altyd betroubaar. En daar het altyd iets opwindends aan die ander kant gewag.”

Johan, wat jare by die voormalige Krygkor gewerk het, staan steeds in verwondering oor die destydse vakmanne se kundigheid en vaardighede. “Die treinwa waarin ons nou ry, is in die 1930's gebou. Die oorspronklike hout en staal is nog ongeskonde. Ons het net die handvatsels vervang.”

Volgens hom reis omtrent 12 000 passasiers jaarliks saam met hulle.

“Werkende stoomlokomotiewe is deesdae so skaars dat dit amper in dieselfde lig as dinosourusse beskou word,” sê Ashley Peter, stigterslid van Umgeni Steam Railway. Die organisasie se oudste lokomotief is 'n Dubs A-lokomotief, wat in 1892 in Glasgow, Skotland, vir die destydse Natal-spoordiens gebou is. Die ander

dateer van 1901 tot 1953. Suid-Afrikaanse lokomotiewe is hoofsaaklik in Brittanje en Duitsland vervaardig, maar van hulle is ook ingevoer van die VSA, Kanada, België en die destydse Tsjeggo-Slowakye, terwyl 'n klein getal plaaslik gebou is.

“Jonger mense wat slegs met diesellokomotiewe en padvoertuie bekend is, is heel verbaas om te sien hoe 'n stoomlokomotief werk,” sê Ashley. “Die ouer garde bring graag die kleinkinders om iets van hul eie geskiedenis te kan herleef en te deel.”

Ashley se pa was stasiemeester en later bedryfsinspekteur by SAS en die gesin het gereeld verhuis. “In die eerste tien jaar van my lewe was ons van die Oos-Kaap na Natal, toe na die destydse Suidwes-Afrika, toe na die Wes-Kaap en later weer na Natal. Daar was 'n gesegde onder die spoorwegmense dat 'n spoorweggesin so dikwels verhuis dat die hond en die kat sommer vanself inspring as die meubelwa by die voorhek stop.”

Oral waar hulle gewoon het, was die spoorlyn óf langs die huis óf binne stapafstand, sê Ashley. Hy het hom op 14 by die Suider-Afrikaanse Spoorwegvereniging aangesluit waar hy die binnewerk van treine leer ken en verskeie merkwaardige ritte meegemaak het. “Ek het feitlik elke jaar van my pa se vrypas gebruik gemaak om stoomtreine deur die land op te spoor. Toe ek klaar was met skool het ek my natuurlik by die Spoorweë aangesluit as 'n bedryfsklerk en elke jaar oral heen trein gery.”

Opknop en bewaar

Elke lokomotief by Umgeni Steam Railway kry 'n naam gekoppel aan die masjien se geskiedenis. Dis 'n gebruik wat die gevoel van nostalgie en intieme betrokkenheid versterk, meen Johan.

“Elke ‘loko’ se naam het sy eie agtergrond. ‘Maureen’ is ook die naam van 'n voormalige Umgeni Steam Railway-ingenieur se vrou, terwyl ‘Julie’ na Julie van Rensburg genoem

is. Sy is 'n lid wat grotendeels verantwoordelik was vir die skenking van die lokomotief deur die destydse Suid-Afrikaanse Vervoerdienste.

‘Wesley’ is ter nagedagtenis van een van ons jonger lede wat 'n paar jaar gelede oorlede is.”

Van Umgeni se tien stoomlokomotiewe is net een in gebruik. Ashley sê dit verg 'n bielig van 'n begroting en heelwat mannekrag om hulle te restoreer. Hy en sy span werk op die oomblik aan 'n klas 3BR-lokomotief van 1912 en net die ketel druk die koste reeds tot naby die R1 miljoen-kerf. Hulle hoop om dié lokomotief teen einde 2020 in diens te hê.

“Hoe tragies sal dit wees as ons hierdie *gentle giants* aan hulle lot oorlaat?” sê Caryl Ballance, eienaar van The Station Stop in Hilton, KwaZulu-Natal. Die Hilton Steam Heritage Association het haar en haar man in 2019 genader om hulle koffiewinkel na 'n ongewone perseel te verskuif – die vervalte treinstasie in Hilton. Sy vertel 'n span vrywilligers het die geskiedkundige gebou, wat uit 1880 dateer, in net twee maande tot sy volle glorie herstel.

“Ons ontvang omtrent 20 mense op 'n gewone dag hier by die koffiestasie,” sê Caryl. “Op 'n besige dag kom daar 60 gaste vir hul kaffeien-elikser. Ek het aanvanklik gedink die nuwigheid gaan taan en mense gaan kom inloer om te sien waaroor al die opgewondenheid gaan, maar nie noodwendig die volgende dag terug wees nie. Ek was gelukkig heeltemal verkeerd!”

Die Hilton-spoorlyn is reeds sedert 1988 in onbruik weens oorstromings in die gebied. Dit het 'n effense oplewing beleef toe dit as rolprentstel vir die 1995-flik *Cry, the Beloved Country* gedien het nadat tonele vir Sir Richard Attenborough se Oscar-bekroonde 1982-flik *Gandhi* ook daar geskiet is. Volgens Caryl is daar groot planne om nuwe lewe in die Hilton-lokomotiewe en -waens te blaas. Plaaslike ondernemings gaan elk 'n wa of lokomotief “aanneem” en laat opknop en daar is selfs sprake van 'n oorsese maatskappy wat 'n diens

“WERKENDE STOOMLOKOMOTIEWE IS DEESDAE SO SKAARS DAT DIT AMPER IN DIESELFDE LIG AS DINOSOURUSSE BESKOU WORD.”


soortgelyk aan die Orient Express van daar wil bedryf.

“Een tante in haar tagtigs wat deur demensie getreiter word, het die ander dag hier ingestap en haar oë het weer gelewe,” sê Caryl. “Sy en haar dogter het koffie gedrink en ek kon nie help om te hoor hoe sy vertel van die dae toe sy van hierdie stasie af huis toe vertrek het wanneer die skooltermyn verby was nie. Dis of haar geheue skielik weer vlamgevat het. Net dít het reeds die harde werk van skoonmaak, opknop en regmaak die moeite werd gemaak.” ♡

DEUR ANJA VAN DEN BERG



VIR JOHAN ERASMUS IS TREINRY SOOS OM SAAM MET 'N VRIEND TE KUIER – DIS ELKE KEER 'N PLESIER. SELFS AL HET 'N MENS DIT AL 100 KEER VANTEVORE GEDOEN. FOTO: GP VAN DEN BERG



ALLEENPAD NA NÊRENS

GEEN MENS IS 'N EILAND NIE; ELKEEN IS 'N DEEL VAN DIE VASTELAND, HET DIE ENGELSE DIGTER EN KERKMAN JOHN DONNE VERKLAAR. WAT SOU HY VAN ONS 'MODERNE' MANIER VAN LEEF GEDINK HET?

“Hoe meer ek sien watter interessante goed my kennisse alles doen en waarheen hulle oral reis, hoe meer voel ek soos 'n mislukking.” Dis 'n talentvolle vrou van 26 jaar aan die woord en dis die soort uitspraak wat 'n mens deesdae dikwels hoor. Die een se vakansiefoto's wil indrukwekkender wees as die ander; elke tweede persoon ly skynbaar aan “fomo” (*fear of missing out*) en selfs selfies het 'n statussimbool geword.

Kennerse waarsku as jy sosiale media gebruik om jouself te meet, kan dit bydra tot 'n gevoel van vereensaming – as die kiem reeds daar is. Die sielkundige Christo van der Westhuizen van Randburg noem dit “kontak-inflasie” en sê: “Ons ken eintlik te veel mense op 'n beperkte, oppervlakkige basis en het dan net tyd en energie vir vyf of ses betekenisvolle verhoudings. Weens die beweeglikheid van mense in die moderne lewe mag ons selfs territoriaal word en buitelanders of nuwelinge doelbewus uitsluit.”

WAAROM ONS VEREENSAAM

Sosiaalwetenskaplikes praat van 'n krisis en bepleit ingrypende optrede. In 'n Britse studie oor ses jaar onder meer as 2 000 mense ouer as 50 is bevind dié wat erge eensaamheid ervaar, se kans om te sterf is 14% groter. Hulle waarsku eensaamheid is slegter vir jou gesondheid as rook, oorgewig en armoede.

“Die manier waarop die wêreld vandag op sosiale vlak funksioneer, bring mee dat hy vol woede en blaam daarna uitsien,”

sê die sielkundige Louis Averbach in die radioprogram *Wie is Ek*. “Dit lyk of almal kwaad is vir almal. Die stelsel skep ’n gevoel van ‘ek moet kompeteer met, en myself handhaaf teenoor diegene wat my plek by die werk of in die sportspan wil hê’. Bevolkingsdigtheid maak ons ook huiwerig om mekaar te vertrou.”

In die vooruitstrewender Westerse samelewings woon ouer mense selde by hul kinders. Boonop bly talle huweliksmaats alleen agter wanneer die ander een doodgaan. Vir baie Afrikaanse mense is daar die bykomende afwesigheid van kinders en kleinkinders wat in die buiteland is. Hulle kontak bestaan hoofsaaklik uit internet-gesprekke en dan nog waarskynlik in Engels. Selfs in China, waar grootouers tradisioneel by hulle kinders woon om die kleingoed te versorg, is daar ’n paar jaar gelede ’n wet ingestel wat volwassenes verplig om hulle ouers te besoek. Die vinnige ontwikkeling daar het die bevolking se lewensverwachting laat styg, maar die meerderheid ouerpare het net een kind van wie hulle ná hulle aftrede materieel en emosioneel afhanklik is.

Kenner in die relatief jong veld van “positiewe sielkunde” is dit eens; hegte verhoudings met geliefdes is die grootste bepalers van geluk. ’n Verdere kenmerk is volgens *The World Book of Happiness* (Leo Bormans *et al.*) dat gelukkige mense deel vorm van ’n groter gemeenskap wat belange en vriendskap deel. Diegene sonder daardie bande is vatbaar vir ’n rits gesondheidsprobleme wat depressie, slaaploosheid, hoë bloeddruk, verlaagde immuniteit, hartsiektes en beroerte insluit.

Die mens is ’n kuddedier omdat hy daarsonder histories nie sou oorleef of gedy het nie. Ons is ’n sosiale spesie en ons behoefte aan ander is net so dwingend as ons behoefte aan kos en water. Die Amerikaanse sielkundige John Cacioppo sê die pyn van eensaamheid word net so skerp ervaar as fisieke pyn en waarsku die wêreld beleef ’n “silwertsoenami” met die aanbreek van aftree-ouderdom vir die *baby boomers*. Hy glo pensioentrekkers sal beter vaar as hulle aanbly waar hulle met vriende en vorige kollegas kontak kan behou. Deur jouself pro-aktief teen isolasie te beskerm, bly jou selfbeeld sterk en jy sal waarskynlik langer lewe én dit meer geniet.

In Nederland is daar ouetehuse waar bejaardes vir kinders stories voorlees, terwyl die jongmense hulle deel doen deur die inwoners se probleme met selfoontechnologie te help uitstryk. In ’n land soos Suid-Afrika met sy talle maatskaplike probleme en geldfokus op kinderontwikkeling en -beskerming kan bejaardes se behoeftes maklik oor die hoof gesien word.

Talle bejaardes voel al hoe meer alleen soos die jare aanstap en hul tydgenote wegval. In dié opsig is daar in Engeland inisiatiewe om na die bure om te sien, veral in die

wintermaande, wanneer die slegte weer en vroeë donkerte informele kontak met huisgebondenes bemoeilik.

EENSAAMHEID ONTSIEN NIEMAND

Mense in enige lewensfase en sosio-ekonomiese groep kan deur isolasie geteister word. Volgens Arwa Mahdawi, ’n rubrieksrywer van die Britse dagblad *The Guardian*, toon navorsing millenniërs (1982-1999) voel die eensaamste. Hulle word ook die “ek-generasie” genoem weens hulle geneigdheid tot narsisme en selfsug en omdat hulle die verantwoordelikhede van volwassenheid so lank moontlik probeer uitstel.

Amper ’n kwart kla hulle het nie vriende nie en amper ’n derde sê hulle voel dikwels eensaam. Dis beduidend meer as ouer generasies.

Mahdawi reken eerder as hul behepthed met tegnologie is die rede vir millenniërs se eensaamheid die feit dat vriendskappe gewoonlik verander. Mense is meer op hul loopbaan en jong gesin gefokus as op kuiersessies saam met vriende.

“Ons word nie geleer dat vriendskappe ook kompleks is en die verbreking daarvan traumaties kan wees nie,” sê sy. “Wanneer die dinamiek van vriendskappe begin verander, voel mense skielik baie eensaam. Só word mense op die drumpel van ’n nuwe fase in hulle lewe, of wanneer die meeste lede van hulle vriendekring reeds die grens na ’n nuwe fase oorgesteek het, dikwels deur eensaamheid oorval.”


Suid-Afrika het ’n tradisie van sterk familiebande, maar die land se politieke magspel en morele verval het dié fondasie weggekalwe. Dr. Garth Japhet, uitvoerende hoof van Heartlines, skryf in *Daily Maverick* vinnige verstedeliking en die hoë misdaadvlak vergroot die kanse op vereensaming. Of dit ’n pensioentrekker is wat bang is om dit buite haar huis te waag, die migrant wat die skuld kry vir minder werkgeleenthede of die winkelassistent wat haar weens rasstereotipering onttrek, die probleem het vele gedaantes.

Japhet meen ons behoort doelbewus aan verhoudings te bou en dit in stand te hou ter wille van die land se gesondheid.

Die gevolge van gebrekkige sosiale bande is baie negatiewer as wat dit dalk lyk. Dit beduiwel selfs mense se kanse op ’n betekenisvolle en lonende loopbaan, wat weer hulle lewenstandaard benadeel.

Mense wat minder verdien, werk dikwels snags of oor naweke en dan is dienste soos kindersorg óf nie beskikbaar nie óf peperduur. Sonder die steun van familie en naby vriende ontbeer hulle sosiale kontak en ontspanning en verlaat selfs die arbeidsmark.

Wanneer eensaamheid met materiële gebrek gepaardgaan,



“DIE MENS IS ’N KUDDEDIER OMDAT ONS DAARSONDER HISTORIES NIE SOU OORLEEF OF GEDY HET NIE. ONS IS ’N SOSIALE SPESIE EN ONS BEHOEFTE AAN ANDER IS NET SO DWINGEND AS ONS BEHOEFTE AAN KOS EN WATER.”

is die resultaat toksies, skryf die Britse joernalis Ryan Shorthouse, want die maastroom van werkloosheid, geldskuld en depressie is byna onmoontlik om te ontsnap. As jy nóg die tyd nóg die geld het om ordentlike hulp te kry, is die kans skraal dat sake binnekort rooskleuriger gaan lyk.

Skeptici frons dalk oor die Pretoriase sielkundige en lewensafriester Gustav Gous se oortuiging dat “die gelowige se troos en verweer teen eensaamheid die Heilige Gees is wat jou nooit alleen sal laat nie”, maar baie mense kan van die welslae van hierdie benadering getuig.

Uit watter oord raad ook kom, beraders is dit eens “die doepa vir eensaamheid”, soos Gous die digter Boerneef aanhaal, is om nie te wag op “redding” nie.

Neem die inisiatief en reik uit na ander. Stel onselfsugtig belang in jou medemens en moenie moed verloor as jou pogings nie dadelik vrugte afwerp nie. Jy is dit aan jouself verskuldig. ♡

DEUR ELKARIEN FOURIE
ILLUSTRASIES: OCTAVIA ROODT

Lees meer

- **Loneliness should be recognised as a signal of poverty in today’s Britain – Ryan Shorthouse** (<https://www.theguardian.com/commentisfree/2014/feb/26/loneliness-signal-poverty-britain-iain-duncan-smith>)
- **Loneliness twice as unhealthy as obesity for older people, study finds** (<https://www.theguardian.com/science/2014/feb/16/loneliness-twice-as-unhealthy-as-obesity-older-people>)
- **Loneliness is a killer? Tell us something we don’t know – Michele Hanson** (<https://www.theguardian.com/lifeandstyle/2014/feb/17/loneliness-killer-research-chicago>)
- **Loneliness kills, and South Africa is not immune – Garth Japhet** (<https://www.dailymaverick.co.za/article/2018-04-24-loneliness-kills-and-south-africa-is-not-immune/>)
- **How to Deal with Loneliness** (<https://www.crisistextline.org/get-help/loneliness>)



KAAPSE- HOOP SE GEHEIME



OP DIE RAND VAN
DIE MPUMALANGA-
PLATO STAAN DAAR
'N SIRKEL KLIPPE
WAT HONDERDE
JARE AL DIE
VERBEELDING
AANGRYP ...

Wanneer die gras op die Blouswaelvakte in die somermaande lowergroen is, kan jy die klippe myle ver gewaar. Smiddae bak hulle in die goue laatmiddagson: enigmaties en geheimsinnig. In die middel staan die twee groot monoliete netjies langs mekaar. Om daardie twee vorm die res van die klippe byna 'n sirkel – alles net 'n hanetree weg van waar die groot afgrond na die De Kaap-vallei oopwaaier.

Vroegoggend, op 'n helder dag, sal die son soos 'n bol vuur van agter die Makhonjwa-berge in die ooste oor die monoliete rys en laatmiddag kaats die skaduwee van die een monoliet 'n netjiese lyn oor die ander.

'n Besoek aan hierdie formasie bly keer op keer 'n asembenemende ervaring, of jy nou vroegoggend, saam met die eerste lig, daar staan, saans onder 'n sterbestrooide hemel of laatmiddag, wanneer die son pienk en oranje in die weste wegsak.

MISTIEKE GOUDELWERS

Die inwoners van Kaapsehoop, die dorpie op die platorand van die noordelike Drakensberg in Mpumalanga, verwys daarna as hul “klipkalender”. Die klippe staan nie eens 5 km van die dorp nie. Die Zoeloe-naam daarvoor is *Inzalo Ye Langa* (“Geboorteplek van die son”). Pseudo-wetenskaplikes, wat beweer dit is die oudste mensgemaakte struktuur ter wêreld, noem dit “Adam se kalender”.

Net voor die platorand, aan die een kant van die sirkel, lê drie groot klippe wat lyk of hulle daar omgeval het. Sou

hulle nog gestaan het, sou dit 'n voltooid sirkel wees. Nog 'n monoliet, wat op ou swart-en-wit foto's deel van die sirkel gevorm het, staan deesdae by die ingang tot die bewaararea met 'n plaatjie daarop wat aandui hierdie is 'n bewaringsgebied en toegang word streng beheer. Dié klip, wat vanweë sy unieke vorm “Stone Man” gedoop is, is in die vroeë negentigs daarheen geskuif toe die terrein tot natuurerfenisgebied verklaar is.

Kaapsehoop se geskiedenis is nou verweef met die ontdekking van goud in die area in 1872. Die nedersetting het aanvanklik Duivelskantoor geheet, maar dit is later verander na Kaapsche Hoop, die ou Nederlandse spelling. Mettertyd is die meeste delwers sak en pak daar weg na Barberton, waar nog beloftes van groot rykdom gewag het.

Die prospekteerders van 1872 was nie die eerste mense wat daar vir goud gaan delf het nie. In 1901 skryf D. Wilson, mynkommissaris en landdros van Duivelskantoor, daar is tunnels gevind waar van die goudriwwe reeds oopgegrawe is. Potskerwe wat hulle in die tunnels gevind het, is antieke artefakte en bevestig die gebied is honderde jare gelede reeds gemyn.

Rudi du Plessis, 'n inwoner van Kaapsehoop wat 'n ekotoerisme-onderneming bedryf, glo vas die klipkalender hou direk met die goud verband. “Byna 'n kilometer van die klipkalender is daar 'n area wat ons die ‘werkwinkel’ noem,” sê hy. “Daar is 'n hele paar klippe wat daar rondlê wat lyk of hulle kleiner gemaak moes word en dit het byna 'n V-vormige groef in die klip. Dis duidelik nie

natuurlike verwering nie.

“Reg onder die werkwinkel was die laaste aktiewe goudmyn in die Kaapsehoop-gebied. Daar is steeds ’n sementpad wat daarheen afgaan en die ou vergruiser is nog daar. [Die Suid-Afrikaanse skrywer] T.V. Bulpin praat in sy boeke van die ‘broken reefs’. Dit is die goudriwwe wat reeds deur vroeëre, inheemse besoekers oopgegrawe is.”

WERD OM TE BEWAAR

Rudi, wat in die omgewing grootgeword het, onthou sy eerste besoek aan die klipkalender nog goed. Dit was in die laat 80's. Hy en sy studentevriende het op 'n staptog in die area gegaan en by die

“sonkalender”, soos dit destyds in die dorp bekendgestaan het, uitgekóm.

“’n Mens moet nooit probeer om die klipkalender aan mense te ‘verkoop’ nie,” sê Rudi. “Iemand moet dit self beleef om sy eie opinie te vorm. Geen twee keer wat jy daar is, gaan jy dieselfde ervaring hê nie. Geen twee keer lyk dit dieselfde nie. Daar is soveel teorieë oor die ontstaan van die klipkalender. Ek is oortuig dat mense wel aan die vorm van die klippe verander het, soos wat ’n mens aan die twee groot monoliete in die middel kan sien.

“Tog maak dit nie vir my saak wie dit gedoen het of wanneer dit gebeur het nie. Dis net wonderlik dat daar so ’n unieke plek hier in ons omgewing is, boonop op die Blouswaelvlakte, en

“ ’N MENS MOET NOOIT PROBEER OM DIE KLIPKALENDER AAN MENSE TE ‘VERKOOP’ NIE. IEMAND MOET DIT SELF BELEEF OM SY EIE OPINIE TE VORM. GEEN TWEE KEER WAT JY DAAR IS, GAAN JY DIESELFDE ERVARING HÊ NIE.”



die ervaring is elke keer fantasties.”

Richard Green is ’n bosbouwetenskaplike wat skaars en bedreigde spesies op staatsbosbougrond monitor en dit sluit die Blouswaelvlakte in. Hy wil hê die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronsagentskap moet aan die klipkalender voorkeur gee sodat daar ordentlike wetenskaplike navorsing gedoen kan word om vas te stel of dit werklik ’n geologiese erfenisterrein is. Vir hom is die skaars plant-, voël- en soogdierspesies wat daar voorkom van onskatbare waarde en voorsorgmaatreëls moet getref word om hulle voortbestaan te verseker.

“Kyk jy na die plante is daar sekere soorte grondorgideë en skaars malvas wat beskerming verlang,” sê Richard. “Die blouswaels kom ongelukkig nou al vir ’n paar seisoene nie meer hierheen terug nie, maar daar is nog skaars voëlsoorte soos die groot swartvlerkkiewiet, vleikuikens en bloukraanvoëls wat net so kosbaar is. Hier kom ook tierboskatte voor en heel moontlik luiperds.

“Hierdie gebied is ook van onskatbare belang vir die bewaring van die gemeenskap van Kaapsehoop se waterbronne. Ek sal graag wil sien dat daar ’n loopplankarea opgerig word tot by die klipkalender om die omgewing so goed moontlik te bewaar.”

Uiteenlopende menings en bespiegeling is onlosmaaklik deel van die klipkalendar se bestaan. Keer op keer staan besoekers daar met vrae in hul gemoed wat nie beantwoord kan word nie. Is dit werklik nodig om te weet wat die kalender se oorsprong is? Die skoonheid van die area, die rustigheid, die kalmte wat jou daar omgeef en die asemrowende uitsig oor die De Kaap-vallei is reeds anders. As die klippe net kon praat! 🌿


ARTIKEL EN FOTO'S
DEUR ALITA STEENKAMP

*Skakel Kaapsehoop Xtreme
by 083 576 6541 vir ’n erfenistoer na die
Blouswaelvlakte en die klipkalender.*

VAN ENERGIE EN GOUD VIR SALOMO

Die Zoeloe-sjamaan Credo Mutwa is as jong seun by die klipkalender geïnisieer. Hy glo die struktuur vang “energie” van ander antieke plekke op. Hy beskou die twee sentrale klippe as “vibrasieplate” en sê ’n mens kan van hulle energie kry, mits jy ontvanklik is daarvoor.

Johan Heine, ’n vlieënier en afgetrede uitvoerende direkteur van die Kishugu-groep, het in 2003 oor die gebied gevlieg en die klippe gewaar. Hy is al jare besig met navorsing en meen dis ook ’n maankalender. Dis volgens hom deur mense opgerig wat ongeveer 5 000 jaar gelede goud in die gebied gemyn en dit onder meer aan koning Salomo verkoop het. Johan glo die goudhandelaars moes weet wanneer dit veilig was om die goud na die kus te neem, want in die somermaande sou malaria en tsetsevlies van dit ’n gevaarlike tog maak. Met behulp van die klipkalender sou hulle kon bepaal wanneer die seisoen draai en in die veiliger wintermaande na die kus van Mosambiek of Oos-Afrika gaan om die handelskepe daar in te wag.



NOG ’N GEHEIM

Die blouswael, ofte wel *Hirundo atrocaerulea*, is krities bedreig weens die uitwissing van die natuurlike grasvlaktes in die misgordel waar hulle broei. Die grootste deel van hierdie grasvlaktes is toegeplant onder bosbouboome. Die blouswaels is Afrika-trekvoëls wat hul neste in gate in die grond maak en die vlakte was ’n ideale broeiplek vanweë al die ou myngate. Die voëls gaan al ’n paar jaar nie meer daarheen om te broei nie en niemand kon dit nog verklaar nie.

TORING VAN 'N TOEKOMS

VIR OUER MENSE IS DIE
SIRKELVORMIGE
PONTE-GEBOU 'N
TOONBEELD VAN 'N
JOHANNESBURG WAT
NIE MEER BESTAAN NIE;
VIR JONGERES IS DIT
SINONIEM MET VERVAL
EN MISDAAD. MAAR VIR
'N KLEIN GROEP
INWONERS IS DIT 'N
BAKEN VAN HOOP ...







INWONERS VAN DIE PONTE-TORING WAG GEDULDIG VIR DIE HYSBAKKE OM HULLE NA HULLE VERSKEIE VLOERE TE NEEM.



DIE NASORGSENTRUM HET ELKE MIDDAG 'N STRENG SKEDULE OM SEKER TE MAAK DIE KINDERS DOEN HULLE HUISWERK.



DIE FUNKSIAREA VAN DLALA NJE. HIER OP DIE 52STE VLOOR KAN JY JOHANNESBURG IN AL SY GLORIE SIEN.



GRANT IS EEN VAN DIE TOERGIDSE WAT JOU ALLES EN NOG MEER VAN DIE PONTE-TORING KAN VERTEL.



DIE VENSTERS IS AAN DIE BINNEKANT TOEGESWYS SODAT NIEMAND ROMMEL KAN UITGOOI NIE.



EEN VAN DIE KUNSWERKE WAT DIE KINDERS VAN DIE NASORGSENTRUM GEMAAK HET.

Hy troon soos 'n betonmiddelvinger uit bo die stad wat deur dromers die “New York van Afrika” en deur sinici “Sodom en Gomorra” genoem word. Al ken jy nie Johannesburg nie, het jy waarskynlik al die Ponte-toring in Berea gesien. Dalk vlugtig op die wesehorison wanneer jou vliegtuig op O.R. Tambo neerstryk. Of, wanneer jy van Pretoria se kant op die M1 inkom, word jy deur dié silinder begroet en kan jy nie help om te wonder watter onheil daar uitbroei nie. Dalk het jy hom nog net oor TV gesien.

Hoe ook, dié silindriese wolkekrabber met sy tamaai advertensielig is in menige Suid-Afrikaner en toeris se geheue geëts. En nou hoef 'n mens nie meer te wonder of daar werklik totale wanorde heers – soos in die rolprent *Chappie*, waarin Die Antwoord se Ninja en Yolandi Vi\$\$er om vuurkonkas met Nigeriese dwelmbase handeldryf – nie. Die organisasie sonder winsbejag Dlala Nje (“net speel” in Zoeloe) bied aan nuuskieriges 'n unieke toer van die ikoniese gebou, wat eens vir die rykes van die ou bedeling bedoel was.

LAAT DIE KINDERS SPEEL ...

Ons ontmoet ons toergids, die 22-jarige Grant Ngcobo, buite die gebou. 'n Plastieksak sing oor ons koppe heen en beland in die oop stuk veld langs die Ponte-toring. “Dit is maar beter om elke keer op te kyk wanneer jy onder verby loop,” sê Grant. “Dit gebeur gereeld dat moedswillige mense goed van bo af gooi.”

“Goed” kan volgens Grant enigiets van kondome en sanitêre doekies tot babadoeke insluit.

Dlala Nje bedryf benewens die toere – en met die hulp van borge – 'n nasorgsentrum vir kleuters en laerskoolkinders, asook 'n jeugsentrum vir ouer kinders, op die grondvloer van die toring. “By die nasorgsentrum word huiswerk gedoen en die jongklomp leer ook judo; daar is 'n sokkerafrigter, spoeg-en-plakaktiwiteite en hulle doen selfs joga,” sê Grant.

“Die jeugsentrum is 'n bietjie meer informeel en ons laat die tieners self besluit watter aktiwiteite hulle wil doen. Hulle het tot onlangs vrywilligers gehad wat hulle geleer het om skaatsplank te ry. Dit is 'n goeie manier om die kinders wat in Ponte bly uit die kwaad te hou. En dis 'n cool manier om iets vir die kinders hier te doen. Hulle het dit immers die meeste nodig.”

Daar is sowat 40 kinders by die nasorgsentrum en 20 by die jeugsentrum.

Grant is self 'n produk van Dlala Nje en sy ouers woon in Ponte. “Ek het hier ingeskakel op die ouderdom van 16 en deesdae werk ek heeltyds by die sentrums en bied ook toere

van Ponte en Hillbrow aan.”

Sy ouers woon nie meer in Ponte nie en Grant het so twee jaar terug Maboneng toe getrek.

Die organisasie is in 2012 deur twee Suid-Afrikaners, die TV-joernalis Nickolaus Bauer (36) en die ouditeur Michal “Loopy” Luptak (35) begin. Albei het in die gebou gewoon.

Hulle is deesdae die direkteurs van die organisasie en Loopy doen nog gereeld self toere.

“Hulle het vriende en kennis hierheen gebring om vir hulle te kom kuier en gou die nuuskierigheid en opgewondenheid in hulle oë gesien,” vertel Grant. “Nickolaus en Loopy het toe besluit dit help nie hulle bly op die boonste verdieping van die wolkekrabber en doen niks nie, toe begin hulle Dlala Nje.”

Die organisasie bied selfs 'n “Ponte-wedloop” aan waarin waaghalsiges en fiksies die 54 verdiepings kan uitdrafi.

Grant neem ons deur die veiligheidsdeure. Daar is 'n biometriese stelsel wat die inwoners se vingerafdruk lees en 'n veiligheidswag hou 'n oë. Dit is moeilik om te glo daar was 30 jaar gelede geen sprake van sulke streng maatreëls nie. Die 175 meter hoë monster is vir die rykes van die sakedistrik gebou met die idee dat dit 'n “stad binne 'n stad” sou wees, maar daar het niks van gekom nie nadat Hillbrow, Yeoville en Berea in 1985 tot “grysgebied” verklaar is.

Dit het die deure vir mense van alle rasse en seksuele oortuigings oopgegooi, maar daarmee saam het ook die onmin gekom. Misdaad het al hoe nader gekruip en teen die 1990's was Ponte sinoniem met die wetteloosheid, bendegegeweld en algehele wanorde wat in Berea en Hillbrow geheers het.

“Dit het tot gevolg gehad dat Ponte, wat eens sy eie winkels, haarsalonne en selfs 'n *ten-pin bowling*-baan gehad het, 'n krotbuurt geword het,” sê Grant terwyl die hysbak ons na die 52ste verdieping vat.

KERN VAN DIE VERVAL


'n Man in 'n netjiese seegroen pak klere ry saam met ons en luister met 'n halwe oor na die geskiedenisles. “Die grysarea het beteken dat die regering basiese dienste soos watertoevoer, die verwydering van rommel, riooldienste en natuurlik wetstoepassing in Hillbrow, Berea en Yeoville gestaak het.

“Besighede het hulle uit die area onttrek en daarmee saam die beleggers. Inwoners van Ponte het hulle woonstelle net so gelos en laat spaander. Selfs die eienaar van die gebou het alles net so gelos en oorsee gegaan,” sê Grant. “Dit is toe dat die *slum lords* toegeslaan het.”

Bendes het hulle intrek geneem en hulle “sakeryke” uit ►

PONTE-TORING





**“'N MENS KON
ENIGIETS VAN
KOKAÏEN EN HEROÏEN
TOT 'N PROSTITUUT
EN 'N VUURWAPEN IN
DIE GEBOU KRY.”**

PONTE-TORING





Ponte bedryf. 'n Mens kon enigiets van kokaïen en heroïen tot 'n prostituut of 'n vuurwapen in die gebou aanskaf. "Daar sou in een woonstel, wat bedoel is vir 'n gesin van drie, enigiets van vyf tot ses gesinne woon."

Grant sluit die deur van een van die "dakwoonstelle" oop. "Dié woonstelle is gebou om twee verdiepings te hê, maar deesdae is hulle net een vlak."

Die gemeubileerde woonstel is pynlik netjies. Hoewel hy met twee slaap- en twee badkamers spog, word hierdie eenheid deesdae vir geleenthede ingespan. "Jy kan hier jou verjaardag kom hou of selfs jou verlowingspartytjie."

Die woonstel word deur Dlala Nje besit en bestuur en bied besoekers 'n 180°-uitsig oor die stad. "Op 'n mooi dag kan jy die Voortrekker-monument sien," sê Grant terwyl hy vir ons drankies skink.

Die volgende stilhouplek is Ponte se "kern". Wanneer jy op die grondvloer kom, moet jy met staaltrappe verder afsak. "Toe die gebou in die negentigs 'n *slum* geword het, het inwoners hulle rommel sommer by die vensters uitgegooi. Teen 2001, toe die gebou 'n nuwe eienaar gekry het, was die rommel in die kern sowat 14 verdiepings hoog."

Grant vertel Ponte het in 'n stadium ook as die "selfmoordtoring" bekend gestaan. "Jy kan jou net indink hoe depressief mense hier sonder water of elektrisiteit geraak het. Hulle het by die vensters uitgespring, maar weens al die rommel sou hulle 'n gebreekte been of rug opgedoen het. Dit moes 'n aaklige en stadige dood gewees het."

Deesdae is die kern silwerskoon en 'n mens kan die reuseklipformasie sien waarop Ponte gebou is. "Dit is ook die plek waar [die Suid-Afrikaans gebore rolprentmaker] Neill Blomkamp 'n gedeelte van sy futuristiese Suid-Afrika in *Chappie* geskiet het."

Daar is nie 'n dak oor die kern nie sodat natuurlike lig kan inkom. "Al die vensters op elke vloer wat op die kern uitkyk, is later toegesweis sodat mense nie meer rommel kan afgooi nie," sê Grant. "Dit het in 2001, toe die nuwe bestuur oorneem, 'n span werkers maande geneem om die rommel te verwyder, want geen stootskrapeer of masjinerie kan hier inkom nie."

Hillbrow bly steeds 'n misdaadgeteisterde buurt. Volgens Crime Stats SA was daar in 2019 111 moorde, 873 gevalle van diefstal en 142 verkragtings in Hillbrow. In Berea was daar 7 moorde, 99 gevalle van diefstal en 5 verkragtings.

Deesdae begin Ponte weer 'n bietjie van sy aansien herwin, want middelklas-gesinne en jong werkendes vestig hulle daar. "Hier is mense van verskeie agtergronde," sê Grant. "Hier woon onderwysers, prokureurs, studente en selfs 'n dokter of twee. Baie probeer net so hard soos ons om Ponte weer te herstel tot 'n leefbare omgewing vir almal. Ponte moet 'n plek van optimisme wees, 'n 'stad' wat hoop bring vir die stad waarin hy staan." ♡

DEUR JACQUES MYBURGH
FOTO'S: ANDRÉ BADENHORST



AGTER TRALIES TRANSFORMASIE

REHABILITASIEPROGRAMME,
SOOS DIE WAT GEVANGENES
LEER HOE OM FILMS TE
MAAK. GEE HULLE 'N TWEDE
KANS EN 'N NUWE BEGIN ...

Suid-Afrika sit met 'n kommerwekkende hoë gevangenisbevolking. Volgens World Prison Brief, 'n aanlyn databasis oor tronkstelsels, is die Reënboognasie in dieselfde bootjie as lande soos die VSA, Rusland, Mexiko en Thailand. Vir elke 100 000 Suid-Afrikaners sit 275 agter tralies – 'n totaal van sowat 163 000.

Volgens die departement van korrektiewe dienste (DKD) is die tronkstelsel se kapasiteit maar 118 572 en hy erken die tronke is reeds sedert 2000 nie net oorvol nie, maar ook onderbeman. Luidens die amptelike statistieke vir 2018-'19 is daar amper 43 000 meer gevangenes as beddens in Suid-Afrika se tronke, 'n oorbevolkingsyfer van 37%.

“Die prentjie is nie mooi nie,” sê Lewies Davids, woordvoerder van die Pollsmoor-gevangenis in Kaapstad. “Die primêre verantwoordelikheid van die DKD is om die hof se vonnis uit te dra. Korrektiewe dienste het geen wettige bevoegdhede om gevangenes te weier op grond van onvoldoende ruimte nie.”

GEBEUR REHABILITASIE REGTIG?

Op 15 Januarie het Pollsmoor se bevolking op 6 824 gestaan. Die tronk is ontwerp om 4 396 gevangenes te kan hou. “Dit beteken ons is op 155% van ons kapasiteit,” sê Lewies. “Ons word gekonfronteer deur 'n konstante stryd teen oorbevolking, verouderde infrastruktuur en beperkte ►

“DIS BELANGRIK OM TE ONTHOU DAT OORTREDERS NIE DIE HELE TYD KRIMINELE IS NIE. HULLE MAAK KEUSES ONDER DIE INVLOED VAN HONGER, TIK EN BENDES. DAAR IS 'N MÉNS AGTER DIE MISDAAD.”

hulpbronne.”

Die DKD bied 'n verskeidenheid rehabilitasieprogramme en sê 90% van oortreders word op 'n individuele, behoeftegebaseerde grondslag hanteer. Navorsers aan die Universiteit van KwaZulu-Natal wys egter daarop rehabilitasieprogramme is tipies op misdadigers gemik wat tronkstraf van minstens 24 maande uiddien, juis omdat hulpbronne en mannekrag beperk is.

Ongeveer 10% van die gevangenisbevolking dien vonnisse van twee jaar of minder uit. Verhoorafwagende gevangenes, wat byna 30% van die hele bevolking uitmaak, word ook nie by rehabilitasieprogramme betrek nie. Dit beteken sowat 40% van die land se tronkbevolking word nie “gerehabiliteer” nie.

Nog 'n twispunt is die langtermyn-sukses, indien enigsins, van rehabilitasieprogramme. Navorsing wat in 2019 in die *African Journal of Criminology and Justice Studies* gepubliseer is, toon die DKD het nie die vermoë om hierdie programme suksesvol te bestuur nie en die programme toon min tot geen resultate.

Luidens 'n navorsingsverhandeling wat in 2016 aan Unisa voltooi is, wend tussen 55% en 95% van vrygelatenes hulle weer tot misdaad.

“Herintegrering en sosiale ondersteuning is so belangrik vir suksesvolle rehabilitasie,” sê Dorette Potgieter, aktrise en gekwalifiseerde verhoudingsfasiliteerder. Sy is sedert 2016 by korrektiewe dienste betrokke en het as deel van haar studies 'n aanvoorprogram vir Pollsmoor ontwikkel.

“Die program vir ‘herstellende geregtigheid’ gee oortreders 'n veilige ruimte om hulle gebrokenheid te deel en gun ook vir slagoffers 'n platform om met oortreders te praat oor hoe 'n spesifieke misdaad hulle geraak het,” sê Dorette.

“Die padkaart na rehabilitasie wys reguit na die gemeenskap waar die oortreder vandaan kom. Die gemeenskap en familie speel 'n kardinale rol, want die oortreder se misdade is in die gemeenskap gepleeg. Die gemeenskap moet hom of haar weer terugverwelkom.

“Almal smag na erkenning en na 'n ruimte om gehoor te word. Vir gevangenes is dit net soveel moeiliker omdat hulle fisiek en psigies van die gemeenskap verwyder is.

Kommunikasie en konneksie is belangrik, maar ook moeilik. Die *gangs* het 'n groot houvas op hulle psige.”

FLIEKS WORD DIE VANGNET

Met meer as 30 jaar ervaring voor én agter die kamera was rolprente vir Dorette 'n voor die hand liggende keuse as ingrypingsmedium.

Met die stukrag van die Suid-Afrikaanse Rolprentakademie (Safa) en in vennootskap met die DKD het sy die Film 4 Offenders (F4O)-program by Pollsmoor van stapel gestuur om vir gerehabiliteerde gevangenes werk in die fliekbedryf te vind.

Altesame 28 gevangenes is betrek en van hulle het 15, nege mans en ses vroue, in ses maande hul NQF (vlak 4)-vaardigheidsopleiding voltooi. Die program fokus op



digitaalmediaproduksie, draaiboekontwikkeling en rolvertolking, maar dit eindig nie daar nie, sê Dorette. “Ons het ’n gemeenskapsentrum in Strandfontein waar Film 4 Offenders-lede ná vrylating ’n sesweke- ‘restourasieprogram’ en ’n dwelmrehabilitasieprogram bywoon. Hulle sit ook hul NQF-modules in digitaalmediaproduksie oor ’n tydperk van ses maande voort.”

Daarna volg ’n keuringsproses vir indiensopleiding by Safa. Dorette sê nog belangriker as die opleiding is dat die F4O-program die gevangenes ’n sin van eiewaarde en selfvertroue gee.

“Hulle kom uit geslagte van hopeloosheid, van hongerte en armoede. In die tronk moet hulle die hele tyd in *fight and flight mode* wees en vir hulself *fend*. Hoe kan hulle baat by ’n rehabilitasiebenadering vind as hulle menswees nie eens erken word nie? Daar is letterlik en figuurlik ’n kollig op hulle. Dit wat hulle sê, maak regtig saak – dalk vir die eerste keer in hulle lewe.”

Die aanvoorprogram het twee kortprente opgelewer: *Longing*, ontwikkel deur die F4O-vroue, en *Nikezani – to give*, deur die F4O-mans. “Die stories is hulle eie en dit gee weer wat in hulle gemoed aangaan,” vertel Dorette. “Die vroue se storie gaan oor alles waarna hulle verlang. Hulle ma’s se kos op Sondae en om saam met hulle gesin kerk toe te gaan.”

“Die mans se storie is gegrond op ’n ware ervaring, maar ons moes dit aanpas vir die omgewing waarbinne ons skiet. Die oorspronklike storie vertel hoe ’n ou verlief raak op ’n meisie in ’n rolstoel, maar hy voel te simpel om iets daaraan te doen, want hy is bang sy portuurgroep gaan hom terg.”

Nie almal wat aan die F4O-program deelneem, sal die geleentheid kry om hulle nuwe vaardighede in die buitewêreld op die proef te stel nie. Die aangewese kameraman, byvoorbeeld, dien ’n lewenslange vonnis uit weens moord.

“Hy het na my toe gekom en gesê hy wil baie graag betrokke wees,” vertel Dorette. “Die transformasie in hierdie man is duidelik. Vir die eerste keer in sy lewe voel dit vir hom of hy ’n geleentheid het om homself te verwesenlik en om iets te beteken. Die F4O-gemeenskap het nou sy vaardigheid nodig.”

Fase twee van die F4O-plan behels dat die deelnemers dokumentêre kortprente in die tronk vervaardig. Die teikengehoor sal hulle medegevangenes en die groter gemeenskap wees.

OORTREDERS KAN VERANDER

“Dis belangrik om te onthou dat oortreders nie die hele tyd kriminele is nie,” sê Dorette. “Hulle maak keuses

onder die invloed van honger, tik en bendes. Daar is ’n méns agter die misdaad.”

Juis daarom, sê Lewies, sien hy sy werk as ’n roeping. “Mense dwaal af omdat hulle die verkeerde keuses maak en beland dan in ongewenste situasies. Maar ek glo dat rehabilitasie en reïntegrasie die sleutel hou.”

Dorette sê Jan en alleman is dikwels nie bewus van die DKD se hoofmandaat nie. “Die ou model van afbrekende straf is nie meer van toepassing nie. Natuurlik moet oortreders boet vir hulle misdade, maar ons wil tog agter die rede vir die oortreding kom en die oorsaak van die misdade hanteer.

“Om iemand net herhaaldelik en harder te straf gaan tog nie ’n diep gesetelde, selfgedrewe verskil maak aan hulle uitkyk op die lewe nie.”

Sowat honderd gevangenes in Pollsmoor voltooi jaarliks diplomas in sakebestuur of ingenieurswese. Op nasionale vlak spog gevangenes wat hulle matriekeindeksamen aflê, met ’n beter gemiddelde as die algemene nasionale slaagsyfer.

“Ek glo vas aan die krag van vennootskap om beskikbare hulpbronne te vermenigvuldig,” sê Lewies. “Ons moet aanhou praat oor oplossings en nie net die probleme nie. Ons is almal deel van ’n gemeenskap, en misdadigers kom uit ’n gemeenskap. Daarom kan ons ook almal deel wees van ’n oplossing.”

Volgens hom moet die samelewing inspring terwyl kinders nog jonk is en na rolmodelle soek. Hy en sy vrou het juis onlangs ’n tienerseun ingeneem. “Ek het drie kinders en ek kon net nie toekyk hoe hierdie jong man deel word van die statistieke nie. Hy word groot sonder ouers. Ek probeer hom wys hoe ’n gesinsleier leef, hoe hy na sy vrou en kinders omsien en hoe hy liefde wys aan sy gesin en aan die gemeenskap.”

Dorette voel goed wanneer sy haar vaardighede kan inspan om die F4O-lede op te hef. “Ons skep vir hulle ’n veilige omgewing om te speel en te droom. Dis juis deel van die rede hoekom hulle in die eerste plek in die tronk beland – as kinders moes hulle veg en oorleef. Speel en droom was ’n luukse.

“Daar is een van die F4O-lede, ’n baie oulike meisie, wat vir my gesê het die program gee haar ’n gevoel van behoort en hou haar uit die bendekringe.

“Sulke soort terugvoering maak al die harde werk die moeite werd. Daar is ook net sóveel wat ek kan vermag met die hulpbronne tot my beskikking, maar ek het geweet dat ek alles in die stryd sal werp toe daardie selfde meisie sê: ‘In jou klas vergeet ek, ek is ’n gevangene. Ek raak die mens wat ek graag wil wees.’”

DEUR ANJA VAN DEN BERG
ILLUSTRASIE: CARLOS AMATO

ONSEFEES

2019

DIE EERSTE #ONSEFEES IS IN DESEMBER BY DIE TAALMONUMENT IN DIE PAARL AANGEBIED EN JONK EN OUD HET DIE GELEENTHEID GEKRY OM KREATIEF MET AFRIKAANS EN DIE KUNSTE OM TE GAAN.



DIE ATKV-RIELDANSFINAAL IS JAARLIKS 'N GELEENTHEID WAAR RIELDANSERS VAN HEINDE EN VERRE KOM OM DIE ASKOEK TE TRAP. VANJAAR IS DAAR GEDANS DAT DIE STOF SO STAAN EN DIE GEHOOR HET HULLE GATE UIT GENIET.

DIE PRINS
ALBERT
VASTRAPPERS
HET HEERLIK
STOF
OPGESKOP
TYDENS DIE
ATKV-
RIELDANS-
FINAAL.





DIE NAWEEK SE VERRIGTINGE IS AFGESLUIT MET DIE GROET IS 'N MOET-KONSERT. CAMERON WILLIAMS (SAKSOFOONSPELER EN WENNER VAN ATKV-MUZIQ 2018), BONGANI KUBHEKA (BARITON EN WENNER VAN ATKV-MUZIQAANTO 2018), ANYA VAN DEN BERG VAN DIE EDNA'S, MEGAN-GEOFFREY PRINS (PIANIS EN WENNER VAN ATKV-MUZIQ IN 2016), CORNEIL MULLER EN ANNA DAVEL HET DIE GEHOOR VERMAAK.

DIÉ MAKIETIE HET AFGESKOP MET 'N TAALDIVERSITEITSGESPREK. AFRIKAANS SE DIVERSE AARD IS DEUR 'N PANEEL KUNDIGES VANUIT VERSKILLENDEN HOEKE BELIG. VAN LINKS IS ANNELISE DE VRIES, DANNELINE RAMSDEN, SONÉL BRITS, KAPTEIN JOHN WITBOOI, ANASTASIA DE VRIES, CRISPIN SONN, KARIEN BRITS EN MICHAEL JONAS.



DIE YOUNG MEN'S CLUB-MALEIERKOOR WAS IN AKSIE TYDENS DIE VERSEIDENHEIDSKONSERT.

DIE GRIEKWA KNERSVLAKTE-RIELDANSERS WAS DIE WENNERS ALGEHEEL IN DIE O.20-AFDELING. SAAM MET HULLE IS SONÉL BRITS, BESTURENDE DIREKTEUR: ATKV-MSW.

REGS: DIE KINDERPROGRAM HET UIT VERHOOGPRODUKSIES, 'N BOEKVOORLESING EN VERSKEIE OPVOEDKUNDIGE SPELETJES BESTAAN. DIE GELIEFDE KINDERBOEKKARAKTER, BABALELA, HET OOK 'N DRAAI KOM MAAK. CHARELDINE VAN DER MERWE VAN DIE VRIENDE VAN AFRIKAANS HET DIE BOEKVOORLESING GEFASILITEER.

FOTO'S DEUR WESLEY MARTIN



'N TOETS VIR SPANGEEES ÉN GELDVERNUF

JONGMENSE HOU DIE SLEUTEL TOT DIE TOEKOMS. EN DIE
ATKV VERBIND HOM OPNUUT TOT HIERDIE OORTUIGING DEUR
TWEË SPLINTERNUWE PROJEKTE BEKEND TE STEL ... ►

LEMONADE



Die ATKV trap diep spore in jongmense se lewe. Dink maar aan ATKV-Tienertoneel, wat aan talentvolle jong teatergeselskappe elke jaar die grootste platform in Suid-Afrika gee om hulle produksies op die planke te bring. Of die redenaars- en debatkompisies waarin jong meningsvormers hulle kritiese-denkvaardighede kan slyp. In ATKV-Spelathon kan selfs taalboffins hulle slag wys.

Steeds sien die ATKV nog moontlikhede vir môre se leiers. Die vereniging lui die nuwe dekade daarom met twee splinternuwe projekte vir jongmense in. In ATKV-Spanredenaars gaan die gladdebekke moet leer om hulle grystof te kombineer om koning te kan kraai, terwyl ATKV-Entrepreneurs aan laerskoolkinders die geleentheid bied om hul sakevernuif op die proef te stel.

NOU'S DIT SPANWERK

Wanneer 'n mens aan ATKV-Redenaars dink, dink jy aan 'n senuweeagtige leerder met sleutelwoord-kaartjies in die hand wat al swetende voor 'n swyende gehoor sy of haar standpunt stel. In die spanredenaarskompetisie gaan die fokus ook op groepwerk en spangees val.

Die ATKV-Spanredenaarskompetisie was die afgelope 40 jaar die baba van die ATKV-tak Suid-Gauteng-Spanredenaars, maar word nou tot 'n nasionale kompetisie uitgebou.

"Ons is baie opgewonde om hierdie projek toeganklik vir die hele land te maak," sê Jacqueline Göttert, projek-organiseerder by die ATKV. Dié projek behels dat leerders van gr. 1 tot gr. 12 as 'n span van vier sprekers aan voorbereide en onvoorbereide redenaars deelneem.

Henda Momberg, voorsitter van Suid-Gauteng-Spanredenaars, sê vir hulle is dit 'n bittersoet oomblik. "Aan die een kant is ons hartseer om ons projek te groet, maar ons is baie opgewonde vir die hoogtes wat ons baba gaan bereik. Dit is vir die laaste 40 jaar veral in Alberton, Kempton Park en Springs aangebied, maar ons het baie navrae begin kry van plekke so ver soos Rustenburg, Secunda en selfs die Suid-Kaap."

Volgens Gerrie Lemmer, uitvoerende hoof: taal en kultuur by die ATKV, is die redenaarskompetisie een van die organisasie se grootste en gewildste jeugprojekte. "Daar is egter nog baie jongmense wat nie die vrymoedigheid het om alleen voor 'n gehoor 'n formele toespraak te lewer nie. Dáár het die behoefte vir 'n spanredenaarskompetisie ontstaan.

"In die proses word leerlinge se kommunikasie- en skryfvaardighede, vermoë om in 'n span te werk, taalvaardighede en redenasievermoë getoets en verbeter."

Volgens Henda het die kompetisie aanvanklik net voorsiening gemaak vir leeders van gr. 7 tot gr. 12. Later het hulle 'n kategorie vir sprekers van 'n eerste addisionele taal bygevoeg en mettertyd ook kategorieë vir leerders van gr. 1 tot gr. 6. "Dit is 'n wonderlike gevoel om te weet dat jou tak se projek nasionale aandag gaan geniet en in al nege provinsies aangebied gaan word," sê sy.

"ONS WIL JONGMENSE INSPIREER OM HUL VAARDIGHED E TE ONTWIKKEL EN HUL DROME VLERKE TE GEE."

Die sluitingsdatum vir ATKV-Spanredenaars is 29 Mei 2020.

'N SAKEREUS MOET ÊRENS BEGIN

Onlangs is *Forbes* se lys van die rykste mense bekend gemaak en dit bring Jan en alleman opnuut onder die indruk van presies hoe suksesvol sakereuse soos Jeff Bezos van Amazon en die Microsoft-stigter Bill Gates is.

Die gesegde lui, "Wie nie waag nie, wen nie" en daarom, sê Annemarie Alberts, projekorganiseerder by die ATKV, het die organisasie hom op jong entrepreneurs begin toespits. "Veral in die huidige klimaat moet jong kinders van kleins af aan entrepreneurskap blootgestel word. Ons wil jongmense inspireer om hulle vaardighede te ontwikkel en hulle drome vlerke te gee."

Daar is twee afdelings: een vir die entrepreneur wat 'n lopende besigheid bedryf; en een vir die leerders wat eenmalig 'n stalletjie bedryf, soos tydens 'n skool se entrepreneursdag.

"Ons probeer die net wyd gooi sodat die kompetisie vir jong kinders toeganklik is. Kundige entrepreneurs wat al diep spore in die unieke en uitdagende wêreld van eie inisiatief getrap het, beoordeel elke elektroniese inskrywing. Daar is ook 'n hulplyn wat steun bied vir enige vrae wat die leerders mag hê," sê Annemarie.

Sy meen dit gaan oor meer as om net die wenner aan te kondig. "Die beoordeelaars wil jong leerders motiveer en uitdaag om hulle besighede of stalletjies te begin bedryf en in te skryf vir hierdie kompetisie. Dit is presies in sulke soort kompetisies waar hulle ook begin het."

Volgens Gerrie het die ATKV hom van meet af aan daartoe verbind om 'n positiewe bydrae in gemeenskappe en uiteindelik die ekonomie te lewer. "Een van die maniere hoe die ATKV strewende na 'n suksesvolle Suid-Afrika is deur die ontwikkeling van jong entrepreneurs.

"Entrepreneurskap het die vermoë om die manier te verander waarop landsburgers leef en werk. Suksesvolle entrepreneurs verbeter lewenstandaard, skep werk en bevorder sosiale kohesie. Daarom is dit vir die ATKV belangrik om 'n platform vir jongmense te skep waar hulle hul entrepreneursvaardighede kan uitleef."

Die kompetisie geld besighede of stalletjies wat in 2020 bedryf word en die sluitingsdatum is 18 September 2020. Die inskrywingsgeld beloop R130 per inskrywing.

Vir meer inligting besoek www.atkv.org.za. ♡

DEUR JACQUES MYBURGH

MEER WOLHAAR AS SKUB

KENNIS IS MAG. DIT BEHOORT
OOK ENIGE VAKANSIEGANGER
SE LEUSE TE WEES, OOK
WANNEER JY 'N ATKV-OORD
GAAN BESOEK ... ►



Daar is vele mites oor ons glibberige vriende – en heelwat irrasionele vrees daarby. “Jy sal nooit vir ’n swartmamba kan weghardloop nie!” en “Die vroue in KwaZulu-Natal dra mandjies op hulle kop, want die boomslange pik hulle vanuit die takke!” Die beste een is dat sommige

slange hulle stertpunt vasbyt en soos ’n wiel rol om te kom waar hulle wil wees.

Al die mites ten spyte is dit steeds nie ’n aangename ondervinding om een teë te kom nie. Tog is dit ook nie meer ’n geval van “die enigste goeie slang is ’n dooie slang” nie, want hulle speel ’n broodnodige rol in ons

ekosisteme.

Die ATKV bedryf vakansieoorde oor Suid-Afrika heen en elke landsdeel spog met sy eie skubberige inwoners. In dié uitgawe kyk ons na ’n paar giftige slange wat in die omgewing van elke oord voorkom en gee raad vir byte (*sien kassie oor gifsoorte*).

POFADDER

(*BITIS ARIETANS*)

Gif: Sitotoksies

Klassifikasie: Baie gevaarlik

Lengte: Maksimum van 1 meter

Voorkoms: Oor Suid-Afrika heen



Die pofadder maak hoofsaaklik staat op kamouflering om uit die oog te bly. Daar is gevind hy sal nie eens reageer wanneer iemand op hom trap nie! Hulle is groot slange met ’n blitsige pikreaksie en is meestal aktief in die nag. Die sitotoksiese gif veroorsaak erge pyn, swelling en weefselkade om die bytplek wat verder versprei. Die slang begin blaas en “pof hom op” wanneer hy bedreig word.

Interessante feit: Pofadders gee aan lewendige slangenjies geboorte, terwyl ander slange eiers lê. Die kleintjies broei eintlik voor geboorte in eiers binne hulle ma uit (ovovivipaar). Dis dalk die rede hoekom daar so baie pofadders is, want slangeiers is ’n gewilde happie vir talle ander diere.

Mite: Pofadders pik “agtertoe”. Dit sal maar moeilik wees, want die posisie van hul tande voor in hulle bek maak dit onmoontlik.

BOOMSLANG

(*DISPHOLIDUS TYPUS*)

Gif: Hemotoksies

Klassifikasie: Baie gevaarlik

Lengte: 1 m – 1,8 m

Voorkoms: Al die provinsies behalwe die Noord-Kaap en Vrystaat



Die boomslang is maklik herkenbaar aan sy oë – by verre die grootste van enige Afrika-slang. Jy sal hom maar selde op die grond vind. ’n Boomslang word nie baie oud nie, gemiddeld net agt jaar. Hy kan sy nek opblaas om groter te lyk wanneer hy bedreig word, maar gee vinnig pad as sy prooi groter as hy is. Sy tande sit agter in sy bek, maar dit keer hom nie om sekuur te kan byt nie – hy kan sy bek tot 170° rek!

Wanneer die slang prooi gewaar, word hy doodstil en beweeg sy kop stadig heen en weer om die boomtakte se beweging na te boots.

Sy gif is hemotoksies en veroorsaak interne en eksterne bloeding. Dit kan tot 24 uur neem voordat die slagoffer simptome ervaar, maar die teengif is redelik vrylik beskikbaar.

Interessante feit: Die manlike slange spog met helder kleure.

Mite: Die boomslang val uit bome op sy prooi.



SEKS, LEUENS EN SELFIES – WAT KINDERS MOET WEET

ROLSPELERS IN DIE ONDERWYS EN OUERS IS WARM ONDER DIE KRAAG OOR DIE NUWE VOORGESTELDE SEKSLEERPLAN. KENNERS WYS EGTER DAAROP DIS STEEDS EERDER OUERS SE VOORLIGTING WAT VER TEKORT SKIET ...

Die hele gedoente het met fopnuus begin. Eksplosie van illustrasies van sekstonele het soos 'n veldbrand in sosiale media versprei. “Ons sal moet opstaan, hierdie is uit 'n gr. 4-handboek vir volgende jaar,” skryf iemand by 'n foto van dié “handboek” waarin “making love” verduidelik word. In 'n illustrasie daarby kafoefel 'n man en vrou onder die lakens. Nog 'n gerug was dat kondome saam met skryfbehoeftes versprei gaan word.

In Mei 2019 berig die *Sunday Times* onderwerpe soos masturbasie gaan van gr. 4 af as “normatief” aangebied word. Dit het ouers en onderwysvakbonde, politieke partye en geloofsinsettings tot in hulle murg gesteur. Die departement van basiese onderwys het gesê die bewerings is van alle waarheid onthloot.

“Vals verslaggewing deur sommige media-organisasies en fopnuus het onnodige verwarring en angs veroorsaak,” sê

Elijah Mhlana, woordvoerder van die departement. Volgens hom word die bestaande *Comprehensive Sexuality Education* (CSE)-leerplan reeds die afgelope 20 jaar toegepas. Dit word deurlopend bygewerk en nuwe lesplanne, wat sedert 2015 ontwikkel is, word nou in vyf provinsies getoets.

Volgens die onderwysdepartement moet die kurrikulum aangepas word omdat tienerswangerskap toeneem en om MIV/vigs te bestry.

Die departement sê in 'n inligtingstuk CSE verseker leerders kry nie verwarrende en misleidende boodskappe oor seks, seksualiteit, geslag en verhoudings nie. “Dit bied wetenskaplik gegronde inligting, bou positiewe waardes en verhoudings wat jongmense in staat stel om die oorgang tot volwassenheid veilig te navigeer.

“Die kerndoel van CSE en die nuwe lesplanne is om



leerders te help om 'n begrip te ontwikkel van konsepte, inhoud, waardes en houdings om seksualiteit en seksuele gedrag en om 'n veilige en gesonde lewe te lei.”

NIE ALMAL GEKEN

Nie al die belanghebbendes in die onderwys is oortuig van die departement se goeie bedoelings nie. Politieke partye, geloofsgroepe en vakbonde soos die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) en Naptosa hou vol hulle is nie geraadpleeg nie.

Wynand Boshoff, woordvoerder van die Vryheidsfront Plus, sê: “Hoewel daar 'n paar positiewe aspekte van die inhoud is, vind die VF Plus die eksplisiete aard daarvan en die waardes wat voorgestaan word onaanvaarbaar.”

Basil Manuel, Naptosa se uitvoerende direkteur, sê die hele proses is “in geheimhouding gehul” en voeg by: “Naptosa aanvaar dat daar 'n behoefte is aan ouderdomsgepaste seksopvoeding. Maar totdat die departement die ordentlikheid het om Naptosa oor die aangeleentheid te raadpleeg, met die volledige openbaarmaking van die inhoud van die CSE, en totdat ons die gepaste ouderdomsinhoud kan verifieer, het ons geen ander keuse as om die inwerkingstelling daarvan te verwerp nie.”

Die SAOU sê in 'n verklaring hy “steun nie sekonderrig

nie, spesifiek nie eksplisiete seksopvoeding as teenmaatreël vir verantwoordelike seksualiteitsopvoeding [nie]”.

Paul Colditz, uitvoerende hoof van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas), sê “wye kritiek” is van Fedsas-lede ontvang. “Ons het dus op 'n vergadering versoek dat die inwerkingstelling van enige nuwe planne en inhoud gestaak word totdat die raadplegingsproses afgehandel is.”

Sekonderrig in skole moet met groot omsigtigheid benader word, sê Paul. “Die opvoedkundige aspek moet nie verlore gaan in die samestelling en aanbieding van die keuse van inhoud nie. Daarom is dit belangrik dat kundiges se mening ingewin word.”

Die departement het intussen erken hy het fouteer. In Januarie het hy in 'n vergadering met rolspelers onderneem om met hulle oorleg te pleeg voordat die wetsontwerp by die parlement ingedien word.

WIE SE TAAK IS DIT EINTLIK?

Ingevolge 'n witskrif wat die departement reeds in 1995 gepubliseer het, het ouers of voogde die primêre verantwoordelikheid vir die opvoeding van hulle kinders. Angie Motshekga, minister van basiese onderwys, het verlede jaar gesê ouers kan besluit of hul kinders CSE-klasse bywoon, mits hulle met 'n alternatiewe kurrikulum ►

vorendag kan kom wat aan die departement se vereistes voldoen.

Baie ouers voel dis hulle verantwoordelikheid om hulle kinders oor seks in te lig, maar Basil sê: “[Slegs] een uit 500 000 ouers gaan dit werklik doen. Maar dit help ook niks as die materiaal van só ’n aard is dat onderwysers ongemaklik voel om dit aan te bied nie. Dit moet verantwoordelik aangebied word.”

Dr. Arina Lanser, ’n opvoedkundige sielkundige, sê seks- en geslagsvoorligting behoort deurlopend reeds van geboorte plaas te vind. “Die ouer behoort ingelig te wees oor die ‘natuurlike’ fases van seksuele ontwikkeling by elke kind en dan voorligting of vrae deur die kind daarby aan te pas.”

Arina sê vakliteratuur dui verskeie fases van seksuele ontwikkeling by kinders aan en elke fase vereis sy eie soort voorligting of bewusmaking. “Dit is belangrik dat die ouer weet wat is ‘normaal’ en wanneër hulle sekere gedrag of vrae te wagte kan wees. Dit bevestig weer dat ouers van voorskoolse kinders die gepaste voorligting reeds in die gesin doen en voortgaan daarmee sodat die blootstelling aan die kurrikulum nie die eerste kennismaking daarmee is nie.”

Volgens Arina kan doelgerigte onderrig met behulp van boeke en DVD’s ingespan word, asook spontane gesprekvoering en bewusmaking. Dit is belangrik om kinders se vrae eerlik te beantwoord, maar ook noodsaaklik om eers vas te stel wat die kind reeds weet. “Wanneer die kind byvoorbeeld sê, ‘Waar kom ek vandaan?’ vra dan: ‘Waar dink jy kom jy vandaan?’”

Sy sê ouers kan ook voorbeelde uit die natuur gebruik, asook geleenthede wat opduik in flieks, TV-programme, by partytjies, in die klas en dies meer. “Waak teen oorreaksie op, en ongemaklikheid oor, die kind se vrae en gebruik humor sonder om die kind se vraag te minimaliseer.”

Dr. Franco Colin, ’n psigiater van Pretoria en lektor in psigiatrie aan die Universiteit van Pretoria, sê dit is noodsaaklik dat kinders van jongs af oor seks ingelig word, maar benadruk die manier waarop dit gedoen word moet “ouderdomsgepas” wees.

“Jy gaan nie ’n sewejarige leer van masturbasie nie, maar jy gaan meisies op die ouderdom van 12 of 13 jaar van menstruasie leer. In matriek leer jy hulle van seksuele problematiek.”

HULLE HÉT ’N PUNT BEET

Arina meen die departement kan nie kwalik geneem word vir sy voorgestelde kurrikulum as ’n mens die jongste statistieke in ag neem nie. “Tienerswangerskap het tussen April 2017 en Maart 2018 toegeneem. In hierdie tydperk was daar 117 010 gevalle, van wie 2 716 dogters tussen die ouderdom van 10 en 14 was.

“’n Derde van ons kinders ervaar seksuele geweld voor die ouderdom van 17. Eksperimentering met riskante

seksuele gedrag begin toenemend op ’n vroeër ouderdom, wat byvoorbeeld depressie en vatbaarheid vir geweld kan veroorsaak.”

Baie kinders begin al hoe vroeër seksueel ontwikkel en word seksueel misbruik.

Volgens Arina is die nuwe kurrikulum onder meer ’n poging om leerders met inligting te bemagtig. “Indien ’n kind byvoorbeeld seksueel misbruik word, kan die kind dit herken en rapporteer.”

Die bestaande lewensoriënteringskurrikulum dek onderwerpe soos seksuele misbruik, puberteit, fisieke en emosionele verandering, menstruasie, seksuele en voortplantingsgesondheid, voorbehoeding, seksueel oordraagbare siektes en MIV, asook tienerswangerskap. “Die voorgestelde kurrikulum is dus nie heeltemal ‘nuut’ nie,” benadruk Arina. “Wat ouers, onderwysers en ander belanghebbendes en rolspelers egter blyk te ontstel, is die meer eksplisiete detail en illustrasies wat in leermateriaal vervat gaan word.”

Hierdie “eksplisiete” illustrasies is nie dié wat steeds opspraak verwek nie. Elijah sê daar is ’n verskil tussen wat in sosiale media verskyn en dit wat in die departement se boekie vervat word. “Ouers word versoek om eers met die departement te skakel voordat hulle besluite neem op grond van inligting wat deur sekere organisasies en individue gepubliseer is.”

Volgens Arina kan wanopvattinge oor geslags- en seksuele ontwikkeling in latere verhoudings probleme met intimiteit veroorsaak. Sy sê ten spyte van die pleidooi dat ouers gepaste voorligting doen, is hulle skaam, bang, verbouereerd en weerstandig. “Sommige ouers koester ook die mite dat, as hulle reeds voorskools met die kind geslagsvoorligting doen, dit oormatige nuuskierigheid by die kind sal aanwakker.

“Baie ouers laat die verantwoordelik aan die skool oor. Onderwysers, daarenteen, voel dikwels nie opgewasse of genoegsaam opgelei om voor verskillende kultuurgroepe die voorligting te doen nie. Dit is dan juis die rede waarom baie kinders self begin eksperimenteer of by maats aanklop om antwoorde te kry.”

Dr. Brenda Hattingh, opvoedkundige sielkundige, sê die verantwoordelikheid lê by ouers én onderwysers. “Die taak van skole is om inligting en voorligting te gee. Die vorming van ’n gesonde seksualiteit lê by ouers.”

Indien die kind in sy of haar gesin reeds van ’n jong ouderdom openlik oor “moeilike” onderwerpe soos masturbasie, orale seks, pornografie en seksuele misbruik kan gesels, behoort die kind gereed te wees vir die inhoud van die kurrikulum, meen Arina. “Ouers moet aanvaar dat die lewensoriënteringskurrikulum verpligtend is tot gr. 12 en dat daar oor geslags- en seksaangeleenthede gepraat gaan word.” ♡

DEUR RIAAN GROBLER

Dis weer tyd vir Innibos!



Standard Bank

innibos
LAEVELD NASIONALE KUNSTEFEEES



Standard Bank

KkykNET

 94.2
jacarandafm




culture, sport & recreation
MPUMALANGA PROVINCE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Kaartjies beskikbaar by Computicket

Droomwerk WORD DOENWERK

OF JY JOU IN DIE GEWOEL VAN DIE STAD BEVIND OF DIE RUSTIGHEID VAN DIE PLATTELAND GENIET, DIE ATKV-TAKKE WERSKAF OOR DIE LAND HEEN ...



TUSSEN 450 EN 550 MENSE WOON ELKE JAAR DIE PASSIESPEL OP LADY GREY BY. FOTO: GAVIN ISTD

Die ATKV-takke is die hartklop van die ATKV en met amper 320 takke oor Suid-Afrika en Namibië heen maak doodgewone mense 'n reuse-verskil in hulle gemeenskap. Onder dié aktiewe taklede is kultuur 'n passie wat nie net by 'n hartsding bly nie, maar vinnig in doen-dinge verander.

Elke dag voeg ATKV-takke die daad by die woord met 'n program propvol aktiwiteite en projekte.

REG VIR DIE PASSIESPEL

Paasfees het op Lady Grey, soos op baie dorpe, begin om sy ware betekenis te verloor en was maar net nog 'n langnaweek. Die Lady Grey Kunste-akademie en die NG gemeente op die dorp het egter in 2002 besluit om Paasfees

sy regmatige plek terug te gee.

Volgens Hendrik Bekker, skoolhoof van die Lady Grey Kunste-akademie, wou hulle aan gesinne op die dorp 'n geleentheid gee om Paasfees te gedenk. Die Passiespel vind sedertdien oor drie dae plaas en is 'n reuse-sukses. Tussen 450 en 550 mense woon elke jaar die Passiespel by.

Die ATKV-jeugtak Lady Grey Kunste-akademie is volstoom by dié produksie betrokke. Baie van die kinders wat aan die jeugtak behoort, vertolk rolle in die Passiespel. Vanjaar sal Gertjan Holtzhausen, streeksbestuurder by die ATKV, die rol van Jesus vertolk.

“Ons is hard aan die oefen vir hierdie jaar se Passiespel,” sê Hendrik. “Die toneelgeselskap bestaan uit amper 200 mense, wat die koor en dansers insluit. Die tak gaan ook dié jaar die snoepie beman en onder meer die ATKV se



#weesdieverskil-armbandjies verkoop.

“Die atmosfeer van die Passiespel sluit so mooi aan by hierdie veldtog. Ons is baie opgewonde oor hierdie jaar se vertoning.”

KUNSTIGE RENOSTERS

Die lot van renosters kan nie geïgnoreer word nie en die ATKV-tak Cum Laude in Pretoria het besluit om skouer aan die wiel te sit om bewusmaking oor dié pragtige diere te skep.

Volgens Louis Reynders, voorsitter van die tak, sal die verlies van renosters en ander wilde diere nie net ’n invloed op die omgewing hê nie, maar ook op die land se ekonomie en gemeenskappe. “Lewende renosters is vir ons kinders, en hulle kinders, van meer waarde as renosters wat vir hulle slegs behoue sal bly as herinneringe op fotografiese afbeeldings.”

Die Renoster F-kalenderkompetisie wat Louis en sy span in 2019 van stapel gestuur het, was ’n reuse-sukses en het ’n pragtige kalender opgelewer. Leerders van oor die land heen is genooi om kunswerke van renosters in te skryf.

“Ons het pragtige kunswerke ontvang en die beoordelaars moes behoorlik kopkrap om 12 te kies om elke maand te verteenwoordig,” sê Louis. “In plaas van ’n week om te beoordeel het dit ’n maand gevat. Ons het 328 inskrywings van 28 skole ontvang. Daar het selfs ’n skool

ABIGAIL CULLEN, ’N GR. 5-LEERDER AAN DIE CAMBRIDGE ACADEMY IN WITBANK SE KUNSWERK WORD VIR DESEMBER IN DIE KALENDER GEBRUIK.



MELISSA VAN DER HEEVER, ’N GR. 10-LEERDER AAN DIE HOËRSKOOLOOS-MOOT, SE TREFFENDE UITBEELDING VAN ’N RENOSTER.

van Grootdrink in die Noord-Kaap ingeskryf.”

Die inskrywings vir 2020 se kompetisie is reeds oop en belangstellendes kan Louis kontak by 060 944 4410 of renosterf@atkv-cumlaude.co.za. Daar is ook steeds 2020-kalenders teen R60 stuk te koop. ►

'N UITREIK NA BOERE

Die ATKV-tak Comienzo in Randfontein het besluit nie klein gedroom toe hy besluit het om uit te reik na boere wat swaartrek weens die droogte nie. Wat begin het met een spontane telefoonoproep oor 'n vraag voer wat dié tak sou stuur, het geëindig by agt 34-ton-vragte met voer, 96 bokse eiers saam met elke vraag, "tanniepakkies" en kos.

Volgens Abri Erasmus, voorsitter van die tak, sou dit nie moontlik gewees het sonder die hulp en goedhartigheid van verskeie rolspelers nie.

"Ons het 'n telefoonoproep en 'n brief of twee ontvang om dankie te sê. Dit is hartverskeurend as 'n mens dit lees en die trane loop oor jou wange. Dink maar, 'n blikkie reukweerder, wat vir ons 'n kleinigheid is, is vir hulle 'n groot ding.

"Die Kalahari is 'n harde gebied. As een swaarkry, kry almal swaar. Deur dié aksie is die gemeenskap oor kleurgrense heen geseën."

Die tak het groot drome vir 2020: 'n kombesprojek; uitreike na 'n tehuis in sy omgewing; en vasbytsekkate vir onderwysers.



DIE ATKV-TAK COMIENZO HET NIE NET VOER GESTUUR NIE, MAAR OOK "TANNIEPAKKIES" VIR DIE BOERVROU.

Boerebruilof

Die waenhuis se balke het saam gepraat.
Toe oom Kiewiet die eerste hekkie kraak.
Die pater het sedig aan 'n kruik gesluk en
nog 'n slaapskeentjie in sy kies gedruk
penkoppies het buite op stersterde gewens
vir 'n aalmoes uit die liefde se spens
die meel gestrooi donkielongs asem in
Die dasse los toe die banjo begin
Tant Tiemie het nors na manlief gegluur
Toe hy en 'n muurbloem oor die dansbaan skuur
Saterdag tot middernag
Was opgevou vir 'n ander dag
Toe die tieners begin ogies maak
Was ooms en tannies skielik vaak
Die glase leeg en bittereinders laat
Het die bruid haar man pinkies gehaak
Oog geknip en weggeglip
Om hulle wittebrood se tassies op te pik
Maar op die stoep het duiwels gestaan
Met pangas en lope wat blink in die maan
Bruidgom moet vasgebind kyk
wat die diere doen met haar lyk
Toe die son ontwaak en die dou verdamp
Was al twee reg vir die grafplaas se sand
Stadsmens het die bloedfoto gesien
Omgeblaai en die sportgod gedien
Die trane word aanvaar met geduld
Want die judasboer op die radio sê:
"dis tog ons eie skuld".



LINKS: JESTINE DOURIES VAN DIE LAERSKOOLOLIFANTSFONTEIN IN CITRUSDAL HET DIE WENGEDIG GESKRYF IN DIE AFDELING VIR GR. 6- EN GR.7-LEERDERS.

DIG TEEN NEGATIWITEIT

Vir die ATKV-tak Durbanville is dit belangrik om 'n liefde vir Afrikaans onder leerders te kweek en wat 'n beter manier is daar as 'n poësiekompetisie? Dié tak se gedigtekompetiese word reeds die afgelope 22 jaar aangebied en gaan steeds van krag tot krag. In 2019 was die tema "#weesdieverskil".

"Ons word daagliks gekonfronteer met 'n Suid-Afrika wat op vele gebiede nie werk nie," sê Ronél Fourie van die tak. "Daar word steen en been om braaivleisvure gekla en vandag se kinders kan ook nie hierdie negatiewe ontsnap nie. Met hierdie jaar se tema wou ons die fokus verskuif van 'Hulle moet iets doen' na 'Wat kan ek doen om 'n verskil te maak?'"

Die kompetisiebesonderhede word aan 'n wye verskeidenheid skole, nie net Afrikaanse skole nie, gestuur. "Ons gee dus 'n skool waar Afrikaans die tweede taal is ook die geleentheid om deel te neem. Skole van so ver as Worcester en Caledon het ingeskryf."

Die wengedig in die afdeling vir leerders in gr. 6 en gr. 7, deur Jistine Douries van die Laerskool Olifantsfontein in Citrusdal "het ons hoendervleis gegee", sê Ronél.



VERLEDE JAAR HET 272 LEERDERS AAN DIE REDENAARSFEES DEELGENEEM.

FEES VAN REDENAARS

Een van die takke op die platteland wat nie stilsit nie, is die ATKV-tak Senekal.

Toe 'n verwoestende brand vroeg in 2019 Wuppertal in puin gelê het, het dié tak die koshuiskinders van Harmoniekoshuis van die Primêre Skool Senekal opgekommandeer om in te spring en hulle “koshuismaatjies” in 'n ander dorp te help.

“Ons het vir die kinders gesê hulle moet dink wat hulle elke dag by die koshuis nodig kry en dit dan insamel. Ons het 'n paar kratte Wuppertal toe geneem,” vertel Linda Brink, sekretaresse van die tak.

Nog 'n projek wat hulle na aan die hart lê, is 'n redenaarsfees.

“Dit is al die 18de jaar dat ons dit aanbied en by dié fees kry alle kinders die geleentheid om hulle sê te sê. Ons wil hê soos skole busse vol rugbyspelers aanry, moet hulle redenaars aanry. Kinders in elke graad kan deelneem en word dan aan 'n spesifieke vlak toegewys. Só sal 'n kind wat byvoorbeeld vir die eerste keer praat nie teen 'n meer gevorderde spreker deelneem nie. Benewens addisionele taalsprekers gee ons vir kinders die geleentheid om in Engels deel te neem.”

Verder ontferm die tak se lede hulle ook oor bejaardes. Van speletjies- en bederfdae tot 'n grootse poging om nuwe lewe in die ouetehuis se biblioteek te blaas, dié tak se hande staan vir niks verkeerd nie. ♡

DEUR REZA CLIFFORD



AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

Meer keuses vir


STUDIES IN AFRIKAANS

Aansoek vir studies in **2021** nou oop

Besoek www.akademia.ac.za, stuur 'n e-pos navrae@akademia.ac.za of WhatsApp ons by 0861 222 888.

NAUURSE MODEL
(bestaande)

VOLTYDSE TRADISIONELE KAMPUS
(nuwe)



'N TSOENAMI PLESIER ÉN KENNIS

LEES HOU DIE SLEUTEL TOT OPVOEDING EN BEMAGTIGING, VERAL AS JY TIEN KINDERBOEKE IN NET 'N HALWE DAG – EN TEEN 'N FRAKSIE VAN DIE GEWONE BEDRYFSKOSTE – KAN PUBLISEER ...

Dit het die Amerikaanse skrywer Margaret Mitchell tien jaar geneem om *Gone with the Wind* te publiseer. J.R.R. Tolkien het 17 jaar nodig gehad om sy epiese trilogie, *The Lord of The Rings*, te skryf en Michael Crichton het 20 jaar geswoeg om sy roman *Sphere* te voltooi.

Die ou gesegde lui dalk Rome is nie in 'n dag gebou nie, maar Suid-Afrika spog met 'n uitgewer wat ongeletterdheid en opvoeding op 'n eiesoortige manier pak: tien kinderboeke – in gedrukte formaat en digitaal – reg vir lees binne net 12 uur.

“Die boeke is prettig, pragtig en uiters bekostigbaar,” sê Dorette Louw, direkteur van die Kaapse uitgewer Book Dash, 'n organisasie sonder winsbejag. Hulle bring skeppende individue soos skrywers en illustreerders bymekaar om Afrika-storieboeke vir kinders in 'n kits te publiseer.

“Ons werk saam met verskeie vennote, soos geletterdheids-organisasies, om die boeke te vertaal, te druk en te versprei aan kinders en hulle ouers oor Suid-Afrika heen.”

In slegs vyf jaar het die Book Dash-span reeds meer as 600 000

boeke gedruk en versprei, 128 titels uitgegee en dit vertaal vir 'n aanlyn biblioteek van sowat 500 titels. Die boeke word onder 'n “oop” lisensie uitgegee, wat beteken enigeen kan hulle aflaai en druk, vertaal en illustreer.

“Ons visie is dat elke kind honderd boeke behoort te besit teen die tyd dat hy of sy vyf jaar oud is,” sê Dorette. “En kinders moet hulself in die stories en karakters kan sien en herken. Die visie is gegrond op internasionale navorsing wat toon boeke in die huis is net so 'n belangrike faktor in 'n kind se kans op akademiese sukses as die opvoedingsvlak van sy of haar ouers.”

Volgens haar toon statistieke 58% van Suid-Afrikaanse gesinne het nie 'n enkele boek in die huis nie. “Hierdie gebrek aan toegang tot boeke dra by tot die lae geletterdheidsvlak, wat die krisis in ons opvoedingstelsel onderlê. 'n Lae geletterdheidsvlak is 'n groot las op die ekonomie en gesaghebbende studies toon groter toegang tot boeke vir minder bevoorregte kinders is 'n goedkoop manier om dié probleem te hanteer.”

Volgens Dorette was dit die juiste rede vir Book Dash se stigting. “Tradisionele uitgewersmodelle is nie



'N GROEP UITLEGKUNSTENAARS, SKRYWERS EN PROEFLEERS DRUK BESIG OM 'N BOEK AANMEKAAR TE SLAAN. FOTO: ER LOMBARD



'N GROEP KINDERS VAN NCINCI ONE'S MONTES-SORI IN HOLE IN THE WALL IS IN EKSTASE OOR HULLE NUWE BOEKE. FOTO: DAWN BROCHENIN.

ontwerp om groot hoeveelhede bekostigbare boeke vir almal te skep nie. Dís waarom Book Dash die 12-uur-model ontwikkel het. Aangesien almal hulle tyd en vaardighede skenk, is die enigste werklike koste die drukkoste.”

Book Dash is in 2014 deur drie vriende in die uitgewersbedryf –



LEES IS PRET VIR OUD EN JONK.
HIER IS 'N OUPA WAT DIE BOOK
DASH BYGEWOON HET BESIG OM
VIR SY KLEINKIND TE LEES.
FOTO: VERSKAF

**“ONS VISIE IS DAT
ELKE KIND
HONDERD BOEKE
BEHOORT TE BESIT
TEEN DIE TYD DAT
HY OF SY VYF JAAR
OUD IS. EN KINDERS
MOET HULSELF IN
DIE STORIES EN
KARAKTERS KAN
SIEN EN HERKEN.”**

Arthur Atwell, Michelle Matthews en Tarryn-Anne Anderson – gestig. Hulle was gefrustreerd met die hoë koste van kinderboeke en het skrywers, illustreerders en uitlegkunstenars genooi om 12 uur van hul tyd te skenk om ’n nuwe kinderboek te maak. “Dit was ’n reusesukses en die Book Dash-model is sedertdien verfyn tot ’n geoliede masjien,” sê Dorette. “Ons begin ’n Book Dash-Saterdag met niks nie en 12 uur later het ons tien splinternuwe boeke.”

Book Dash het in Oktober 2019 in Johannesburg sy 14de werksessie gehou en nog tien lekkerleesboeke vir kinders die lig laat sien. Dié geleentheid staan veral uit vir Dorette omdat die borg, die Goethe-instituut, dit in ’n pan-Afrikaanse Book Dash omgeskep het.

“Hulle het 12 professionele, kreatiewe mense van oor Afrika heen gebring, sowel as twee Duitse kinderboekveterane. Die res van die deelnemers was van Suid-Afrika. Daar was meer as 600 aansoeke van oor die

kontinent heen om deel te neem, wat beteken het die Book Dash-span kon die room kies.

“In hierdie tye van onverdraagsaamheid en xenofobie was dit werklik kosbaar om in soveel kreatiewe harmonie te kon saamwerk. Daar was 11 nasionaliteite in dieselfde vertrek en almal was daar vir dieselfde doel: om gratis kinderboeke te maak om aan die wêreld te skenk.”

Dorette sê hulle korttermyn-doelwit is om teen die einde van 2020 een miljoen gedrukte boeke te versprei. “Ons is goed op pad na hierdie mylpaal met 660 000 boeke reeds in die hande van kinders. Ons wil ook nuwe verspreidingsroetes vir ons boeke verken, byvoorbeeld deur klinieke en ander instellings in die breë gesondheidsorgsektor. Ons gaan die land oorstrom met boeke vir alle kinders!” ♡

**Al Book Dash se titels kan gratis aanlyn gelees word by <https://bookdash.org/see/books/>.*

DEUR JACQUES MYBURGH

SPEEL-SPEEL 'N TAALGHOEROE

BETER AFRIKAANS IS 'N HULPMIDDEL WAT
JOU IN STAAT STEL OM JOU TAALKENNIS TE
TOETS EN TE VERBETER ...

Min dinge maak mense so warm onder die kraag as wanneer iemand hulle op verkeerde of swak taalgebruik wys. Dis amper of daar aan hulle menswees gekarring word. En tog, enigeen kan 'n fout begaan. Daardie gewraakte taalgogga kan maklik sy kop uitsteek en selfs topverkoperskrywers worstel soms met 'n taaltameletjie.

Word “onmiddellik” met twee d’s en een l gespel, of een d en twee l’e? Wanneer maak jy ’n aanmerking en wanneer ’n opmerking? Wanneer is dit twee woorde eerder as een? Is dit “huistoe” of “huis toe”?

Die taalreëls kan dikwels erge verwarring skep en daarby glo menige Afrikaans-gebruiker hy of sy weet in elk geval beter.

TAALSPELETJIES

Vir diegene wat trots op die korrekte gebruik van hulle taal is, bied Beter Afrikaans ’n nuttige – en prettige – uitweg. Dit is ’n gratis digitale speletjie wat Afrikaans-sprekers die afgelope vyf jaar reeds help om hulle taalvaardighede op te skerp. En hier’s die beste nuus: Beter Afrikaans is nou deel van die ATKV-aanbod nadat prof. Gerhard van Huyssteen, voorsitter van die Taalkommissie, dit aan die vereniging geskenk het.

“Die speletjie is geskoei op die immergewilde Nederlandse weergawe,

Beter Spellens, wat intussen tot verskeie ander soortgelyke speletjies gegroei het, waaronder Beter Duits, Beter Frans, Beter Spaans en selfs Beter Bybel – op die oomblik nog almal met Nederlandse teks en verduidelikings,” sê Milton Webber, redakteur van Beter Afrikaans.

Volgens hom het Gerhard vir Martin van Toll, skepper van Beter Spellens, genader om ’n Afrikaanse weergawe te skep. “Ek het redelik vroeg al betrokke geraak deur die kopie vir die webwerf te skryf oor die verskillende kategorieë en verduidelikings,” sê Milton. “Ek het egter nie die vroeë opgestel nie. Gerhard het eers self vroeë opgestel en toe later mense gekry om te help.

“Dis tóé dat ek weer betrokke geraak het. Ek het die vroeë aansienlik uitgebrei en standaardantwoorde vir elke soort vraag opgestel om die opstelling van vroeë te vergemaklik. Gerhard het later ook die kategorie woordsoorte – sy sterk punt – bygevoeg.”

Gebruikers kan óf op die webwerf beterafrikaans.co.za inteken óf die toepassing op hul slimfoon aflaai. Hulle ontvang elke dag ’n e-pos of ’n herinnering op hulle selfoon dat ’n nuwe “toets” beskikbaar is. Die toets bestaan uit vier vroeë en word op drie vaardigheidsvlakke aangebied. Saam met elke antwoord kry ’n mens die reël vir daardie antwoord. Vlak 1 is gemik op laerskoolleerders, vlak 2 op hoërskoolleerders en vlak 3 op mense

wat elke dag met geskrewe Afrikaans werk.

NOG UITBREIDINGS

“Die een ding wat Beter Afrikaans uniek maak,” sê Milton, “is dat ons ’n verklaring saam met die toets gee nadat die gebruiker die toets gedoen het. Sodoende leer gebruikers die taalreëls en hoe om soortgelyke vroeë in die toekoms te beantwoord. Dit is uitstekend vir die klaskamer.”

Nog ’n nuttige eienskap is dat gebruikers in groepe met mekaar kan meeding.

“Dit neem minder as twee minute om ’n toets te doen, wat beteken dat dit feitlik geen invloed op die daaglikse roetine het nie,” sê Milton. Hy meen danksy ruim skenkings is Beter Afrikaans die afgelope twee jaar aansienlik uitgebrei en dit word steeds gereeld bygewerk. Navrae deur gebruikers word ook tydig beantwoord. “Ons hanteer egter nie taalnavrae nie, maar enigiemand kan taalnavrae gratis aan die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) rig by viva-afrikaans.org.”

Hy sê Beter Afrikaans se nuwe tuiste by die ATKV bring nuwe moontlikhede mee. “Daar is veral eindelose moontlikhede om Beter Afrikaans in die onderwys te



“DIE EEN DING WAT BETER AFRIKAANS UNIEK MAAK, IS DAT ONS ’N VERKLARING SAAM MET DIE TOETS GEE NADAT DIE GEBRUIKER DIE TOETS GEDOEN HET. SODOENDE LEER GEBRUIKERS DIE TAALREËLS EN HOE OM SOORTGELYKE VRAE IN DIE TOEKOMS TE BEANTWOORD.”

inkorporeer. Ons sien uit na die nuwe samewerking. Daarmee saam kry VivA toegang tot die korpus vrae en gaan met die kwaliteitkontrolle help.”

Volgens Mandie Ehlers, projekorganiseerder by die ATKV, beplan hulle om hierdie jaar reeds aan ’n onderafdeling van Beter Afrikaans te werk. “’n Beter Afrikaans wat toeganklik is vir leerders en onderwysers op eerste-addisioneletaalvlak. Ons wil ’n platform skep wat onderwysers in hulle klaskamers kan gebruik. Ons wil ook graag ’n toepassing skep vir diegene wat Afrikaans van die begin af wil aanleer.”

Karien Brits, bestuurder: taal by die ATKV, sê Beter Afrikaans is nie die enigste manier om jou taalvaardighede op te skerp nie, maar dit is beslis een van die lekkerste. “Nie almal hou noodwendig daarvan om deur dik boeke te blaai en reëls te memoriseer nie. Dit is lekker om deur middel van ’n speletjie die belangrikste taalreëls te leer en dit boonop te kan toepas.” ♡

DEUR JACQUES MYBURGH



die 1944-kongres - die Nehemía-kongres.



Die oorspronklike drie verdiepings van die ATKV-gebou is op 1 Desember 1949 betrek. In 1958/59 is nog ses vlakke toegevoeg tot die gebou wat in die begin af 'n kulturele sentrum geword het.



Op die Spoorweë moes die ontwortelde landelike Afrikaner 'n nuwe identiteit skep. Die Spoorweë sy eie maak en hulle maak dit 'n kulturele sentrum.



DIE NEDERIGE GEBOORTE VAN 'N KULTUURREUS

DIE ATKV VIER VANJAAR SY 90STE VERJAARDAG EN *TAALGENOOT* HERBESOEK VAN DIE GROOTSTE OOMBLIKKE IN DIÉ ORGANISASIE SE BESTAAN. IN HIERDIE UITGAWE WORD DIE VERENIGING SE STIGTING EN EERSTE 25 JAAR AANGEDOEN ...

An die begin van die 20ste eeu was die Afrikaner nog hoofsaaklik 'n landbougemeenskap, maar toe hy hom ná die Eerste Wêreldoorlog toenemend na die stad begin wend, vind daar, soos die historikus A.P.J. van Rensburg dit stel, 'n "taalverwilderling" plaas. In die stad het Engels, sy lewenswyse en gebruike oorheers en die stadslewe het vir die meeste Afrikaners, hulle taal en hulle kultuur 'n bedreiging ingehou.

Afrikaners het hulle heil op groot skaal by die destydse Suid-Afrikaanse Spoorweë gevind en teen 1930 was ongeveer 50% van spoorwegpersoneel Afrikaanssprekend. Die bedryfstaal was egter steeds Engels en daar is teen Afrikaanssprekendes gediskrimineer, veral wanneer dit by bevordering kom. Die erkenning van Afrikaans as amptelike landstaal in 1925 het spoorwegwerkers die moed gegee om op gelyke behandeling aan te dring.

Onder die leiding van Sybie van der Spuy word die aanvoerwerk gedoen wat uiteindelik op die stigting van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging, op 19 Augustus 1930 in Kaapstad, uitloep. Die

stigters wou nie net Afrikaners leer om beter Afrikaans te praat nie, maar ook hulle Engelse kollegas in die spoorwegdiens. Die sing van "God Save the King" ter afsluiting van die stigtingsvergadering was volgens Sybie juis bedoel om Engelssprekendes welkom te laat voel.

ATKV-lede is aangemoedig om "suiwer Afrikaans te praat en anglismes uit die taal te verban" en om meer Afrikaans te lees sodat daar meer in Afrikaans geskryf kan word. Die eerste statute van die organisasie stel sy doelstellings onder meer soos volg: "Om die gebruik van Afrikaans binne sowel as buite die spoorwegdiens te bevorder en 'n lewendige belangstelling in Afrikaanse kuns en kultuur aan te kweek."

Die stigting van *Die Taalgenoot* in Desember 1931 as amptelike maandblad van die vereniging het verdere momentum aan taalbevordering gegee. Die eerste redakteur, Kosie Jacobs, noem destyds een van hulle doelstellings is om ook aan Engelssprekendes die geleentheid te gee om hulle kennis van Afrikaans uit te brei. Dit kan sekerlik as so reg in lyn met die

vereniging se #weesdieverskil-gesindheid in 2020 gesien word!

Die ATKV het van meet af aan sy stem dik gemaak. Daar is op die hoogste vlak beswaar aangeteken teen die verengelsing van stasiename, die miskenning van Afrikaans op treine en die swak vertaling van omsendbriewe. ATKV-takke op die platteland het selfs van onderwysers se dienste gebruik gemaak om vir hulle lede Afrikaans-klasse aan te bied.

DIE KLOPPER-ERA

In 1933 wou dit voorkom of die organisasie se voortbestaan deur die vorming van die Spoorbond bedreig word wat as personeelvereniging vir spoorwegwerkers sou optree. Die ATKV het verkies om slegs taal en kultuur te bevorder en baie lede is aan die Spoorbond afgestaan.

Die man wat die leiding met die ATKV se herskikking sou neem, was Henning Klopper, en hy het hom vir groter samewerking met ander Afrikaanse kultuurorganisasies beywer. Die ATKV het sy fokus verskuif: van 'n klem op teenstand teen die miskenning van die taal tot die bevordering van 'n volks-



**"OM DIE GEBRUIK VAN
AFRIKAANS BINNE SOWEL AS
BUITE DIE SPOORWEGDIENS TE
BEVORDER EN 'N LEWENDIGE
BELANGSTELLING IN
AFRIKAANSE KUNS EN
KULTUUR AAN TE KWEK."**

● Natalia, 'n platform waar die Afrikaanse spoorwegman sy Afrikaansheid kan uitleef.

beweging onder Afrikaners landwyd.

Een van die hoogtepunte in die "Klopper-era" was die leiding wat die ATKV in die simboliese Ossewatrek in 1938 geneem het, asook by die inwyding van die Voortrekkermonument in 1949. In aanloop tot laasgenoemde was die ATKV se boodskap dat hy hom steeds daarvoor sou beywer om Afrikaans ampshalwe en spontaan in die vervoerwese te praat, te lees en te skryf; om die taal se regte te handhaaf; sy skoonheid te gebruik; en sy nut op elke vlak van die samelewing uit te bou.

Van Rensburg is van mening Klopper het ATKV-lede besiel om die Afrikanerkultuur as deel van 'n strewe na Afrikanernasionalisme te handhaaf. Die taal is dus gebruik om nasietrots te bevorder. Ene mev. Malherbe, 'n LV, het byvoorbeeld in 1934, in 'n toespraak op die vyfde ATKV-kongres, die spoorwegmense beskryf as die "uitverkorenes wat die

vaandel van kultuur moet dra".

Volgens haar moes lede oral waar hulle kom die taal suiwer praat om nasietrots te bou.

In die daaropvolgende jaar is daar op die sesde jaarkongres gevra vir geld vir die aankoop van Afrikaanse leesstof en dat Afrikaanse kunstenaars en skrywers beter gesteun word. Lede is ook aangemoedig tot taalstudie. In 1944 het die uitvoerende raad besluit Afrikaans as moedertaal moet planmatig beskerm word. Dit het die inrig van "leessale" ingesluit wat ten minste alle Afrikaanse tydskrifte sou bevat. Ook Afrikaanse boeke en Africana sou aangekoop word.

Aan die vooraand van die nuwe politieke bedeling wat Suid-Afrika se koers in 1948 onherroeplik sou verander, het die uitvoerende raad van die kongres opdrag gekry om "middele te vind waardeur die Afrikaanse taal en gedagte in die geleedere van die nie-blanke ingedra

kon word as bydrae tot beter rasseverhoudinge".

Met die aanbreek van die vereniging se kwarteeufees in 1955 kon hy terugkyk op talle suksesvolle pogings om Afrikaans nie net te handhaaf nie, maar ook te bevorder. In die toekoms sou die ATKV se belangrikste uitdagings uit 'n veranderende staatkundige en sosio-ekonomiese omgewing vloei. ♡

DEUR EVELYN D. FERREIRA

BRONNE

Kok, F.J. *Die taak van kultuurorganisasies in minderheidskultuurgroepe met besondere verwysing na die ATKV* Van Rensburg, A.P.J. *Monumentaal die bouwerke ... 'n halfeeu op die voorpos - die verhaal van die ontstaan, groei en prestasies van die ATKV* (SAS en H)

Landgoed Hartenbos, aangekoop 16 November 19



en van die bekende ou gastehuse in die dertigerjare.




• Die "Ou Museum" - die geboutjie wat die eerste b kultuurhistoriese stukke bevat.



3. Sp. V
+ Spl

$$2x^3 + 8^4 + 4 = 245x$$



$$x - y = z$$

$$x^2 + y^2 + 4z =$$

$$\frac{1}{6} v (s_1 + 4s_2 + s_3)$$

cdp

$$5 \times 5 = 25$$

55

$$Bx^2 = 0$$

$$k_a \cdot k_a \cdot k_a$$

$$48 - 3$$

$$S = \frac{a \cdot v}{2}$$

$$\begin{aligned} \mathcal{T}(x) &= \sum \frac{M(n)}{n} \pi(x^{\frac{1}{n}}) \\ &= \pi(x) - \frac{1}{2} \pi(x^{\frac{1}{2}}) - \frac{1}{3} \pi(x^{\frac{1}{3}}) \\ &\quad + \frac{1}{6} \pi(x^{\frac{1}{6}}) \end{aligned}$$

((e^{-ve}

SPEEL-SPEEL

WORD WISKUNDE MAKLIK

'N WISKUNDEPROGRAM WAT KINDERS SPRING-SPRING EN KLAP-KLAP VAN GETALLE LEER, KLINK MOS OF DIT PRET VAN SOMME KAN MAAK ...

Dink aan jou grootste sportheld. Iemand soos Ernie Els het nie met 'n vloeiende en moeitelose swaai van die gholfstok uit die kraamsaal gestap nie. Die verpleegsters het hom nie spontaan “The Big Easy” gedoop nie. Hy moes duisende ure op die oefenbof en gholfbaan deurbring om sy reputasie te verwerf.

Net só moet wiskunde gedóén word om bemeester te kan word. Daarom het Vriende van Afrikaans (VVA), 'n divisie van die ATKV, 'n opleidingskursus vir onderwysers aangebied waar die leerkragte letterlik vir die syfers gesweet het. Die VVA het die opvoeders by die Olympia-vaardigheidsskool in George in sy unieke Doen en Leer-wiskundeprogram touwys gemaak.

HERHALING DIE SLEUTEL

“Wiskunde het volgens kenners eintlik min met syfers te doen en moet in sy geheel verstaan word,” verduidelik Chareldine van der Merwe, die VVA se projekbestuurder. “Vanweë ons sukses met die Doen en Leer-leesprogram – waarin ons in 2019 meer as honderd leesondersteunings-opvoeders opgelei het – is ons versoeke om ook met wiskunde te kom help.”

Volgens Nicolette van den Heever, koördineerder van die Doen en Leer-program, leer geen kind op dieselfde manier nie. Beweging is eintlik 'n kind se “eerste taal”.

“Interne en eksterne faktore maak dat elkeen van die leerders in jou klas unieke talente, vaardighede, behoeftes, uitdagings en leervoerkeure het,” sê sy. “Die natuur se bloudruk van ontwikkeling is egter 'n maatstaf wat ons as onderwysers deurlopend by al ons leerders kan waarneem.”

Hulle benadering is om kinders die geleentheid te gee om wiskunde speel-speel en met al hulle sintuie te bemeester. “Navorsing toon die meeste leerders wat formele onderrig betree, is op motoriese en posturale vlak onderontwikkel. Dr. Sally Goddard [’n kenner in kinderonwikkeling] maak die stelling dat die beste en doeltreffendste leer slegs plaasvind wanneer neurologiese gereedheid en leergereedheid saam ontwikkel.”

Nicolette meen die brein hou van gekontroleerde en herhaalde hoë-intensiteiteverrigings. Volgens haar toon Goddard se navorsing op die gebied herhaling hou die sleutel tot effektiewe leer en vaslegging.

“Net só is beweging ons eerste taal. Navorsing toon die getal repetisies wat nodig is dat leer kan plaasvind, daal van 40 tot tien wanneer dit speel-speel gebeur. Die aanleer van taal en wiskunde in die Doen en Leer-program geskied met beweging en spel, en ontwikkeling en leer vind holisties plaas. Met ander woorde, die hele lyf en al die leermodaliteite is betrokke.”

Nicolette en haar span maak van 'n lewensgrootte getalleglyn gebruik waarop leerders wiskundige begrippe en getalgebied en -begrip kan oefen, “amper soos 'n reuse-hopspeel”.

“Ons inkorporeer ritme, wat nodig is vir lees en wiskunde, en stimuleer balans en die vestibulêre stelsel wat nodig is vir hoër kognitiewe denkprosesse. Getalgebied word byvoorbeeld met ruimtelike oriëntasie en balans gekombineer omdat die leerder vyf treë moet gee tot op die getal vyf. Die opvoeder of ouer vra dan: Voor watter getal kom vyf? Ná watter getal kom vyf? En tussen watter getalle staan vyf?”

“Die leerder het vyf treë gegee, vyf keer geklap terwyl hy getreë het en hardop getel. Repetisie het dus gelyktydig op verskillende sensoriese en motoriese vlakke plaasgevind. Sy balans, ruimtelike oriëntasie en motoriese beplanning word ontwikkel.”

“Deur ontwikkeling en interaksie met beweging en die ruimte om die kind word konneksies gevorm wat tot hoër denke en funksies lei. In kort, deur te spring, rol, loop, ritmies te klap en ander motoriese bewegings en stimulasie word die basis van formele leer in taal en wiskunde gelê.”

Volgens Chareldine wil hulle die program ook in ander dele van die land aanbied. “Indien ons versoeke word, sal ons dit definitief aanbied om opvoeders en leerders te steun om die uitdagings en vrese om wiskunde te hanteer,” sê sy.


Nicolette se raad aan ouers is kort en kragtig: Speel met jou kinders. “Hoe rowwer hoe beter. Stoei en rol en spring. Klap hande, sing en sê rympties. Loop kaalvoet, klim boom en jaag skoendlappers. Gebruik Doen en Leer se repeterende en maklike, gekontroleerde metodes speel-speel en vir effektiewe leer.”

Kontak Chareldine van der Merwe by 021 880 1761 of chareldinev@atkv.vva.org.za vir meer inligting. ♡

DEUR JACQUES MYBURGH

NUUT OP DIE RAK


Van Londen se donker strate tot Antwerpen se diamantebeurs, van Port Nolloth se verlate kuslyn tot speuradjutant Storm van der Merwe se geliefde Hermanus, ontvou die storie in Irna van Zyl se derde misdaadroman teen 'n sneltrein se pas.



Nou ook 'n
luisterboek



Toe Maryke, 'n jong hipnoterapeut, 'n kwak wat gehore kamma hipnotiseer probeer ontmasker, skud iets in haar onderbewuste los. Het dit te doen met die inbraak tydens haar matriekjaar? Wat is dit wat sy vergeet het? Maar die bedreiging is nie net in Maryke se kop nie: Dis duidelik dat iemand haar dophou. Iemand wat enigiets sal doen – miskien selfs sal moor – om seker te maak sy onthou.



'n Menseslagter is los in Colesberg. Kan verslaggewer Anje Bruwer en kaptein Siegfried Scholtz keer dat die slagter nog 'n lewe wreed in 'n bloederige swartsak verpak?
Die afloerder is 'n sielkundige riller so koud en donker as kan kom.



Ná 'n lewe in die skadu's neem 'n man stelling in, rewolwer in die hand, om sy allerlaaste misdaad te pleeg. In André Krüger se aangrypende roman oor familie, verraad en wraak voer een man 'n uiterste stryd teen sy lotsbestemming.



Die brief wat Theresa tussen haar eksman Theo se besittings ná sy dood ontdek, skeur haar lewe oop. Die brief is deur 'n Kubaanse soldaat aan sy kind geskryf – iemand wat, indien hy of sy nog leef, nou minstens veertig jaar oud sal wees.

Theresa weet sy moet Kuba toe: om die soldaat se kind te soek, om die brief te besorg, om boete te doen vir Theo se dade en vir haar eie onkunde.

**NOU BESIKBAAR BY BOEKWINKELS
LANDWYD EN AANLYN.**

Ook beskikbaar as e-boeke.

www.penguinrandomhouse.co.za



Penguin
Random House
South Africa



vrystaat

KUNSTEFEEES
ARTS FESTIVAL
TSA-BOTJHABA

20

Ons vier ons 20^{ste} jaar
en hou fees soos nog
nooit van te vore nie!

2020

29 JUNIE
- 5 JULIE
Bloemfontein

Kunstemark: 30 Jun - 4 Jul

f www.facebook.com/vrystaatkunstefees
t VSkunstefees @vrystaat_kunstefees

www.vrystaatkunstefees.co.za

**Een fees.
Baie stories.**

Teater

Musiek

Literatuurfees


Vrynge-fees

Lewende kuns

Filmfees

Visuele kuns

Kunstemark



DIE WOORDE VAN SÁÁM HOORT

AFRIKAANS IS OOK DIE TAAL VAN DIE STRUGGLE EN VAN VERSOENING, SOOS DIE
BRUIN STEMME IN 'N NUWE BOEK DIT ONOMWONDE STEL ...

Een ding is seker: Afrikaans is 'n taal van verskeidenheid. Of jy nou in die strate van Malmesbury na die plaaslike inwoners se bry- en rasperklike luister of in die Moot na die kroegvlieë wat neffens 'n lang glas bier oor vrou, kinders en die krieket kla.

Afrikaans is nie 'n hierjy-mat wat jy by die Chinese supermark koop nie; eerder is dit 'n tapisserie. Die taal kan so ingewikkeld soos sy sprekers en hulle geskiedenis wees. En elkeen bring sy of haar identiteit na die weef tafel.

Dankie aan Adam

“Alle Afrikaans-sprekers is eintlik een groot familie,” sê prof. Michael le Cordeur van die Universiteit Stellenbosch se departement opvoedkunde. “Deur ons taal te vier kan ons ook ons nuutgevonde vryheid en ons toekomstige eenheid vier.”

Michael en prof. Wannie Carstens, taalkundige en emeritus professor aan die Noordwes-Universiteit, het die boek *Ons kom van vêr: Bydraes oor bruin Afrikaanssprekendes se rol in die ontwikkeling van Afrikaans* saamgestel. Dit bevat opstelle waarin die bruin gemeenskap van sy betrokkenheid by die stryd teen apartheid vertel en die rol wat Afrikaans daarin gespeel het. Volgens Michael is die boek aan Adam Small opgedra en 'n foto van die digter pryk ook op die voorblad.

“Ek en Wannie is al vir baie jare vriende, 'n vriendskap wat begin het toe ons die Afrikaanse Taalraad in 2008 gestig het. Ons het lank gepraat oor die kwessie dat bruin

mense se geskiedenis ondervteenwoordig is in die literatuur en wou 'n publikasie skep om dit reg te stel. Ek was bevriend met prof. Adam Small en ons wou iets skep wat hom sou vereer.

“Dis ons manier van dankie sê aan 'n ikoon wat nie eens vir die Hertzogprys sy beginsels prysgegee het nie. Sy invloed loop soos 'n goue draad regdeur die boek en bind die 36 hoofstukke saam.”

Michael sê daar is 'n algemene wanopvatting dat bruin mense se stem oor Afrikaans nog altyd stil was. “Dit is eerder 'n geval van redakteurs wat nie bruin mense se menings wil plaas nie, veral as die mening van die hoofstroommedia verskil. Ek het gevolglik meningsvormers in die bruin gemeenskap genader en gevra om hulle mening oor Afrikaans te skryf, asook oor sake soos politiek, godsdiens, kultuur en sport.”


Insiggewende bydraes

Ons kom van vêr bevat werke deur 'n wye spektrum bruin Afrikaners. Dit onderstreep die feit dat bruin mense se verhouding met Afrikaans teruggaan tot die grondlegging van die Kaap in die 17de eeu, toe die eerste slawe hier aangekom het.

In die inleidende hoofstuk bied Rosalie, Small se vrou, 'n intieme blik op die digter en dramaturg. “Sy deel kosbare oomblikke oor Small se gewoontes en die gedigte wat hom na aan die hart gelê het, veral oor die tyd toe hy in ballingskap was en niemand mooi geweet het wat in die digter se lewe aangegaan het nie,” vertel Michael.

Basil Kivedo, certydse MK-soldaat, later Worcester se

"EK HET GEVOLGLIK MENINGSVORMERS IN DIE BRUIN GEMEENSKAP GENADER EN GEVRA OM HUL MENING OOR AFRIKAANS TE SKRYF, ASOOK OOR SAKE SOOS POLITIEK, GODSDIENS, KULTUUR EN SPORT."



PROF. MICHAEL LE CORDEUR

burgemeester en deesdae DA-LP, vertel in sy verhaal hoe hy sy vrou en kinders moes agterlaat om vir geregtigheid te baklei: "Ons is in Afrikaans gemartel, maar ons het ook in Afrikaans teruggeveg en baklei vir ons vryheid."

Die storie deur Datima Allie oor wat Afrikaans, en

veral Kaaps, vir haar en ander Moslems beteken, lê Michael besonder na aan die hart. "Dit is dalk die eerste hoofstuk in 'n akademiese boek wat volledig in Kaaps geskryf is. Dit bied ook 'n kykie op die lewe en godsdienste van Moslems en beeld hul liefde vir hul taal en hul geliefde Bo-Kaap uit."

Volgens Michael is die boek nie net 'n viering van bruin mense se liefde vir Afrikaans nie, maar dit bied ook 'n lekkerleeservaring.

"Daar is stories oor identiteit, die kerk, die struggle, kleurvolle karakters, 'n bruin Mej. Suid-Afrika en haar pyn en hartseer. Daar is ook verhale oor die Universiteit van Wes-Kaapland, die enigste universiteit vir bruin mense tydens die apartheidsjare, en ons uitsluiting uit die kunste, soos by die Nico Malan-teater."

In dieselfde asem meen hy die boek kan ook 'n brugbouer wees. "Ons almal hoort saam," sê hy.

"Ons almal strewe vir die behoud van ons taal en ons kultuur. Ons kom immers van ver af saam – saam aan die Kaap, saam die binneland in en saam die nuwe Suid-Afrika in." 🌿

DEUR JACQUES MYBURGH

FOTO'S: VERSKAF

IN SUID-AFRIKA IS ELKE BEGRAFNIS ANDERS...

Maar elkeen begin op dieselfde manier ...
met 'n oproep.

Bel heel eerste vir AVBOB by **0861 28 26 21**
#DieNommerOmTeHou



Ons is hier vir jou

VOLTOOI EN WEN

SMS TG BLOKRAAI <VERSTEEKTE WOORD> en jou naam, van en posadres na 44131. Die kompetisie sluit 30 Junie 2020. Drie lesers staan die kans om hierdie twee boeke van LAPA Uitgewers ter waarde van R620 te wen.

LEIDRAAD: Groot roofvoël of skoolbesoekbeampte wat stokkies-draaiers aankeer.



Hy mag mense trou	Teenstrydig	Opgekropte, ou haat		Hand-langer	Konser-veer	Moese-lien	Teks-boodskap	Genees-kunde		Plooi	Selfver-worwe	Sopie	Albumen		Geagte	Sonder bedrog	Ribonu-kleinsuur
Ierse Republikeinse Leër				Namibië				12:00					Weeklaag				
Die hoogste kwaliteit				Lang steunstok				Ook Eurasië									
							Van goeie inbors	Uil		Temper-mes							Duo
Bepaal-des		Grof of verweer			Fyn vere					Tswana					Atstand wat gery word		
Kaalkop		Slot-monoloë	Verkoop-kontrak		Flou word							Teen-	SA Weermag	Dampf-Kraft Wagen			
				Soms ook -iek				Verouderd vir murg	Habakuk 1002					Gewrig		Lawaai opskop	
Opknop of moderniseer								Diaken se baadjie							7de musieknoop		
Gewyde Maria-beeld					Blus			Reeks gebeure in boek							Gril		
Beletsel-teken					Myn-toegang		Afrikaans	Dialek-woorde-boeke									
					Bog			Weersin	Musiek se Lloyd Webber		Spyt wees			Mono-			
Dwerge					Nadink					100 jaar			Klein anker				
Gaps																	
Lans	Provinsie	Akker-borne		Bolvormig	Rabarber, rape en radyse									Water-massas	Geesdrif		Uitmaak
					Oefening	Ná April	Slot			Bepalende lidwoord			Makro-				
Wortel-stok							Titel					Vermoënd					
Dr.							Mej. of mev.					Gemene deler					
				In die geheim			Ontvang						Rumoer maak				
Tweewiel-resiese op sand																	

Verskaf deur XWord

Besoek <https://www.atkv.org.za> in Junie 2020 vir die oplossing.

DIE ONDIER VAN TRAUMA

DEUR KOOS KOMBUIS

Desperaatheid dryf 'n mens soms om dinge te doen waaraan jy nie onder normale omstandighede sou gedink het nie. Vanweë 'n sameloop van omstandighede het ek en my gesin onlangs 'n plek besoek waar ek my donkerste tye deurgemaak het.

Dis nie hoe ons dié uitstappie gemotiveer het nie. My vrou wou 'n restaurant op die proef stel in 'n deel van Kaapstad waar ons nie gewoonlik kom nie. Ek het ingestem, want, het ek aangevoer, ek wou 'n rubriek skryf om te vertel hoe Distrik Ses deesdae daarna uitsien. In my onderbewussyn het ek geweet daar is meer. Die ware redes waarom my hart my soontoe geroep het, was versluier agter duistere motiewe.

Kort tevore het ek 'n paar boeke in ene Brandon Bays se *Journey*-reeks gelees. Sy meen 'n mens moet jou nie vernuwe deur negatiewe emosies te onderdruk nie, maar hulle juis ten volle ervaar. Sodoende kan jy hopelik uitkom by die oorsaak van jou ongemak. Daar was 'n stadium in my jeug toe ek werkloos en brandarm in Kaapstad se strate geswerf het. Verslaaf aan allerhande middels, omring deur twyfelagtige vriende en blootgestel aan die harde lewe tussen bendes en misdadigers.

Die restaurant waar my vrou bespreek het, heet heel gepas The Belly of the Beast. Dit is geleë iewers aan die onderpunt van Distrik Ses, 'n deel van die stad wat ek dikwels tydens my omswerwinge aangedoen het. In die ou tyd het ek daardie strate met honger, eensaamheid en vrees vereenselwig. Hierdie keer sou ons by die venster sit en uitkyk op die nagstrate, terwyl ons weglê

aan 'n verstommende negegang-maaltyd.

Ons het ons kinders by Kunstekaap afgelaai om na 'n teaterstuk te gaan kyk en na die restaurant gaan soek. Net om parkeerplek te kry was reeds 'n nagmerrie en hoewel daar oral vriendelike karwagte was, is ek betrek deur vrees en diepgaande angs. Dit was onmoontlik om hierdie emosies aan my vrou te kommunikeer, want ek wou nie haar uitstappie bederf nie.

Deur die loop van die aand, terwyl ons geëet en gedrink het, het my oë deur die venster na buite

gedwaal. In 'n stegie oorkant die straat het 'n reusagtige rot met 'n lang stert tussen vullishouers rondgeskarrel.

Maar hoe langer ek na die strate gekyk het, hoe minder het ek die lelike raakgesien.

“Waarna kyk jy só?” wou my vrou weet.

“Daardie ou geboue oorkant die straat,” het ek gesê. “Kyk na die baksteentjies waarmee dit gebou is. Dis soos die ou geboue wat ons gesien het toe ons in Amsterdam was.”

“Ja,” het sy gesê, “dis soos iets uit 'n ander deel van die wêreld. Dit laat my dink aan sekere skilderye deur Vermeer. Hy het graag sulke strate en geboue geskilder.”

Teen die einde van die ete was my vrese besweer. Ek het soos 'n nuwe mens gevoel (dalk ook omdat die rekening heel bekostigbaar was). Dit was die moeite werd om my angs te konfronteer en in die oë te kyk. Uiteindelik kon ek daardie hoofstuk in my lewe afsluit en die slegte herinneringe met 'n stel gelukkige oomblikke vervang. ♡

“DAAR WAS 'N STADIUM
IN MY JEUG TOE EK
WERKLOOS EN BRANDARM
IN KAAPSTAD SE STRATE
GESWERF HET. VERSLAAF
AAN ALLERHANDE
MIDDELS. OMRING DEUR
TWYFELAGTIGE VRIENDE
EN BLOOTGESTEL AAN DIE
HARDE LEWE TUSSEN
BENDES EN MISDADIGERS.”

‘ZWELIHLE’ – PRAGTIGE PLEK

DEUR MALIXOLE GWATYU

“D ie hoofpad deur Suid-Afrika se bekendste walvisdorp is weer oopgestel nadat betogings in dié kusdorp opgevlam het,” lui die inleiding van ’n nuusberig twee jaar gelede. Die R43 is die slagaar na Hermanus se hart – ’n plekkie wat tussen die berg en see opgevou lê. Die betogers, wat lank reeds op hulle eie “huisie by die see” aandrings, het geweet: As jy die hoofaar afsny, sal die hart gaan staan. Hermanus is tot stilstand geruk.

Die digter H.A. Fagan moes iets geweet het van die intense hunkering na en vreugde van ’n eie rusplekkie by die see, want hy skryf onder meer in “Ek het ’n huisie by die see”:

*Ek hoor die winde huil – ’n kreun, ’n klag
soos van verlore siele in hul nood
al dwalend, klagend, wat in graf en dood
geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag*

En in sy slotvers praat hy van hoop en vreugde:

*Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
dit is ’n rots waarop my huisie staan.*

’n Klipgooi van die betogersbrandpunt is daar ’n begraafplaas. Dit is onmisbaar, want die hoë, wit mure en afgeleefde bome vertel ’n eie storie. Daar rus honderde “gevonden” en “verloren” siele, onder wie ’n plaaswerker wat eens sy hande-arbeid van plaas tot plaas verkoop het. Nie ver van die Mount Pleasant-begraafplaas nie was daar ’n bekende snoepwinkel, Uitkyk, wat mettertyd gesloop is om plek vir ’n groot kettinggroep se winkel te maak. Ons het gereeld van die destydse hoenderplaas oorkant die pad na die winkel gestap om daar uit te hang en geldjies vir *sweets* te bedel. Die plaas moes sedertdien plek maak vir ’n luukse eiendomsontwikkeling

– en dit was die laaste plek waar daardie plaaswerker sy arbeid verkoop het. Hy het in Zwelihle – die township op die land se skouer, maar buite sig van die diep, blou water – afgetree. Dit is juis dié kwessie wat die betogers op die plaaslike agenda wou plaas.

Die werker was ’n plaasmens, ’n veeliefhebber, in murg en been. Sy liefde vir boerdery het geen perke geken nie. As kaalvoetkinders het ons soms tussen die bloekombome deur en op stofpaaie saam met hom geloop op soek na ’n verdwaalde kalfie of net om te kyk hoe hy ’n platgetrapte heining herstel.

Al wat ons van water geken het, was ’n plaasdam of ’n vlei. Dit was juis by ’n dam dat die noodlot ons getref het toe my bababroer gly en in die water beland. Ek kon nie swem nie en het gehardloop om hulp te gaan soek. Ten spyte van die wet van die land, wat ’n geestelike muur tussen landgenote wou bou, het ubuntu geseëvier en my broer is gered. Ons werkgewer se vrou, ’n ma van drie kinders, het

nie geskroom om te help nie.

“Plaas” is deesdae ’n politiek gelaaide term of woord. Dit het aas vir politici en leunstoelkenners geword. Dit is die nuwe lens waardeur grond beskou word – grond in wit besit.

Nieteenstaande al die uitdagings, en veral die behoefte aan grondverdeling, is dit die verhoudings op Suid-Afrikaanse plase wat die toekoms gaan bepaal.

Dambile, of Charlie, soos hy later herdoop is, se lewe het van Oos-Kaapse kommunale boer tot mynwerker, plaaswerker en later tuinwerker in die voorstede van Hermanus geloop. Op die ouderdom van 70 het hy sy huisie by die see tussen ’n menigte plakkershutte gebou en hy is vier jaar later daar dood. Die Zwelihle wat hy agtergelaat het, bars uit sy nate; elkeen soek ’n huisie by die see. ♡

“HY HET IN
ZWELIHLE – DIE
TOWNSHIP OP DIE
LAND SE SKOUER,
MAAR BUITE SIG VAN
DIE DIEP, BLOU
WATER – AFGETREE.”

SKERPER AS RISSIES

DEUR FOURIE ROSSOUW

Steven het altyd op dieselfde plek gesit, soos mense van 'n sekere ouderdom geneig is om in die kerk te doen. Maar hy het lank nie meer sy voete in die kerk gesit nie. Steven se “kerk” was my ma se tuisnywerheid. Dáár het hy haar toegelaat om hom die leviëte voor te lees, terwyl sy hom op 'n plattelandse plaasontbyt trakteer.

Steven het onder haar swaar hand en wakende oog gedy. Al sou hy dit nie openlik erken nie, het hy 'n roskam net so nodig gehad soos die ekstra porsie wat sy gereeld vir hom opgedis het. Sy lewensweg totdat hy uiteindelik in my ma se tuisnywerheid tot stilstand gekom het, was 'n sinkplaatpad in 'n ou plaasbakkie sonder remme. Dit was nie nodig dat hy enigiets sê nie. Teen die tyd dat sy pad met my ma s'n gekruis het, was sy woorde reeds op, maar die lyne op sy gesig, die kankervlekke op sy hande en die sakkie rooi brandrissies wat hy altyd by hom gehad het, het namens hom “gepraat”.

My ma vertel hy wou vir 'n lang tyd nie in die winkel eet nie. Die eerste keer toe hy daar aankom, het hy gevra of dit in orde sal wees as hy in sy bakkie sit en eet. Sy het ingestem en só word Steven haar enigste klant wat 'n “wegneemete” kry – op 'n skinkbord, kompleet met 'n lapservet en eetgerei. Dit het só aangehou totdat sy liefde vir bodemlose koffie die oorhand gekry het.

Nadat hy die soveelste keer na die winkel se landlyn gebel het om vir 'n *refill* te vra, het my ma haar voet dwars neergesit. As hy soos 'n goeie klant behandel wil word, moet hy soos die res van haar klante by 'n tafel

kom sit. Verrassend genoeg het Steven sonder teëpraat ingestem. Die volgende Saterdag het hy, gewapen met sy sakkie rissies en die Engelse koerant, sy plek in die verste hoekie ingeneem.

Dalk die vreemdste ding van Steven was dat hy, ongeag die geurigheid van my ma se kos, nie daaraan sou raak voordat hy nie 'n paar van sy rissies bygevoeg het nie. “I grow them myself and they burn like hell,” sou hy met trots sê wanneer hy daarna gevra word.

Ons sou van die kombuis loer hoe hy met sy knipmes 'n bloedrooi rissie opkerf en dit oor sy ontbyt sprinkel. Dalk was dit sy manier van boetedoening of 'n poging om weer iets te voel ná jare se probeer vergeet. Die skinderstorie was dat hy 'n geneigdheid gehad het om brûe te verbrand – totdat selfs sy eie mense hom afgeskryf het. Teen die tyd dat sy dogter en haar man na Engeland verhuis het, was dit

reeds jare sedert hy enige kontak met hulle gehad het.

Een Saterdagoggend bly Steven se hoekie leeg en só ook die daaropvolgende klompie Saterdag.

Ná 'n maand het die nuus uiteindelik die tuisnywerheid bereik: Die kankervlekke op sy hande was erger as wat hy laat blyk het. Toe sy dogter daarvan hoor, het sy hom laat kom om sy laaste dae by sy kleinkinders deur te bring.

Nie lank daarna nie lewer die posman 'n poskaart by die tuisnywerheid af. Dis 'n foto van 'n Londen-brug en agterop 'n inskrywing in die handskrif van iemand wat dekades laas 'n brief geskryf het: “Your cooking never needed any chillies and these days I don't too.” ♣

“TEEN DIE TYD DAT SY PAD
MET MY MA S'N GEKRUIS
HET, WAS SY WOORDE
REEDS OP, MAAR DIE LYNE OP
SY GESIG, DIE
KANKERVLEKKE OP SY
HANDE EN DIE SAKKIE ROOI
BRANDRISSIES HET NAMENS
HOM “GEPRAAT.”



via.

DStv-kanaal 147

VIA -

onopgesmuk, oulik en oorspronklik

www

viatv.co.za



VIATV



viatv

TAAALGENOOT

